

DIE ADVERTENSIE

Frederick Johannes Muller | MLLFRE005

A dissertation (novel) submitted in partial fulfillment of the requirements for the award of the Degree of a Masters of Creative Writing.

Faculty of the Humanities

University of Cape Town

2015

COMPULSORY DECLARATION

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

Signature: FJ Muller

Date: 6 November 2015

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

1.

Hy het net 'n bietjie te vinnig gery. Die bok het van nêrens uit die bosse geskiet. Instinktief het hy die remme platgetrap en onmiddellik besef dat hy 'n fout gemaak het. Die agterwiele van die Jeep het omgekom en die kar horisontaal in die pad gegooi. Toe steek dit vas, en begin als om hom draai. Sy ruit was oop en sy veiligheidsgordel het los teen sy arm geklap. Met die tweede rotasie was hy halfpad by die ruit uit en met die afkoms slag was hy tussen die grondpad en dak van die voertuig. Hy het niks gevoel nie, net geruk.

Later, in die agtermiddag, het hy bewus geraak van sy eie asemhaling. Nie oortuigend nie, maar tog daar. En vir 'n hele ruk het hy net so bly lê en luister na die lug wat in en uit by sy mond vloei. Bloed het in sy ore geklop. En toe hy sy oë oopmaak, besef hy hy lê met sy gesig in die grond. Aan die ander kant van die pad het die Jeep op sy dak gelê. Hy wou sy hande in die grond druk om homself regop te stoot, maar niks wou beweeg nie. So, toe bly hy maar net daar lê met sy gesig in die grond en kyk na die pad wat vir kilometers en kilometers nog aanhou totdat dit tussen die koppe verdwyn. Hy is nie presies seker hoe ver hy op die pad uitgery het nie, maar hy weet dat hy meer as 'n uur gelede enige tekens van beskawing gesien het.

Behalwe vir die klop van sy kop, het hy geen pyn gevoel nie; hy het immers niks gevoel nie. En vir die eerste keer in 'n baie lang ruk, kon hy stil raak en ontspan en net wees. En hy het net so bly lê, in die middel van die pad, en nie geskree of om hulp geroep nie, maar net bly lê en staar na die horison en geluister na sy eie asemhaling, want dis al wat hy kon doen en al wat hy wou doen.

Heelwat later het die klippe in die pad begin skaduwees gooi en die insekte ophou raas in die bosse en iewers agter hom het die son gesak. En eers toe, met die koms van donker, het sy foon vir die eerste keer gelui. En hy kon nie die skerm sien nie, maar hy het geweet wie dit is wat bel. En hy was bly hy kon nie antwoord nie.

2.

Die ouditorium raak stil. Iewers agter, anderkant die toe deure, het mense nog by die kroeg gelag, maar hulle is ook nou stil. Op die verhoog handig 'n jong dame in 'n aandrok met 'n lae hals die koevert oor aan die seremoniemeester. Dit is hulle derde nominasie van die aand, en hulle het nog niks gewen nie. Op die skerms verskyn die gesigte van die finaliste. Syne regs onder. Sy hande sweet. Om hom sit die elite van die Afrikaanse advertensiebedryf. Sy oë soek deur die tafels na die ander genomineerdes.

Die seremoniemeester trek sy baadjie reg. "En die finaliste vir beste skeppende hoof in Afrikaans is: Frans Naudé van DraftFCB..."

Heel voor in die ouditorium sien hy vir Frans. Middeljarig, kaalkop, arrogant. Hy sit tussen die ander ou FCB-manne met hul grys hare en oorgroot knoophemde. Langs elk sit jong dames in aandrokke en hoë hakke.

"Chris Kuhn van BBDO Kaapstad . . ."

Chris, sy vorige skeppende hoof, sit twee tafels links van Frans. Sy blondekop vrou langs hom is vyf maande swanger. Chris knik en vryf met sy hand oor die netjies geskeerde baard van sy ken, asof hy klaar weet wie met die louere gaan wegstap.

"James Olivier van Ogilvy Johannesburg . . ."

James is 'n paar tafels vorentoe, met 'n glas whisky in die hand. Hy sit die glas neer en klap vir homself hande.

"En die nuweling in vanaand se nominasies vir beste skeppende hoof in Afrikaans, Luka van Jaarsveld, van die agentskap Die Ambassadeur."

'n Paar mense klap hande, baie kyk om in die rigting van hul tafel, waar hulle in die middel, agter, sit, saam met die res van die hoopvolles. Tussen die jong kopieskrywers en ontwerpers, vars uit die advertensieskole van Johannesburg en Kaapstad, in vaal rokkies en baadjies vanuit 'n vorige generasie, gekoop by die Salvation Army of by hul voorouers geleen. In die jongmense om hulle se oë is die brandende begeerte om ook op te beweeg, vorentoe te beweeg en naam te maak en toekennings te wen. 'n Jaar gelede was Luka nog tussen hulle, deel van hulle, een van hulle. Net so naïef en net so opgewonde. Maar hierdie jaar is dit anders. Vanaand sweet sy palms. Alles waarvoor hy die afgelope jaar gewerk het, als wat hy gebou het, kom neer op vanaand en op hierdie toekenning.

"En die toekenning vir beste skeppende hoof gaan aan . . ."

Almal hou asem op. Sommige leun selfs vorentoe. Luka vee sy handpalms af aan sy noupassende houtskool pak. Hy ken die gevoel alte goed: die onsekerheid wat soos kewers deur jou are hardloop en 'n leë gat deur jou buik vreet.

Die seremoniemeester skeur die koevert oop, maak sy keel skoon. “En die wenner is niemand anders nie as, die tweemalige Prestige-toekenningswenner van BBDO Kaapstad, Chris Kuhn.”

Die musiek begin speel, ligte flikker, en almal staan op in die vals handeklap. Chris draai na die gehoor, maak 'n selftevrede buiging, draai dan terug na die verhoog en drafstap met die trappe op om sy toekenning te ontvang.

Die lug ontsnap uit Luka se longe. Hy staan op, klap hande saam met die res van die gehoor.

Marno klop hom op die skouer. "Moenie sleg voel nie. Ons is nog nie eens twee jaar oud nie en ons het klaar drie nominasies vanaand ontvang, volgende jaar maak ons leeg hierso."

By die after-party bestel Marno sjampanje vir almal. “Vanaand gaan ons party tot ons kots óf tot Alé saam met my huis toe gaan,” lag hy, terwyl hy die kurk van die sjampanjebottel losdraai en in Alé se rigting skiet.

Die hele agentskap, al vyf van hulle, staan om Marno en lag. Hy is kort en stocky gebou en sy baadjie span styf om sy bo-arms terwyl hy die glase vol skink en aanstuur. Die eerste glas word gegee vir Jannes Smit, hul illustreerder en grafiese ontwerper. Hy is oorspronklik van Durbanville, maar die Weskus vloei deur sy bloed. Op naweke kamp en surf en spear-fish hy, maar deur die week bly hy in die stad. Op sy linkerarm is daar 'n tatoeëermerk van 'n anker met die woord *Weskus*. Die volgende glas word aangestuur na Jean du Plessis, wat in beheer is van produksies en ook baie van hul kopieskryfwerk doen. Jake Heart is nog nie een-en-twintig nie, maar is in beheer van alle film- en redigeerwerk wat hulle by die agentskap doen. En Alé Pretorius is van die noordelike voorstede en het tot en met 'n paar dae gelede nog by een van die ander groot digitale agentskappe in die stad gewerk. Luka het haar aangestel om te help met projektebestuur en navorsing.

Soos dit 'n goeie account manager betaam, wat weet hoe om sy stem te laat hoor, lig Marno sy glas: "Op Luka, die beste skeppende hoof in die land. Volgende jaar vat ons al die toekennings huis toe."

Almal cheers, glase klink, sjampanje mors.

Alé stap effe verleidelik oor na Marno. Hy vat haar glas en maak dit weer vol. “Kom rook saam met my buite,” sê sy.

Marno gooi die laaste bietjie van die sjampanje uit in sy glas en sit die leë bottel op die kroegtoonbank neer.

Hulle stap verby die ontwerpers, kopieskrywers en kliëntebestuurders van die ander Johannesburg- en Kaapstad-agentskappe; almal ook besig om shots te drink en fees te vier. Hulle gaan staan buite, by die ingang van die saal.

Alé haal 'n pakkie sigarette uit haar handsak. "Het jy vir my 'n light?" vra sy en hou die pakkie na hom uit.

Hy neem 'n sigaret en graawe in sy broeksak vir sy lighter. Hy steek haar sigaret aan en sy trek in. Die kool gloei dieporanje.

“Hoe doen hy dit?” vra Alé.

“Hoe doen wie, wat?” Marno sukkel met die lighter om syne ook aangesteek te kry en vat Alé se sigaret uit haar mond en steek syne met die brandende kool aan.

Alé vat haar sigaret terug en beduie daarmee in die rigting van Luka wat binne op 'n leerbank gaan sit het. “Hoe kry hy dit reg om letterlik alles te kan doen: veldtogte konseptualiseer, ontwerp, kopieskryf, televisie-advertensies vervaardig en terselfdertyd 'n hele maatskappy bestuur? En die beste van als is, dit lyk asof niks vir hom eintlik eens 'n uitdaging is nie.”

Marno vat 'n trek aan sy sigaret terwyl hy in Luka se rigting kyk. Twee jong kopieskrywers van 'n ander agentskap het weerskante van hom kom sit op die bank.

“Om eerlik met jou te wees, ek weet nie. Ek dink sy grootste uitdaging is om homself te forseer om te gaan slaap,” grinnik Marno. "As hy nie hoef te geslaap het nie, sou hy regdeur aanhou. Dit is soms asof iets onsigbaar hom dryf, soos 'n dier op sy rug." Marno vat nog 'n trek aan sy sigaret.

Die twee kopieskrywers lag vir iets wat Luka gesê het. Die een sit haar hand op sy been. Hy kyk ongemerk daarna en vervolg dan met dit waaroor hy gesels het met die ander een.

“Sy ouers ken seker al die regte mense en rol seker in die geld, dat hy al voor dertig sy eie agentskap kan hê? Ek bedoel mens begin tog nie sommer net 'n ad agency nie.”

Marno vat 'n laaste trek van sy sigaret, gooi dit op die grond en trap dit dood. Hy draai na Alé. Haar bruin hare hang los, amper deurmekaar, oor haar skouers en is

dieselfde kleur as haar aandrok wat tot net onder haar knieë kom. "Genoeg van Luka. Vertel my meer van Alé."

"Wat wil jy hoor?"

"Hoekom het jy die job by ons gevat? Ek is seker die ander agentskap het jou baie meer aangebied?"

"Nie veel meer nie," lag sy. "Die vorige agentskap waar ek gewerk het, is onlangs oorgekoop deur Publicis. Van toe af is alles super corporate. Jy moet inklok en uitklok, en as jy vyf minute te lank op lunch is, dan kry jy 'n waarskuwing, sulke tipe goed. Ek weet nie. Toe ek kom vir die onderhoud by julle, kon ek voel daar is 'n energie in die lug wat jy nie by die ander groot agentskappe kry nie; asof daar by julle iets groot aan die kom is. Ek weet nie wat dit is nie, maar ek wil daar wees wanneer dit gebeur."

Marno lag. "So, met ander woorde, Luka het jou gecharm?"

"Whatever." Alé glimlag sku en kyk vlugtig in die rigting van die leerbank waar Luka gesit het, maar hy is weg. Die twee kopieskrywers ook. "Kom ons gaan in."

Binne het die partytjie handuit geruk. Van die manne spring op en af op die dansvloer met dasse om hul koppe gebind. Meisies dans met hul rokke hoog opgetrek. Shots word gegooi. Dubbels geskink.

"Kan ek vir jou nog iets kry om te drink?"

"Nee, ek is reg dankie. Ek dink ek gaan gaan."

"So vroeg al?"

"Ons moet werk môre."

"Niemand gaan môre werk nie."

Alé lag. "Ek wil nie in my eerste week gefire word nie."

Marno knik. "Wel, ek gaan nog party."

"Sien jou môre."

Marno gee vir Alé 'n druk en stap oor na die res van die manne.

Alé waai vir hulle en stap uit.

In die parkeerterrein loop Alé vir Luka raak waar hy besig om is om sy Jeep oop te sluit. "Jy is nog hier?" vra sy wankelrig op haar hoë hakke. "Gaan jy nou huis toe?"

Luka kyk vraend op. "Ek is op pad kantoor toe."

"Dié tyd van die aand?"

"Daar is 'n Chinese gesegde wat sê: If a man works hard, the land will not be lazy."

'n Groep jonges kom laggend by die ingang van die ouditorium uitgestap. Een laat val 'n glas. Vir 'n oomblik is alles stil, dan bars hulle weer uit van die lag.

"Is daar iets waarmee ek kan help? Ek gee nie om om saam te kom nie."

Nog voor hy kan antwoord.

"Ek bedoel, dis nou as jy wil hê ek moet?"

Hy huiwer amper. "Dis nie nodig nie."

Sy stamel effe op haar onvaste voet. "Moenie te hard werk nie, né." En begin in haar handsak grawe vir haar sleutels.

Luka knik en klim in sy kar en trek weg.

Die half-gerestoureerde gebou in Houtstraat rus salig in die laatnag. Luka sluit die deure onder oop, stap in en sluit dan weer die deure agter hom. Die trappe na die vyfde verdieping is half verlig met lig wat by die vensters inspoel. Die hysbak word nog met die hand beheer – die laaste een in Kaapstad – maar die operateur gaan halfses huis toe, so na-ure moet die trappe gevat word. Hy begin klim. Op die vyfde verdieping maak hy sy das en boonste knoop los, terwyl hy stap na die deur waarop in groot swart letters staan, *Die Ambassadeur*. Hy sluit oop.

Binne is die agentskap deurmekaar en stil. Hy stap oor die houtvloere, verby trestle-tafels en afgeskakelde rekenaars, na sy kantoor. Teen die mure is grafiese ontwerpe en prints van veldtogte waarop hulle gewerk het. In sy kantoor is die blindings opgetrek en die lig lê in 'n streep oor sy lessenaar. Hy gaan sit op die stoel agter sy lessenaar en asem uit. 'n Asem van diep agter in sy bors, vanwaar die lug moet uitkruip by sy longe en op by sy keel om by sy mond uit te ontsnap. Hy blaas uit, maar steeds is die kewers in sy bloed. Buite lê die geboue soos leë grafte teen die nag. Tydelik, net vir 'n oomblik, raas alles weer. Sy gesig op die skerm. Die geklap van die hande. Sy oë fokus op die glas van die venster wat uitkyk na buite. Maar ook nie. Hy sien weer die ander gesigte op die skerms in die ouditorium. Hy sien weer Chris se selftevrede buiging na die gehoor en hoe hy daarna opstap by die verhoog en sy toekenning omhoog lig. Die konfetti, handeklap en ligte. En dan sien hy deur die glas. Dit is 'n jaar terug. En hy is weer by BBDO.

3.

Deur die glas sien hy hulle almal in die raadskamer. Chris, die skeppende hoof met sy hande in die lug, besig om te verduidelik, besig om hul kliënte van die supermarkgroep op te sweep.

"Hoekom laat hulle ons altyd buite wag?" vra die grafiese ontwerper langs Luka. Op Luka se skoot is 'n lêer met hul voorlegging in. Die twee sit langs mekaar, buite, op harde blou stoele en staar na die ander binne die raadskamer.

"Dis hoe dit werk. Eendag gaan jy ook dat die kopieskrywers en ontwerpers buite wag terwyl jy al die krediet kry vir hul werk."

Een van die kliënte druk 'n knoppie op die interkomstelsel in die middel van die direksietafel. Chris knik vir die twee buite.

"Kom, staan op. Ons moet ingaan," sê die ontwerper.

Luka se selfoon lui. Hy haal dit uit sy sak en sit dit op silent.

"Is jy gereed?"

"Ja, ja."

Die foon lui weer. Hy haal dit weer uit sy sak. "Hou net gou aan." Hy antwoord: "Hi Ma." Luka gee die lêer vir die ontwerper aan. "Hou gou vas," en stap 'n paar treë weg.

'n Teedame kom aangestap met 'n skinkbord vol koppies. Luka is steeds in die hoek met die foon teen sy oor. Sy klop aan die deur van die raadskamer en gaan in.

Luka se stemtoon is dringend gedemp.

Die teedame kom met die skinkbord leeg uit. "Julle kan ingaan."

Luka sit die foon neer.

"Jy lyk bleek. Als reg?" vra die ontwerper.

Luka sit die foon in sy sak, kyk na die raadskamer, en bly vir 'n oomblik staan. Hy haal dan weer die foon uit sy sak om seker te maak dat dit op silent is en sit dit dan weer terug. "Als is reg. Kom ons gaan."

Hulle maak die glasdeure van die raadskamer oop. Binne groet almal en skud hand.

Chris staan op. "Soos ek gesê het, ons het 'n ongelooflike veldtog vir julle bymekaargesit vir vandag. Luka, sal julle asseblief die gedrukte voorlegging uitpak, dan kan ek hulle deur ons dinkwerk neem."

Luka knik en pak saam met die ontwerper die voorlegging uit, terwyl Chris die glasdeure agter hulle toemaak en begin.

'n Uur later stap Chris, die grafiese ontwerper en Luka die agentskap binne.

"Goeie werk, manne," sê Chris, terwyl hy afdraai na sy kantore. "Die direkteure gaan baie beïndruk wees."

Luka en die grafiese ontwerper knik en stap reguit aan na die kreatiewe afdeling van die agentskap.

"Welgedaan, die kliënte het dit gelove," sê die ontwerper.

Hulle stap die kreatiewe afdeling binne. Alles is glas en wit met silwer rekenaars. Teen die muur is daar 'n witbord met produksie-skedules en sperdatums. Agter die lessenaars sit kopieskrywers en grafiese ontwerpers twee-twee in spanne en werk aan veldtogte met televisie-advertensies, radio-advertensies, aanlyn-veldtogte en meer. Een van die meisies staan op toe sy hulle sien inkom.

"Hoe het dit gegaan?"

"Sold," sê die grafiese ontwerper.

"Julle weet dié veldtog van julle gaan vir seker toekennings inpalm."

"Dit was als Luka gewees. Ek het maar net die prentjies geteken."

Luka glimlag bedees en skud sy kop. "Dis nie waar nie." Hy gaan sit by sy lessenaar. "Jy het elke aand saam met my laat gewerk."

"Kom ons gaan kry koffie," sê die meisie. "Ek wil als hoor."

"Kom jy saam?" vra die ontwerper.

Luka skud sy kop. "Nee, dankie. Ek het nog werk om te doen." En hy skuif voor sy rekenaar in.

Die meisie en die ontwerper stap in die rigting van die kombuis.

Luka haal sy foon uit sy sak, kyk vir 'n oomblik daarna en sit dit dan weer terug. Hy skakel sy rekenaar aan.

Teen sewe-uur die aand begin dit buite skemer raak en ligte gaan aan in die kantoorblokke oorkant die pad. Die agentskap is amper leeg. Hier en daar is daar nog iemand wat by hul lessenaar sit en werk. Luka is egter alleen in die kreatiewe afdeling. Vanaf die agentskap se kroeg kom daar 'n gelag van 'n paar van sy kollegas wat bier drink. Op die boonste vloer is daar ook nog ligte aan in van die kantore in die kliëntediensafdeling. Luka haal 'n flash disk uit sy sak en druk dit by sy rekenaar in.

Weer die gelag vanaf die kroeg. Hy kyk op en om hom rond. Dan kliek hy op die agentskap se hoof-server en begin copy.

Later is die flash disk vol. Hy grawe in sy sak, op soek na nog een. Daar is niks. Hy staan op. Stap na die kas aan die oorkant van die kreatiewe afdeling en haal 'n pak DVD's uit. Hy neem een.

Hy gaan terug na sy rekenaar. Sit dit in. En begin burn.

Een van die ontwerpers kom in die gang afgestap met 'n bier in haar hand.

"Jy werk laat. 'n Klomp van ons is op pad uit. Daar speel 'n band vanaand in Harringtonstraat. Kom saam met ons."

Sy rekenaar maak 'n geraas en die DVD skuif uit. Sy kyk daarna en frons. Luka haal die DVD uit en staan daarmee in sy hand. "Ek kan nie vanaand nie. Moet nog 'n paar goed afhandel."

"Dis jammer." Sy stap oor na haar lessenaar, tel haar sak op en stap terug in die gang af na die groep by die kroeg.

Hy sit die DVD in 'n houër en bêre dit saam met die flash disk in sy sak. Hy leun terug in sy stoel en kyk by die venster uit. Die ligte in die kantore oorkant is steeds aan, maar daar is niemand binne nie. Hy draai terug na die studio voor hom. Teen die mure is daar kleuruitdrukke van veldtogte waarop hy gewerk het. Op die ander lessenaars om hom lê daar penne en papiere en job bags van veldtogte wat nog kom en ontwikkel moet word. Teen die rekenaars is daar geel papiernotas met boodskappe op van goed wat onthou moet word, en nommers van drukkers en produksiemaatskappye en meer. Hy laat sak die blindings langs hom en skakel sy rekenaar af.

Buite is die lug koeler as wat hy gedink het en hy druk sy hande in sy sakke en stap na sy motor in die parkeerarea. Vir 'n ruk sit hy in sy motor. Dan skakel hy die enjin aan, sit dit in reverse, trek uit, en ry uit onderdeur die valhekke by die uitgang.

Hy sluit die deur van sy woonstel oop, skakel nie die ligte aan nie, en maak die deur agter hom toe. Toe hy parkeer het onder, het hy twee bergies agter die vullisdromme op mekaar hoor skree. Hy stap deur na die sitkamer en skuif die een kant van die gordyn effens weg. Onder in die straat skel die twee nog op mekaar in 'n poel geel straatlig. Een van die dromme is oop en die vrou het 'n halwe bottel rooiwijn in die hand. Die man probeer dit by haar afvat. Hy gryp na die bottel, maar sy ruk weg. Hy gryp weer. En weer ruk sy weg en skel. Hy duik oor na haar en sy hand vang haar

hemp. Sy ruk weg en die hemp skeur voor oop. Sy het nie 'n bra aan nie en 'n vaalbruin tiet val uit. Sy vloek, maar maak nie toe nie, slaan net na die man met haar een los hand, terwyl die ander hand die bottel van hom af weg hou. Die man val tussen die dromme in en bly daar lê, terwyl die vrou met die bottel en die oop hemp in die pad afstap. Later staan die man op en begin deur van die ander vullisdromme krap. Vir 'n ruk bly Luka voor die ruit staan. Dan stap hy na die kombuis. Hy draai die kraan oop en drink water uit die bak van sy hand. Hy maak die yskas oop, maar daar is nie veel in nie. Hy kyk in die kas en haal 'n pak soutbeskuitjies uit en stap terug na die venster. Die man is steeds besig om deur die swartsakke te grawe. Stil staan Luka en eet terwyl hy vir die man onder kyk. Later maak die man die dromme toe, skree iets in die pad af, en stap in dieselfde rigting waarin die vrou gestap het. Vir 'n tyd lank bly Luka nog daar staan. Dan haal hy sy foon uit sy sak en bel sy ouers. Hulle praat vir 'n tydjie, dan sit hy die foon neer en gaan haal sy laptop.

Iewers in die nag skrik hy wakker op die bank. Hy het gedroom van 'n Sondagmiddagetee saam met die familie. Die son het geskyn en dit was warm en hulle het buite onder koeltebome piekniek gehou en sy broer was ook daar. En toe uit die mandjies het hulle in plaas van brode en hamme en kase, borde vol geroeste spykers en ysters en draad opgeskep. En hulle het almal daarvan geëet asof daar niks mee fout was nie. En die binnekante van hul monde het gebloei en in die agtergrond het hy 'n huis op die heuwel sien staan en brand.

Toe hy opstaan was daar 'n krapperigheid in sy keel en sy laptop was nog aan. 'n Geel tungsten-lig het ingeskeur by die gleuf tussen die gordyne. Nie blou maanlig nie. En hy het weer onthou waar hy is. Hy druk die laptop toe en stap na die venster. Buite staan die dromme nog oop, maar die straat is stil. Hy gaan kombuis toe. Iets in die badkamer trek sy aandag. Hy stap nader. Daar is iets binne. Hy stap in en sien homself in die refleksie. Hy stap nader tot amper teen die spieël en staar in die oë van die persoon voor hom. Voor hom is 'n mensliggaam met menshare en mensoë en mensmond. 'n Liggaam. Sy liggaam. En niks meer nie.

Die volgende oggend stap hy vroeg by BBDO se kantoor in. Behalwe vir die ontvangsdame en 'n paar wat die vroegoggendverkeer wil mis, is die groot agentskap leeg. Hy gaan na sy rekenaar en druk die brief uit wat hy die vorige aand getik het.

Halftien, na die oggend se status meeting, stap hy na Chris, sy skeppende hoof, se kantoor. Hy klop aan die deur en stap in.

"Hi Chris, het jy 'n minuut?"

"Nou is nie 'n goeie tyd nie."

"Dis dringend."

Chris sit sy pen neer. "Wat is dit?"

"Ek bedank. Hiermee my bedankingsbrief." Luka stap in en sit die brief op sy lessenaar neer.

Chris neem dit. "Dis 'n grap, né?" Hy vou die brief oop en lees. Hy leun terug in sy stoel. "Jy gee dan nie eers 'n rede nie."

"Watter verskil sal dit maak?"

"Dit maak 'n verskil vir my. Het jy 'n beter aanbod iewers anders gekry? Watter agentskap is dit?"

Luka kyk net vir hom.

"So, jy gaan nie vir my sê nie. En daar is niks wat ek kan doen wat sal maak dat jy van plan verander nie? Ek sien al die goeie werk wat jy doen. Jy mik al lank vir die senior kopieskrywersposisie."

"Dankie, maar my besluit is finaal."

"Jy is ernstig."

"Doodernstig."

Chris sit die brief op sy lessenaar neer, staan op en stap na die venster. Hy bly vir 'n ruk daar staan. Dan draai hy om. Sy oë vernou. Hy bestudeer Luka. "Jy wil vir my sê dat ons jou nou al vir drie jaar oplei, tyd en energie op jou spandeer, geld in jou belê, en nou gaan jy net? Sonder rede? Sonder verskoning?" 'n Aar teen sy nek bult. "Jy weet ons is een van die grootste, beste agentskappe in die land. Ons is deel van 'n internasionale groep met kantore regoor die wêreld. Ander kopieskrywers sal wát gee vir die geleenthede wat ons jou bied. En nou wals jy sommer net hier in en sê vir my jy bedánk. En jy wil nie eens vir my 'n rede gee nie. Wie dink jy is jy?" Chris vee die speeksel van sy mond af met die agterkant van sy hand.

"Ek gaan my eie agentskap begin."

Chris frons. Lag dan. "Wat?"

"Hierdie is 'n mors van my tyd. Wat lê voor vir my hier? Senior kopieskrywer, dan deputy creative director, dan as ek lucky is kry ek oor agt of tien jaar jou job. Wie kan so lank wag? Teen daardie tyd het jy my al leeg getap en al my idees as jou eie voorgelê."

"Dis hoe dit werk. Ons betaal jou, jy gee vir ons idees."

"Wel, ek's fokken klaar met dit. Ek sal my laaste maand uitwerk, soos per my kontrak. Julle jul geregtigde tyd gee."

Chris kyk hard na hom. Sy bo-lip trek effens op oor sy tande tot 'n vuil glimlag. "Na alles wat ons vir jou gegee het . . . Ons geregtigde tyd . . ." Hy spoeg amper die woorde uit. "Dit sal nie nodig wees nie. Jy kan sommer nou jou goed vat en fokof."

4.

'n Telefoon lui.

Dit is 'n jaar later. Die klank dring tot diep in Luka se bestaan.

Sy nek is styf en sy kop lê skuins skeef op die lessenaar met die son wat inblaas by die venster en op die agterkant daarvan bak. Die grafte buite is oop. Sy oë vernou. Sy hare is deurmekaar. Sy hemp gekreukel. Sy lyf natgesweet. Hy is gedehidreer en het 'n hoofpyn wat aan die voorkant van sy kop klop.

Die foon lui weer.

Dit is sy kantoor se landlyn, die foon by ontvangs. Hy kyk op sy horlosie. Dit is halfagt. Hy maak weer sy oë toe.

Die foon lui 'n derde maal.

Geïrriteerd stoot hy sy stoel uit en staan op. Die kantoor is deurmekaar. Hy stap verby die leë stoele en lessenaars na die foon by ontvangs. Vryf met sy hand oor sy gesig en stoppelbaard en kam met sy vingers sy hare reg. Dan gee hy sy lyf 'n vinnige rukskud om dit reg te kry.

Die foon lui weer.

En hy tel op. "Die Ambassadeur. Goeiemôre."

"Is dit die kantore van die advertensie-agentskap Die Ambassadeur?"

"Dit is."

"Ek is die persoonlike assistent van Christian Bester. Ek wil graag praat met julle skeppende hoof, Luka van Jaarsveld."

"Dit is hy wat praat."

"Goeiemôre. Ek veronderstel u weet wie meneer Bester is?"

Luka antwoord nie dadelik nie. Kyk net in ongeloof na die foon.

Sy vervolg: "Meneer Bester wil graag weet of jy hom vanmiddag drie-uur kan kom sien op sy landgoed in Jonkershoek."

Luka kom half tot verhaal. "Ekskuus, in verband waarmee is hierdie?"

"Meneer Bester wil u moontlik betrek by 'n nuwe projek waarmee hy besig is, om die bemerking vir hom te doen."

"Waar het hy van ons gehoor, as ek mag vra?"

"Hy was gisteraand by die toekenningsereemonie. Hy het gesien jy is een van die finaliste in die beste skeppende hoof-kategorie. Dit is waar, reg?"

"Ja, jammer. Jy vang my bietjie onkant vanoggend." Luka tel 'n pen op en trek 'n stuk papier nader. "Wat presies behels hierdie projek?"

"Ek mag ongelukkig nie daardie informasie nou al met u deel nie. Wanneer jy deurkom sal meneer Bester alles uiteensit."

"Is daar iets wat ek kan saambring? Dalk voorbeelde van werk wat ons al gedoen het of iets?"

"Dit sal nie nodig wees nie. As jy net drie-uur hier kan wees."

Luka druk die agterkant van sy pen in 'n frons op sy voorkop.

"Meneer Bester is ongelukkig net vanmiddag beskikbaar, voor hy weer oorsee vertrek op besigheid."

"Dis reg. Ek sal my skedule skoonmaak. Sien vanmiddag."

Luka sit die telefoon neer en gaan val in die stoel.

Daar is 'n klop aan die deur en Marno kom ingestap. Vraend kyk hy na Luka wat nog in sy pak van die vorige aand geklee is. Hare deurmekaar, ongeskeer.

"En dit?"

"Jy sal nie glo wie het sopas gebel nie."

"Ek weet nie? Pest control?"

"Christian Bester se persoonlike assistent."

Marno frons. "Wie?"

"Christian Bester, die tweede rykste man in Suid-Afrika."

"Nee?!"

Luka knik. "Die einste."

"Wat wil hy hê?"

"Ek is nie seker nie. Maar ek vergader vanmiddag drie-uur met hom."

"Maar ons het dan daai shoot vanmiddag."

"Ek dink nie jy besef nie. Hierdie kan alles verander."

Die gegote ysterhekke na die landgoed kreun oop voor Luka. Vasberade ry hy in. Binne is daar wingerd aan weerskante. En later maak die wingerd plek vir varsgesnyde, groot oop grasperke met prominente beeldhouwerke deur bekende kontemporêre kunstenaars plek-plek uitgestal. In die oprit voor die herehuis blink die motors silwer, sjampanje en goud. Luka ry om en parkeer sy tweedehandse, boksvorm-Jeep aan die ander kant onder 'n koelteboom. Hy klim uit. Buite is dit stil en die lug oop. Die kewers is weer terug in sy bloed. Hy stap verby die ander blink

motors na die herehuis. Hy klop. 'n Jong dame in hoëhakskoene, met 'n vriendelike, oop gesig, maak die groot houtdeure voor hom oop.

"Welkom, jy moet Luka wees?"

Luka knik.

"Jy kan maar ingaan. Die ander wag reeds binne."

"Die ander?"

Maar voor sy kan antwoord sien Luka hulle binne. Frans Naudé, Chris Kuhn en James Olivier. Sy mede-finaliste van die vorige aand.

Hulle almal hou op praat toe hulle hom sien. "Wat de fok soek hy hier?" hoor hy iemand onder sy asem sê.

Voor iemand nog iets kan sê, kom die persoonlike assistent hulle te woord staan.

"Goeiedag, menere. Meneer Bester is gereed om julle te sien. Julle kan my volg." En sy draai op haar tone om en stap die huis in.

Een-een volg hulle haar deur die voorportaal, verby onthaalkamers met leerbanke en Pierneefs teen die mure, deur 'n eetkamer van swarthout en silwer, verby 'n biblioteek en 'n privaatsitkamer met Irma Sterns. Aan die einde van 'n tweede onthaalkamer stop sy voor 'n donker houtdeur.

"As julle net vir 'n oomblik hier kan wag." Sy glip in by die deur.

Chris kom staan bot langs Luka en leun half vorentoe op sy arrogante manier en fluister: "Hierdie is 'n plek vir grootmense. Kinders word nie hier toegelaat nie. Jy kan sommer nou jou ry kry."

Die persoonlike assistent loer om die deur. "Julle kan maar deurkom."

In die middel van die raadskamer staan daar 'n swaar imbuia-tafel met sitplek vir sewentien mense. Teen die muur is daar 'n spieëlgladde televisieskerm ingebou. En aan die punt van die tafel, by die sewentiende sitplek, staan Christian Bester.

Hy is in sy laat sestigs, maar sy regop postuur, moderne pak en kortgeknipte hare laat hom tien jaar jonger lyk. Hy is ook korter as wat mens aflei van die foto's in die finansiële tydskrifte, wat hom altyd van onder afneem.

"Dag menere. Julle kan jul stoele inneem."

Luka sien sy naam op 'n lêer voor die een stoel twee sitplekke van Bester af. Die ander stap oor en neem hul sitplekke. Hy volg.

Christian Bester bly staan. Hy kyk af na hulle. Sy oë bestudeer elkeen. Niemand praat 'n woord nie. Sy oë eindig op Luka s'n. Hou sy blik. Totdat Luka ongemaklik begin raak.

Dan begin Christian: "Dankie dat julle almal deurgekom het om met my te vergader op die kort kennisgewing. Soos julle teen die tyd seker kon aflei wil ek baie graag vandag met die vier beste skeppende hoofde van gisteraand se toekenningsereemonie vergader. Die rede sal ek binnekort aan julle voorlê. Maar voor ons begin, wil ek vra dat elkeen homself eers voorstel." Hy kyk in die rigting van Chris. "Sal jy vir ons begin?"

Chris staan op, minder verwaand as vroeër. Hy is in sy laat dertigs en sy lyf al effens pap van te veel werk en te min oefen. "Dag almal. Ek is Chris Kuhn, pa van een en ons het nou nog 'n dogter op pad. Ek is die skeppende hoof by BBDO Kaapstad en ek is in beheer van 'n wye verskeidenheid kliënte se kreatiewe werk. Ons fokus op alles van groot supermarkgroepe tot sporthandelsmerke en 'n wye verskeidenheid alkohol-brands. BBDO se internasionale netwerk sluit meer as tweehonderd-en-tagtig kantore wêreldwyd in."

James Olivier staan op. Hy is middeljarig, maar sy vel is donkerbruin gebrand en sy lyf gym-fiks. "Ek is James Olivier van Ogilvy Johannesburg. Ons getal permanente personeellede is meer as honderd-en-vyftig en die handelsmerke vir wie ons werk doen, sluit onder andere Volkswagen en SAB in. Ons is natuurlik ook deel van Ogilvy Internasionaal, wat meer as vierhonderd-en-vyftig kantore wêreldwyd het."

Frans is die oudste van die drie en ook heelwat groter geset. "Frans Naudé, twee keer Prestige-toekenningswenner van DraftFCB Kaapstad. DraftFCB het kantore in meer as neëntig lande. En ons doen bemerking vir die Spur-restaurantgroep, Distell en die land se grootste selfoonnetwerkverskaffer. Hy draai na Christian. "Christian, baie dankie dat jy almal genooi het, maar ek dink jy kan nou maar die ander manne laat gaan, dat ons kan besigheid praat."

"Ha," lag Chris. "Kom ons hoor eers wat die brief is, dalk is jy al te oud vir dié tipe dinkwerk, Frans."

Christian Bester sit botstil aan die hoof van die tafel. Sy mondhoëke glimlag effe, maar sy oë bly streng afgesonder. "Meneer, ek geniet julle lughartigheid, maar ek het julle helaas nie genooi vir kinderagtige wedywering nie. Laat ons voortgaan. Meneer van Jaarsveld? Die ander het ek reeds voorheen per geleentheid ontmoet, van

jou weet ek egter nie veel nie. Soos ek verstaan het jy vroeër onder Chris gewerk en toe jou eie agentskap begin. Is dit korrek?"

Luka staan op uit sy stoel. Sy mond is droog. "Dit is korrek. Ek is Luka van Jaarsveld. Ek het 'n jaar gelede Die Ambassadeur begin, Suid-Afrika se eerste Afrikaans-eksklusiewe advertensieburo. Ons is nie deel van 'n globale konglomeraat nie, ons het net een kantoor in Kaapstad en net vyf werknemers. Maar dit is die talentvolste vyf wat ek al ooit in my lewe teëgekom het."

"En wie is julle kliënte?"

"Ons doen heelwat van die Afrikaanse bemarking vir een van die grootste media-maatskappy in die land, asook bemarking vir een van die land se grootste finansiële instellings."

"En hoe oud is jy?"

"Amper dertig."

"Maar nog nie."

"Nog nie."

Christian Bester staan op. "Dankie, jy kan maar weer sit."

Die raadskamer raak stil.

Christian leun vorentoe, druk met albei vuiste op die blad van die tafel.

"Wanneer mens my ouderdom bereik, is daar een woord wat meer belangrik raak vir 'n man as enige iets anders, en daardie woord is nalatenskap. Na alles waarvoor mens gewerk het, die suksesse wat behaal is, die teleurstellings wat oorkom is, het mens een vraag oor: Waarvoor was dit als? Was dit om meer geld te maak as my kompetisie? Hoër dividende elke jaar te verklaar? Om net altyd meer te wil hê?"

Hy stap om na die venster aan die ander kant van die raadskamer en trek die blinding op. Buite strek die groen grasperke van die landgoed met die beeldhouwerke uit tot onder by wingerde.

"Erfenis is 'n eienaardige ding. Wat bly daar van jou erfenis oor as jy al die aardse goed in die wêreld het, maar om jou verval jou taal en kultuur, die essensie van jou wese?" Hy draai terug na hulle. "Julle mag dalk nie weet nie, maar in my biblioteek is die grootste private Afrikaanse boekeversameling in die land. Maar wat help dit ek het al hierdie literêre kunswerke, maar oor honderd, tweehonderd, driehonderd jaar kan niemand meer die taal, lees of skryf of dalk selfs praat nie. Julle weet tog van die geïsoleerde Afrikaanse gemeenskap in Patagonië. Met die uitbreek van die Boereoorlog het seshonderd Afrikaanse families Suid-Afrika verlaat om daar

vir hulself 'n bestaan te skep. En nou, 'n honderd jaar, skaars vier generasies later, is hulle so geïntegreer met die Argentyne dat hul taal, byna hul hele kultuur, tot niet is. Moet my nie verkeerd verstaan nie, integrasie is van uiterste belang, veral in 'n multikulturele land soos Suid-Afrika. Erfenis van taal en kultuur, vir elke taal, is egter van net so groot belang."

Hy laat sak weer die blinding en stap terug vanaf die venster na die hoof van die tafel, waar die ander vier steeds sit, en neem weer sy sitplek in.

"Die sleutel is die media." Dit is Frans wat praat. "As jy wil hê almal moet inkoop in jou produk, is massamedia jou sterkste komponent."

Christian Bester vryf sy hande oor mekaar. "Die mediakanale was nog altyd in plek. Dit het nie soseer te doen met die media nie, maar die kwaliteit daarvan. Dit is asof die mense lui geraak het, moed opgegee het. Ek wil die psige van Afrikaanssprekendes verander. Nie almal nie, maar die oorgrote meerderheid. En dit gaan nie hier oor die kleur van jou vel nie. Dit maak nie saak of jy wit of swart of bruin is nie. Dit gaan hier oor 'n taal. En meer belangrik, die behoud van die jongste taal in die wêreld."

Hy staan weer op uit sy stoel en rus sy hande swaar aan weerskante van die tafel.

"Ek is deel van 'n trust, en ons trust se enigste doel is die behoud van die Afrikaanse taal. So, my opdrag aan julle advertensiemanne is om vorendag te kom met 'n veldtog wat die Afrikaanse taal sal vernuwe, maar meer as net vernuwe, wat Afrikaanssprekendes sal vul met passie en inspirasie vir die taal en wat sal bydra tot die behoud en voortbestaan van die taal vir die eeue vorentoe."

Hy kyk na die vier wat voor hom sit. "Julle vier is tans van die sterkste en skeppendste breine in ons taal. En niks bevorder vooruitgang meer as gesonde mededinging nie. So, hier is my voorstel: Elkeen van die vier agentskappe sal 'n basiese voorleggingsfooi ontvang om die nodige kostes te dek vir die ontwikkeling van jul strategieë. Maar hier kom die wending: Die agentskap met die beste voorlegging, met die doeltreffendste oplossing, die agentskap wat hierdie kompetisie wen, sal nie net al die nodige fondse ontvang vir die uitrol van die veldtog nie, maar . . . "

En nou leun hy vorentoe en trek die aandag van die manne nog nader. "Dié agentskap sal dan ook die kontrakte vir die bemarkingswerk van al die maatskappye wat ek besit asook enige geaffilieerde maatskappye, beide plaaslik en internasionaal,

wen. Ek sal al die werk, wat al die verskillende agentskappe nou vir my lewer, konsolideer onder een agentskap. En al die nodige insetkapitaal verskaf om dié agentskap voor te berei vir die bykomende arbeidslas; hetsy nuwe personeelaanstellings, kantore, toerusting, enige iets wat julle mag benodig."

Daar is 'n effense tussenpose. "En net sodat julle die omvang van hierdie aanbod besef; die gesamentlike bemarkingsbegroting van my maatskappy oorskry 'n bedrag van . . ." Hy leun vorentoe en in 'n amper fluisterstem: "een biljoen rand."

In die raadskamer word daar nie eens asemgehaal nie. Nie eens gesweet nie.

"In die lêers voor julle is die ooreenkomste wat alles uiteensit. Diegene wat nie belangstel nie, kan nou opstaan en uitloop. Andersins . . ." Hy staan op. "Het julle vier weke."

5.

Al wat hy onthou van die eerste nag is dat dit koud was. En dat daar 'n eienaardigheid in die lug was, 'n tipe stilte wat net na só 'n ongeluk in 'n woestyn kan volg. 'n Stilte wat 'n eensaamheid kan oproep. Maar die grootste gedeelte van die nag het hy deur geslaap. Soms wakker geword van die getjank van jakkalse in die verte, of die geritsel van bosse aan die oorkant van die pad. Maar meestal was daar net die stilte en meestal het hy geslaap. En soms gedroom.

Die oggend, toe hy wakker word met sy gesig nog in die sand, was sy mond droog. Sy arms wou nie reageer op wat hy hulle gevra het om te doen nie. Hulle het net daar bly lê, eenkant, afsydig. Hy kon hulle nie in die grond druk om homself op te stoot of eens om om te draai nie, nog minder opstaan.

Vir 'n tyd lank was hy kwaad en het hy gegil en geskree, maar verder kon hy niks daaromtrent doen nie, en later het hy maar net stilgebly en bly lê.

Toe die son te warm begin raak, het hy sy gesig af grond toe gedraai, sodat sy voorkop en neus in die stof rus en sy gesig nie te erg brand nie. Vir die dors het hy spoeg in sy wange versamel en dit gesluk. Teen die middag was sy spoeg op, maar die son het nog hoog gehang in die metaalblou lug. Die Jeep het onderstebo gelê en blink en halfpad tussen hom en die voertuig het sy sak, gemaak van seildoek en leer, gelê. Binne-in die sak: sy pen, sy notaboek, sy knipmes, sonskerm, en 'n bottel water. Agter in die ruit van die onderstebo voertuig was daar 'n halwe kitaar, 'n sak vol klere, nog twee kanne water, 'n slaapsak en 'n houervrag vol kos wat oop moes geskiet het in die omrol, want die kos lê oor alles gestrooi. Die voertuig was te ver, sy sak effens nader.

Hy het met sy ken die sak bene van sy liggaam probeer nader trek aan waar die water lê. Maar dit was als tevergeefs. Na 'n halfuur se gesukkel was sy ken rou en hy niks verder nie.

Met die koms van donker, op die tweede aand, het als verander. Die nag het swart strepe deur die lug geverf. Hy het probeer luister vir ander tekens van lewe, dalk 'n boer wat moet gaan voorraad koop op 'n naburige dorp, of 'n jagekspedisie wat terugkeer huis toe uit die noorde. Maar daar was niks. Net die donker wat al nouer om hom toevou. Sy kaartboek het gesê die pad bestaan nie, dit was net 'n twee-kilometer-afdraai na 'n doodloop. Maar dit is hy wat aangehou het op die pad, tot in die niet. En dit is hy wat nou met sy kop in die sand lê, meer as 'n uur se ry uit op 'n pad wat nie bestaan nie en nou kan hy nie eens twee en 'n half meter kruip tot by 'n sluk water nie.

Iewers deur die nag het sy liggaam probeer omdraai en het hy daarvan wakker geword. Nie van die omdraai nie, maar van die probeer.

In die koeler aandlug was die dors effens minder, steeds daar, maar minder. En hy het dou met sy tong gevang en van sy mond se rand afgelek. Teen middernag was die sterre hoog en die maan sekel en het hy vir die eerste keer werklik besef: hier is ek, en ek is alleen. En sy kop het gevul met allerhande drogbeelde. Van jagstories van boere wat met gewere in murasies in die veld oorslaap en onaardse dinge wat hulle dan in die nagte pla en hiënas wat hul kamerade wegsleep. Stories van spoke en geeste wat deur die veld wandel op soek na kinders en bloed. Van bangheid wou hy homself inmeekaartrek, en gaan wegkruip, maar hy kon nie. En om hom het die stilte van die nag skielik geraas. En agter hom het takke nader gekruip, om hom weg te sleep.

Dit moes na middernag gewees het, toe hy skielik wakker skrik van 'n geruis in die bosse naby hom. Maar dit was agter hom. En hy was te angsbevange om om te kyk. Hy het die voetstappe hoor naderskuif, amper slepend oor die gruis. En toe die dier geruik, wild en agterdogtig en aards. Hy het die dier hoor snuif by sy enkels. Hy het sy oë toegeknyp. Maar die dier was steeds daar en hy het besef hierdie is nie een van die verbeeldingsvlugte van vroeër nie. Die dier het stadig hoër op begin snuif. Hy kon nie voel waar nie. Maar geweet dis nader. Toe het dit sy nat snoet in sy nek gedruk en hy wou gil, maar sy hart het in sy keel opgeruk.

Toe het die dier sy arm half op en weggeskuif en in sy blaai opgekrul en daar gaan lê. En hy het nie geweet watse dier dit was nie, maar hy het geweet hy is veilig. En alhoewel hy niks kon voel nie, was hy die nag warmer. En sy hart het weer stilgeraak. En hy het weer aan die slaap geraak. En die dier het langs hom, saam met hom, geslaap.

6.

Jy is 'n vuurtoringwagter op 'n verlate eiland. Vir die eerste paar dae trek jy net draad en hardloop kaal rond oor die klippe. Maar later waai die opwinding van die vryheid oor en is dit net jy en die vuurtoring en die wind en die groot donker van die see wat breek en spoeg teen die klippe en deure en ruite. En die wind huil om die hoeke en binne kruip jy weg. En eers dan begin jy besef: jy is hier en jy is alleen. En al wat daar is wat jou vashou aan die werklikheid, is die reëlmatige draai van die vuurtoringlig. Later raak jou hande hard en die kepe op jou voorkop sny dieper en jy word grys en jou kop kouer, en begin jy heeljaar deur jou mus dra en die mense wat vir jou kos en lampolie kom aflaai, begin jou snaaks aankyk wanneer hulle aan wal kom en hulle bly nie lank nie. Later skugter jy weg agter mure wanneer hulle kom en hulle los vir jou als buite by die ingang van die vuurtoring sonder om met jou te praat, want jy praat nie meer hul taal nie. Jy maak jou eie klanke en woorde op. Woorde wat net jy verstaan. En later kom hulle nie meer daar om nie. Maar elke aand steek jy steeds die lig aan en maak seker hy draai. En op die horison in die nagte sien jy skepe wat verby hou. Jy drink water uit die geute en vang vis met 'n handlyn. En dis al wat jy eet. Want dis al wat daar is.

En dan een nag is daar 'n storm op die waters en dit ruk en spat teen die ruite. En die volgende oggend word jy wakker in die mis en jy sien wrakstukke van 'n seiljag oral gestrooi om jou eiland. En jy stap om die eiland en tel die stukke op. En dan sien jy haar. Onder tussen die klippe, halflyf in die water. En jy hardloop af en lig haar op uit die bamboes en klip en dra haar terug na die vuurtoring waar jy haar klere en al in 'n warm bad water sit en waar sy stadigaan wakker word. Jy gee haar stomende koffie, klere en 'n kombes en dan stap jy uit na buite en laat haar alleen om aan te trek. Later kom sy uit, kombes oor die skouers, koppie in die hand en kom sit langs jou. En sy sit net daar tot dit donker raak. Toe gaan jy in en sit die lamp aan en kom weer af. En saam sit julle langs mekaar, twee klein mense, sonder woorde, en kyk hoe die lig die bietjie see voor julle verlig. En die mis kom op en dit is klam en koel teen jul gesigte. Die lig draai en skerwe van die seiljag lê in 'n hoop langs die huis waar jy dit gepak het. En vir lank bly julle net daar sit. En later gaan julle in en maak jy vir haar vissop sonder brood.

Jy noem haar Maria, want sy praat nie en dis al naam wat jy kan onthou. En sy wys jou hoe om voëls te vang en omelette van hul eiers te maak. En waar aartappels

begrawe is. Soms spoel daar nog wrakstukke uit en jy tel dit op en sit dit op die hoop langs die huis. Aande wat die wind gru opkom en hard aan die ruite ruk, gaan sit sy alleen in haar kamer en huil. Daardie aande weet jy nie wat om te doen nie, dan gaan jy maar op in die toring en werk aan die lamp.

Een oggend kry sy 'n ou kitaar sonder snare in een van die kamers van die vuurtoring en stof dit af en maak snare met vislyn. Hy was bo besig met herstelwerk aan die lamp toe sy begin sing. En hy klim af met die trappe en kom sit oorkant haar met sy hande nog vuil van die olie en luister. En vir lank luister hy. Sy sing 'n onbekende wysie, maar in 'n bekende taal, sy taal, die taal wat hy met haar op die eiland praat. En toe besef hy dit is tyd en hy staan op en gaan haal 'n hamer, 'n sak spykers en 'n saag en stap uit. Buite begin hy deur die hout werk en saag en planke aanmekaar kap. Teen die tyd dat die aandmis oorkom, was hy halfpad en het hy opgehou en die hamer en spykers en saag weer binne kom neersit. Sy het lankal ophou speel en was besig om vir hom kos te maak. En hy het gaan sit en net vir haar gekyk en later het hulle geëet. Die volgende oggend toe sy wakker word, was hy reeds besig om buite te weskaf en sy het vir hom koffie uitgevat. Teen die derde dag was hy klaar.

Die agtermiddag het hy haar gevra om vir hulle aartappels en eiers te kook en dit saam met gedroogte vis in 'n mandjie te pak, maar sy het kwaad geword en haar rug op hom gedraai en uitgestap buitentoe. Hy het nie geweet wat om te doen nie, maar hy het geweet hulle kan nie meer daar bly nie. Toe gaan haal hy water en begin eiers kook. Later het sy weer ingekom en hy het haar naam gesê, maar sy het nie geantwoord nie, net nader gestaan en aartappels in 'n pot gegooi.

Die aand het sy alleen in haar kamer op die bed gesit en hy het vir haar koffie geneem en op die stoel oorkant haar gaan sit. Nadat sy haar koffie klaar gedrink het, het sy die koppie neergesit en voor hom kom staan en met haar hand aan sy gesig gevat. Hy het nie geweet wat om te doen nie en het opgestaan en uitgestap. Iewers in die nag het hy wakker geword en deur skrefiesoë haar in die deurkosyn van sy kamer sien staan. Sy het nie klere aangehad nie en haar vel was blou in die maanlig. Hy het gemaak of hy slaap en na 'n ruk is sy weer af na haar kamer.

Die volgende oggend het hy vir hulle 'n kompas gemaak met 'n kurkprop en 'n naald en dit saam met 'n mandjie vol kos, 'n vat vol water en twee komberse in die skuit gelaai. Hy het ook 'n handlyn en sy mes ingepak en toe die skuit afgestoot na die water. Toe hy opkyk, het sy bo by die ingang van die lighuis gewag. Hy het terug

opgestap en sy het eenkant toe gestaan toe hy verbykom. Met 'n bottel vol lampolie het hy opgeklim met die trappe tot heel bo in die vuurtoring. Daar het hy die prop afgedraai en reg rondom die lamp olie begin uitgooi, toe al met die trappe af, teen die mure, deur al die vertrekke en uit by die deur voor. Sy het steeds eenkant gestaan. Toe gaan hy weer in en gaan haal vuurhoutjies in die kombuis, stap uit, trek 'n vuurhoutjie en gooi dit in die vuurtoring in. Toe gaan staan hy langs haar en saam kyk hulle vir die vuur. Na 'n ruk het hy omgedraai en hulle het afgestap na waar die skuit halfkiel in die water lê. Hy het haar ingehelp en met opgerolde broekspype die skuit in die water gestoot. Terwyl hy wegroei het sy stil sit en kyk na die horison. Agter haar het die vlamme teen die nek van die vuurtoring uitgeklim. En hy het hard geroei. Deur spoegende branders en hoë deininge, totdat hulle anderkant uit was. En steeds het hy aanhou roei, tot laat in die nag. Totdat al wat hul van die eiland kon sien 'n oranje gloed op die horison was. Toe eers het hy die anker laat sak en het hulle van die kos geëet. Die volgende oggend het hulle in mis wakker geword. Hy het na sy kompas gekyk, toe die spane opgetel en weer begin roei. En hy het aanhou roei oor seë en oseane, deur dae en nagte, en in en uit met die getye asemgehaal. En sy het altyd na die horison bly kyk en soms na hom. Hulle kos het min geraak en later het hulle begin vas en net in die aande na sonder geëet. En sy tong het losgeraak en hy het weer sy ou taal onthou en begin praat.

En hy het aanhou roei. Vir veertig dae en veertig nagte. En toe vir die eerste keer het hulle land gesien. Hul hare en klere en vel was dik gekors van die sout en hulle het vasgemeer by 'n klein hawetjie. En daar was mense wat hulle aangekyk het en toe uitgehelp het, nuwe mense, wat hulle nog nooit vantevore gesien het nie. En die mense het vir hulle kos en 'n kamer en 'n warm bad gegee. Die volgende dag het hulle hom gevra watter tipe werk hy doen. En hy het vir hulle gesê hy is 'n vuurtoringwagter. En hulle het vir hom gevra of hy sou belangstel om die ou vuurtoring op die punt van die baai reg te maak en te beman. En hy het ja gesê, want hy het geweet hoe om dit te doen en dit was naby mense. En toe het hy en sy daar gaan bly en die lighuis reggemaak, en gereeld het mense van die dorp kom kuier. En in die aande het sy vir hulle kitaar gespeel.

7.

Op pad terug van Jonkershoek is Luka stil. Net bewus van die reëlmatige tik-vee-tik van die ruitveërs. En stadig maar seker kom die lang onderdrukte borrelend in hom op. En iewers anderkant die R300 gryp hy die stuurwiel vas en gil. Hy gil blou moord tot sy mondhoëke oopskeur en geboorte gee aan sy tong, gorrel en binnegoed. Hy gil totdat die gil homself insluk en versmoor. Totdat al die opgewondenheid uit sy liggaam ruk en hy stadig maar seker terug-eb na die werklikheid, na die nat N1, die tik-vee-tik van die ruitveërs, en die pad terug stad toe.

"Jou pa het gaan stap," is al wat sy ma daardie dag, 'n jaar gelede, oor die foon vir hom gesê het, terwyl hy buite die raadskamer gesit en wag het om sy voorlegging te gaan doen.

Daardie oproep van sy ma is al waaraan hy nou kan dink terwyl die vibracrete-woonbuurte aan weerskante van die hoofweg verbyflits.

"Het Pa gaan stap? Maar hoekom? Waarheen?"

"Hy het net sy rugsak gepak, sy slaapsak en opvoutent saamgevat en gesê: 'Daar is niks meer vir my oor om hier te doen nie. Ek gaan 'n ent stap'. Ek het gevra waarheen hy gaan stap en vir hoe lank. En hy het gesê: 'Ek weet nie, tot ek klaar gestap is. Ek het my foon op my'. En toe groet hy my."

"Net gestap?"

Die huis was stil met die inloop op die dag waarop hy bedank het. Sy ma was in die kombuis doenig. Sy pa het in die sitkamer op sy stoel gesit, met die rugsak nog toe langs hom. Sy ma het hom die oggend, na sy eerste dag van stap, langs die pad in die mis opgetel en vir hom gesê: "Luka het bedank. Jy moet huis toe kom."

Luka het hier, in hierdie huis, gebly vir 'n paar jaar, maar met die instap het hy geen dieper konneksie met die plek, die huis, die woonbuurt of die dorp nie. Dis net nog 'n huis in nog 'n dorp. Vir jare swerf hulle al rond, vandat sy pa pakket gevat het. Maar selfs voor dit, selfs toe hy jonger was het hulle baie rondgetrek. Van die Kaap na die Karoo, en later nog dieper die binneland in. Agter werk aan. Nooit langer as drie jaar op 'n plek, in 'n huis, nie.

Luka gaan sit in die sitkamer.

"Hallo, Ma," skree hy kombuis se kant toe.

"Hi, soek jy tee?"

"Sal lekker wees."

Sy pa is stug. "Jy weet jy kort kapitaal as jy 'n besigheid wil begin? Ons het ongelukkig nie vir jou nie."

"Ek is nie hier om vir geld te vra nie, Pa."

"Ek verstaan nie, hoe bedank jy as jy 'n goeie werk het? Werk is skaars in hierdie tyd."

Sy ma kom ingestap met 'n skinkbord met teekoppies en gesnyde rolkoek op.

"Ons moet hier uitkom, Pa. Ons moet onself hier uitwerk. Uit hierdie plek uit. Vir vyf jaar probeer ek nou al. Maar dit maak nie saak hoe hard ek werk nie. Ek is vas in 'n groot korporatiewe maatskappy waar ek 'n leer moet klim boontoe. Maar dit is 'n stadige pad, met glasplafonne bo my."

"Maar jy is nog so jonk, my kind." Sy ma sit die skinkbord met tee neer.

"Jonk van jare, Ma, maar oud van dae. Oud van sukkel. Van nêrens kom nie. Dis tyd dat ek my eie boot bou."

Luka se ma leun oor en skink vir hulle tee.

"Ek verstaan hoekom Pa gister Pa se goed gepak en die pad gevat het. Dit is dieselfde rede hoekom ek vanoggend my goed moes vat en loop. Ons almal voel dit. Ek voel dit, Pa voel dit, Ma voel dit. Ons almal doen. Ons almal voel die spanning wat op ons skouers druk en ons rûe krom trek en sere in ons monde laat. Ons voel dit, want die omstandighede het dit veroorsaak, en ons het dit toegelaat. Die land trek ons krom. En dit is besig om ons te verdrink. Die ou manne wat nog 'n bietjie mag het klou aan daai bietjie mag vas met als wat hulle het. Want die industrieë is klein en die geld wat in die omgang is, min. Hulle hou vas. Wil nie plek maak vir die jonges en hongeres nie. En ons aanvaar net, asof dit 'n las is wat ons móét dra."

"Maar wat kan ons tog anders doen?"

"Ons kan ten minste probeer, Ma."

Luka stop sy ou boksvorm-Jeep in 'n parkeerplek voor sy kantore in Houtstraat. Vir 'n oomblik bly hy net so sit. Langs hom is die regop gebou met sy houtdeure en hul kantore op met die trap op die vyfde vloer. Maar sy gedagtes dryf weg, verder weg, deur die laaste jaar en 'n half waartydens hy die agentskap opgebou het tot waar dit nou staan. Sy gedagtes vat hom terug, op in Houtstraat, links in Buitengracht op berg se kant toe en dan regs in Bloemstraat die Bo-Kaap in, waar hy begin het by 'n enkel-

lessenaar, met net sy foon en sy laptop, in 'n gesamentlike kantoorspasie wat hy gedeel het met argitekke en bourekenaars.

Ons moet ten minste probeer, Ma.

Luka klim uit. Hy sluit sy kar. Binne groet hy vir John, die bejaarde hysbakoperateur, wat hom opvat na die vyfde vloer. John was 'n polisieman vir vyf-en-veertig jaar, maar 'n jaar nadat hy afgetree het, moes hy weer werk kry. In die oggende maak hy die toilette skoon.

"Dankie, John."

John maak die hekke toe agter hom en gaan weer af met die hysbak. Luka haal diep asem. Maak dan die deur oop na sy kantore. Binne kyk almal dadelik op toe hy instap. Asof hulle heel middag nog niks anders kon doen as wag vir hom om terug te keer met die nuus nie.

"Wat is die brief?" "Waaroor gaan dit?" "Wat wil hy hê?" "Wanneer is die deadline?" Hulle bombardeer hom met vrae en papier en skrapnel spat en skiet in alle rigtings.

Hy lig beide sy hande en maak hulle stil. "Kom almal deur na my kantoor, dan vat ek julle stuk vir stuk deur alles. En bring 'n paar ekstra stoele saam."

Vanaf agter sy lessenaar vat hy hulle stelselmatig deur al die aspekte van die brief. En beklemtoon ook volledig wat als op die spel is. "Die kans dat ons wen, is ongelooflik skraal. Die ander agentskappe gaan alles wat hulle het na hierdie brief gooi. Ek praat van dertig, veertig creatives, by elkeen van die ander drie agentskappe, wat dag en nag hieraan gaan werk. Ons is ses mense en tussendeur sal ons nog al die ander werk ook moet afhandel en seker maak dit bly op standaard, want ons huidige kliënte is ons brood en botter. Ons kan nie bekostig om nie te wen, en ons kliënte ook nog te verloor nie."

"Maar ons gaan tog wel hiervoor pitch?" vra Marno.

"Natuurlik gaan ons pitch en ons gaan pitch om te wen. Maar die enigste manier hoe ons dit sal kan doen, is as ons ons gatte afwerk en iets doen, met 'n konsep opkom, wat so sterk is dat ons die kompetisie letterlik uit die water uit blaas. Ek dink nie eens dit is nodig om te vra nie, maar is julle gereed hiervoor?"

Almal knik. Maar nie een praat nie. Nie eens Marno wat gewoonlik meer luidrugtig is en altyd iets het om te sê nie.

"Kom ons begin."

8.

Die branders breek donkerblou oor die boeg en die seile skiet los in storms. En ruk jou saam. En tussen my en jou lê daar 'n oseaan, 'n see, donkerblou en rooi van die sonsondergange. En later raak die see stil. Die waters vlakker ligblou. En op die horison sien ons eilande. Vol palms en vars water. Maar ons is moeg. Te moeg om te roei. Maar is ons so moeg, dat dít ons moet uitroei? Kom saam met my. Vat saam die spane. Dat ons met ons skuit kan uitroei, terugroei. Na ons eilandhuis.

Hy ry branders. Dit is wat hy doen. Hy is 'n surfer. 'n Branderplankryer. En die waves was nog nooit so groot soos vandag nie. Selfs groter as in die swart-en-wit-foto's van die ou dae, toe hulle nog op bome gery het.

Hy roei uit met net sy arms en sy bord. Die see is monsters wat onder die oppervlak uit die verte nader stoot en soos berge voor hom verrys. Hy roei hard, vasbeslote en sonder angs. Op teen die bors van die swellende dier, met die water donkergroen, swart en grys. Die son lank al aan die wegkruip. En dit is net hy en die see. Sy bord breek oor die kruin van die deining en met die oorkom sien hy hy is te laat vir die volgende een. Massas water ontplof wit voor hom. Hy druk met sy arms sy bord af, diep af, tot onder en skop agterna. Maar die krag van die brander is te veel en ruk sy arms los van sy bord en tol hom onderwater deurmekaar soos 'n lappop, onderstebo en af, ver af, tot teen die bodem. En daar, benede die geraas, is dit donker en stil. Hy voel na die band om sy enkel, vat dít raak en hou vas, want sy bord dobber nog bo. Hy wag onder vir die donderende gedruis van nog 'n stel branders wat bo-oor breek. Dit ruk aan die bord. Maar met sy een hand hou hy die band om sy enkel vas en trek sy bord af onderdeur. Sy ander hand hou vas aan 'n rots langs hom. Hy bly daar tot dit als oor is. Dan trap hy teen die bodem vas, buig sy knieë en skop homself weg en skiet op na bo, gryp sy bord in die verbygaan en breek deur die oppervlak. Sy asem jaag effens. Maar hy is nog nie deur tot agter nie. Nog sewe keer word hy so uitmekaar geruk en afgedruk. Dat sy kop later kramp van die koue en sy arms voel soos lood. Maar oor die laaste kruin raak alles skielik onheilspellend stil en die water 'n dieper groen. Sy bors brand en sy spiere klop. Maar nou kan hy ontspan, want hy is verby die backline. Verby die ergste. En agter hom kan hy nie meer die land sien nie, reg rondom hom net water en wolke en wolke en water, donker en troebel en salig.

Daar is onweer op die horison. En anderkant, uit die verte, sien hy iets uit die diepte oprys. En onmiddellik weet hy wat aan die kom is. Dit is dit waarvoor hy gewag het. Vir 'n ruk hou hy die swelling dop, bepaal die rigting. Dan maak hy sy besluit, draai om en begin paddle. Die set kom vinniger as wat hy gedink het. En sy arms moet hard werk. Harder. Hy rys op teen die wal van water en raak kleiner hoe hoër hy styg. Want die gedierte hou aan groei, hou aan swel. En onder hom sak die donkergroen see weg tot 'n swart konkaaf. Met 'n laaste paar sterk hale posisioneer hy sy lyf parallel met die brander, regoor die breekpunt. Die kruin punt op. En vir 'n oomblik raak alles stil. Sy ore suis. Nou is daar geen kans vir terugdraai nie.

Hy gee twee harde, vasberade hale. En toe begin die wêreld kantel. Soos die golf hom gryp, staan hy op en jaag hy af teen die berg water. Agter hom brul die groen monster. En bo hom hou die muur aan groei, op en aan. Met sy hand raak-raak hy daaraan en trace sy pad af. Diep, ver onder draai hy hard en laag, sodat hy weer opsiet teen die oopgesig van die dier. Die drie vinne van sy bord skeur 'n litteken oop oor die wang. Die dier spoeg agter hom. Bo draai hy skerp en kerf 'n gat in en die sproeireën ontplof bo-oor hom, terwyl hy die reling van sy bord vasgryp met sy een hand. Want hy moet homself stut. Want voor hom begin die monster skielik sy kake rek. En hy hou vas en pyl reguit vorentoe. En die brander vou op en oor hom in 'n bottelgroen vlaag. En dit hou aan vou. Ver vorentoe. Die tunnel raak diep en donker. En hy is presies waar hy wil wees. Momenteel vir ewig. Sy bene pomp sy bord op en af, vinniger en vinniger om dit uit te maak. En agter hom grom die dier. En voor hom stort die venster van die tunnel ineen. En hy is alleen in die donker stilte. En dit dreun saggies om hom, soos die klank van lopende water in 'n grot. En toe gee alles mee.

Die kake van die dier slaan sy tande reguit af in sy hulpelose liggaam in. Die tou word losgeruk van sy been en sy bord ingesluk. En hy word vasgeslaan teen die onderkant van die muurwater en om en om gemaal. 'n Oseaan ontplof bo-op hom, wat al die lug uit sy longe slaan. En hy word die dieptes in afgedruk en onder gehou. Sy longe ruk na suurstof, maar die water hou aan maal en raas. Sy kop slaan teen 'n klipbank op die bodem van die see en vir 'n oomblik is alles pikswart. En daar is bloed in sy mond. En sy longe voel of hulle gaan bars en sy ore of hulle gaan inplof. En alles is donker en grys en swart en bloed en daar is geen bo of onder nie, geen oppervlak of bodem nie. Net water. Orals.

Ons is 'n storm op 'n oseaan. Met winde wat aan kajuitvensters ruk. En gifgroen

*branders wat bars oor boë. Ons is 'n kompartement, veilig warm binne, met die
onsigbare wat buite dreig. En tot hierdie boot eendag sink, is ons in mekaar gebind.*

9.

“Ons moet môreoggend tienuur die hele veldtog, volledig uiteengesit, aan die lewensversekeraars voorlê en ons het nog niks nie, net 'n paar proeftekening wat Jannes bymekaargesit het. Nie eens 'n basiese konsep vir die veldtog nie?”

Luka antwoord nie. Staar net na die geboue buite wat hoeke maak in die blou lug. Dan draai hy na Marno. “Jy weet wat kan gebeur as ons hierdie veldtog van Christian Bester af-pull? Ons kry dan nie net die een account nie, ons kry die hele groep se accounts. Dit beteken al hul brands en al hul filiaalmaatskappye. Dit is die geleentheid waarvoor ons gewag het. Dit is wat ons nodig het om te groei van nuweling tot een van die grootste agentskappe in die land. Ons móét hom uit die water uit blaas. En alles anders word vir eers in die luoond gesit.”

Marno stap op en af in die klein kantoor. Rol sy slape met beide hande se vingerpunte. "En wat as ons nie wen nie? Ons kan tog nie alles dobbel op 'n 25 persent-kans dat ons dit kan wen nie. En die ander manne het soveel meer ervaring, meeste ken hom persoonlik en dan het hulle nog 'n hele agentskap van honderd plus mense agter hulle wat ook almal hieraan werk. So, om eerlik te wees, het ons meer soos 'n 10 persent-kans om hierdie te wen, indien enige. Ons kan tog nie die agentskap, alles wat jy tot nou toe opgebou het, en almal se jobs, op die spel plaas vir een brief nie?"

Vir lank sit Luka net en staar na die houtvloer wat hy met die rand van sy skoensool krap. Dit laat swart merke. Dan, sonder om op te kyk: "Wat anders kan ons doen? Ons kan tog nie onttrek nie, dan sal ons soos lafaards lyk."

"Wat van nog mense aanboord kry om te help?"

"Met watter kapitaal? Daar is in elk geval nie genoeg tyd om hulle almal nog op te lei in ons sisteme nie. Dit sal net meer tyd kos." Hy kyk direk na Marno. "Ek is heeltemal bewus van die risiko's wat hierdie brief vir ons inhou, maar daar is nou nie meer kans vir kop uittrek nie. Al wat ons kan doen is seker maak ons doen die beste wat ons moontlik kan."

"En al die briefs wat ons het?"

"Moenie worry nie. Dit sal als fine wees."

"Ek moet worry. Jy is die creative. Ek die account manager. Ek reël die vergaderings en as jy hulle nie kan wegblaas met jou advertising genius nie, dan moet

ek die punch vat. Want dan dink hulle gewoonlik dit is ek wat nie die brief reg oorgedra het nie.”

Luka staan op en stap na die venster. Onder in die straat is 'n stalletjie wat vrugte en groente verkoop. Hy sien hoe die eienaar van die stalletjie besig is om te hustle. Hoe hy verbygangers naderroep, vir hulle sy produkte wys, hoe meeste verbystap, een dan stop en koop, en hy dan voortgaan, aanhou.

"Kontak al ons kliënte om te kyk watter van die werk ons kan uitskuif. Ek het 'n idee vir die veldtog wat ons môre kan voorlê, maar gee my tot middagete om daaraan te werk. Kan jy vir die res van die span sê hulle moet aangaan met die navorsingswerk waarop ek hulle ge-brief het."

"Maak so." Marno stap uit en trek die kantoordeur agter hom toe. Luka bly by die venster staan. Vir 'n hele ruk. Dan stap hy oor na sy rekenaar, gaan sit agter sy lessenaar en begin die veldtog vir die lewensversekeraars uiteensit.

Iewers na een is daar 'n klop aan sy kantoordeur en dit laat Luka vir die eerste keer weer opkyk van sy rekenaar af.

Alé loer om die deur. "Ons is klaar met die navorsing waarvoor jy gevra het. Wil sommer gou hoor of ons dit na lunch aan jou kan kom voorlê. Of andersins kan ek sommer net die dokument op jou lessenaar los?"

"Dankie. Na lunch is reg, dan kan ons daardeur gaan."

"Great. Kan ek vir jou iets saambring van onder af, 'n toebroodjie of iets?"

"Ja, dankie. Enige iets sal reg wees."

"Maak so."

"Alé, wag," roep hy net voor sy die deur agter haar toetrek. Sy loer weer om die deur. "Jy kan maar daai navorsingsdokument solank aangee. Dan kan ek daardeur begin werk."

Alé glimlag, skuif die deur oop en kom sit die lêer op sy lessenaar neer.

"Dankie."

Twee-uur sit die hele agentskap in 'n halfsirkel voor Luka se lessenaar. In die drom lê 'n leë plastiekhouer waarin 'n hoenderslaai was. Luka staan op, stap om en gaan sit op die punt van sy lessenaar. Met sy voet skuif hy die drom weg.

"Ek het deur julle navorsing gegaan, en dit lyk goed, maar ek het 'n hele klomp vrae. So, terwyl ons nou deur hierdie navorsing gaan, kan ons dit ook gebruik

as 'n eerste dinkskrumssessie, om te sien of ons solank met enige idees vorendag kan kom. So haal asseblief julle notaboeke uit."

Almal vou hul notaboeke oop. Luka blaai na die eerste bladsy van die verslag.

"Ek sien hierso dertien persent, oftewel ses punt nege miljoen mense in Suid-Afrika se eerste taal is Afrikaans. En daar word beraam dat daar wêreldwyd tot vyftien miljoen mense is wat Afrikaans kan praat."

Alé lig haar pen op. "En volgens die sensus het die aantal Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika met meer as tien persent gegroei in die laaste dekade."

"So, beteken dit ons moet vir Christian Bester sê hy hoef nie te worry nie, als is fine. Sy vrese dat Afrikaans gaan uitsterf is ongegrond? Die brief is sommer net tydmors?"

Alé bloos. "Ek sê maar net wat die statistieke sê."

"Die laaste tien jaar het ons land se bevolking met amper twintig persent gegroei. Afrikaans "groei" dus die helfte stadiger as die land se bevolking. Met ander woorde, jou tien persent "groeikoers", is korrek, maar eintlik wys dit net dat die taal heeltemal te stadig groei."

"Maar wat kan ons doen, Afrikaans is een van elf tale, wat almal kompeteer," sê Marno.

"Julle moet onthou, hierdie gaan nie oor Suid-Afrika of oor Afrikaners, of 'n spesifieke ras nie. Hierdie gaan oor 'n taal, die jongste taal in die wêreld, en die behoud daarvan. Dit is nie 'n kompetisie met ander tale nie, maar die behoud van een spesifieke taal. Wat sê jul ander statistieke?" Luka blaai om. "Alé, sal jy vir ons voorlees?"

"Afrikaans volgens ras: Meer as sewentig persent van die bruin gemeenskap praat Afrikaans, sestig persent van die wit gemeenskap en net oor die vier persent van die Indiër-gemeenskap. En een en 'n half persent van die totale swart gemeenskap." Alé kyk op na Luka.

"Jy kan voortgaan."

"Meer as een punt twee miljoen mense praat Afrikaans in die stad Kaapstad, vierhonderdduisend in Pretoria, driehonderdduisend in Port Elizabeth. Twee-en-neëntig persent van die mense in Oudsthoorn praat Afrikaans, en tussen sewentig en tagtig persent van die mense in Stellenbosch, die Breedevallei en Saldanha."

Jannes onderbreek haar. "Dit is ongelooflik. Met die statistieke kan ons presies sien hoeveel mense Afrikaans praat en waar hulle woon. Ons kan dus ons strategie fokus op die gebiede waar dit die belangrikste is, of die meeste kans het vir groei."

"Jy is reg. Dit sal die basis vorm van hoe en waar ons ons veldtog uitrol en watter mediaplatforms ons gaan gebruik." Luka blaai aan deur die navorsingsdokument. "Ek sien hier baie statistieke oor hoeveel mense in watter provinsies Afrikaans praat." Hy blaai aan. "En hier is kaarte met geografiese uitleg en verspreiding; syfers van per capita inkomstes, ouderdomverspreiding en dies meer." Luka vou die lêer toe. "Julle, hierdie navorsingsdokument wat julle bymekaargesit het, is fine. Maar dit is nie goed genoeg nie."

Die ander voor hom skuif ongemaklik in hul stoele rond.

"As ons hierdie brief wil wen, kan ons nie net fokus op die kil, koue feite nie. Ons sal moet verder gaan. Meer moet uitvind. Alhoewel ons self Afrikaans is, is ons net 'n nis-groepie hier in Kaapstad. Ek wil weet wat laat Afrikaanse mense tick – verskoon die Engels. Ek wil nie net weet waar hulle bly nie, ek wil weet wie hulle is, waar hulle werk, waarop hulle hul geld spandeer, of hulle enige geld het, watter karre hulle ry, wat hulle eet, wat hulle drink. En indien hulle drink, wat drink hulle: wyn, hardhout of bier? Waar kuier hulle, watter musiek luister hulle, watter boeke lees hulle en wat doen hulle vir ontspanning? En moenie net vir my kom sê: Hulle kyk rugby, drink brandewyn en hou van Afrikaanse popmusiek nie. Ek wil alles weet. Selfs dit wat ons nie weet nie. Ek wil elkeen van daai nege punt ses miljoen mense se name hê en alles van elkeen weet. Want dit is die enigste manier hoe ons hierdie ding gaan wen – as ons alles weet."

Luka sit die lêer neer langs hom op die lessenaar en staan op. "Julle kan verdaag. Ek soek daai antwoorde teen môre einde van die dag op my lessenaar. Ons het minder as vier weke."

Marno lig sy hand om iets te sê.

"Daar is nie nou tyd nie. Wat jy ook al wil sê, kan ons later bespreek."

Die stoele skraap op die houtvloer soos almal traag opstaan en uitstap. Marno bly onseker agter.

"Die veldtog wat ons môre moet voorlê?"

"Dit is gereed. Ek sal dit vir jou e-pos en dan kan jy net vir Jannes vra om vir ons nog 'n paar mock-ups te maak."

Marno knik, draai om en stap uit.

"Maak die deur agter jou toe."

Luka bly staan voor sy lessenaar in die leë kantoor. Hy vryf met sy hand deur sy hare, dan oor sy gesig af tot by sy ken, en gaan sit weer op die rand van die tafel. Buite brom die stad. Binne anderkant die deur, hoor hy die ander rondskarrel. En fone wat lui. Hy asem uit.

Daar is 'n klop aan die deur. "Nie nou nie, ek is besig."

Marno aan die anderkant van die deur: "Dis dringend."

"Kan dit nie wag nie?"

Marno loer in. "Dis Christian Bester, sy PA is op die foon." Hy hou die foon teen sy bors. "Sy sê Christian is in die stad en wil gou kom kyk hoe lyk die agentskap. Moet ek sê hy kan nie nou kom nie?"

Luka staan op en stap oor na die deur en ruk dit oop. Marno staan in die ingang nog met die foon se gehoorstuk teen sy bors gedruk.

"Wanneer wil hy kom?"

"Nou."

"Nou dadelik?"

Marno knik.

Luka kyk af na die foon teen Marno se bors. "Ons kan nie nee sê nie. Sê vir haar dit is reg, hy kan kom."

Marno sit die foon weer teen sy oor. "Dit is als in die haak. Hy kan enige tyd kom. Sien julle nou." Marno druk die foon dood. "Ons is gefok, né?"

"Ek hoop nie so nie."

Luka stap deur tot in die studio. "Luister almal." Almal raak stil. "Christian Bester is in die stad en gaan ons oor 'n paar minute besoek. Kan almal asseblief die plek netjies maak, ons moet hierdie hool regruk en laat lyk soos 'n agentskap voor hy hier aankom."

Dit is asof iemand "bom" geskree het in die kantoor. Gelyk spring almal op en skarrel rond soos rotte op 'n sinkende skip. Luka deel bevele uit. Almal pak weg, sit reg, gooi weg.

Jake staan onseker met 'n klomp hardeskywe in sy hande. "Maak vinniger mens," skree Marno op hom. "Hier is nie tyd om te dink nie. Pak daai goed weg. En maak gou, voor ek 'n paar klappe uitdeel. Ons het nie heeldag tyd nie."

"Jy klink soos my ouma, Marno," tjirp Alé hom met 'n klomp vuil koppies en borde in haar hande.

"Vinniger!" skel hy laggend.

En toe is daar 'n klop aan die deur.

Almal stop in die middel van die beweging waarmee hulle besig was.

"Steek daai borde weg en maak die deur oop," fluister Marno vir Alé.

Alé druk die vuil borde bo in 'n kas en stap na die deur, maar voor sy dit kan oopmaak, kom Christian Bester ingestap. Hy het 'n donkerblou pak met 'n onderbaadjie en 'n wit hemp aan en 'n blou das vasgeknyp met 'n platinumdasknip. Sy grys hare is varsgenip en netjies gekam. Sy swart skoene gepolitoer.

"Goeiedag, meneer. Welkom by Die Ambassadeur." Alé groet met haar hand uitgesteek. "Ek is Alé."

"Aangename kennis. Ek is Christian Bester." Hy skud Alé se hand en kyk op na Luka wat eenkant staan met 'n pak papiere in sy hand. Christian knik.

'n Skor, "hi," is al wat Luka kan uitkry.

"Dag, Luka. Ek het besluit om jou agentskap te besoek. En om te sien hoe julle vorder met die taak."

"Welkom, kom in."

Die res van sy kollegas staar verstar na Christian Bester.

"Ek neem aan hierdie is jou kreatiewe span?" Christian se stem is steeds so katedraals soos voorheen.

"Ja, dis reg. Laat ek hulle voorstel. Die man daar skuins langs jou is Marno, hy is een van ons ideemanne en hoofsaaklik in beheer van projektebestuur."

Marno steek sy hand uit. "Goeiedag, meneer."

"Langs hom, die een met al die hardeskywe in sy hande is Jake, ons hoof van produksie."

Jake knik. "Hi." Sy hande te vol om hand te skud.

"Dan het ons vir Jannes, ons ontwerper en illustreerder. Hy is ook 'n musikant oor naweke."

Jannes staan vorentoe en steek sy hand uit. "Dis 'n groot eer."

Christian skud sy hand en glimlag.

"Jean is ons kopieskrywer en na-ure 'n teaterakteur."

"Ek dink ek het jou al een keer in 'n verhoogstuk by Artscape gesien?" groet Christian en skud sy hand.

Jean knik en skud hand. "Ja, ons het laas jaar 'n stuk daar opgevoer."

"En dan het ons vir Alé daar, maar ek glo julle het reeds ontmoet?"

"Inderdaad. Dit lyk soos 'n kragtige spannetjie wat jy hier het."

"Baie dankie."

"Kan ek vir u dalk koffie of tee aanbied?" vra Alé.

"Ek is reg dankie," knik Christian. "Ek wil graag vir Luka privaat spreek."

Alé knik.

Christian stap deur die span wat in 'n sirkel om hom staan, verby Luka, en vooruit by sy kantoor in. Luka volg en stoot die deur agter hom toe.

Christian gaan sit in Luka se stoel agter sy lessenaar. Luka bly ongemaklik aan die ander kant van die lessenaar staan.

"Jy mag maar sit," sê Christian.

Luka gaan sit op een van die stoele aan die besoekerskant van die lessenaar.

"Verstaan ek reg, dat jy die agentskap van die grond af opgebou het?"

Luka knik.

"Ek het gehoor jy het dit alleen begin, by 'n lessenaar wat jy gehuur het in 'n gemeenskaplike kantoorspasie?"

Luka knik weer.

"Dit wil gedoen word." Christian knoop die boonste knoop van sy baadjie los en haal 'n stuk papier uit sy binnesak." Hy sit dit op die lessenaar voor Luka neer.

"Kan jy vir my sê wat dit is?"

Luka kyk na die stuk papier. Dit is 'n foto. Hy tel dit op om dit beter van nader te bestudeer.

"My voorouers was stofboere in die Vrystaat. En hulle het aan meeste goed wat hulle gehad het, meer waarde geheg as wat enige geld ooit kon koop. Want in hulle tyd was daar nie veel geld in die omgang nie. Hulle het net geboer om te bly voortbestaan en vir hul familie en die gemeenskap te sorg."

Luka kyk op van die foto. Sy gesig 'n vraagteken.

"Wat jy daar sien is 'n foto van die laaste lewende kwagga ooit. En nee, dit is nie in 'n dieretuin in London of Amsterdam geneem nie, waar mense glo die laaste lewende kwaggas te vinde was nie. Die foto is in 1917 geneem, op my oupa-hulle se plaas anderkant Bultfontein. Dit is hy wat daar langs die kwagga staan."

"Maar ek verstaan nie? Ek dog kwaggas het al lank voor dit uitgesterf?"

"Hulle het . . ." Christian skuif regop in sy stoel, ". . . vir die res van die wêreld. Jy sien kwaggas, veral die hingste, was temperamentele diere. Maar nietemin het die boere in die Vrystaat hulle aangehou as wagte vir hul vee op die plase, want

hulle was altyd die mees waarskynlikste om indringers aan te val. Territoriaal op 'n manier. Toe my oupa se oupa sien dat die dier besig is om uit te sterf en dat dierkundiges van reg oor die wêreld besig is om vir hulself laaste eksemplare op te raap om ten toon te stel in hul dieretuine in die groot wêreldstede, het hy gegaan en alles in sy vermoë gedoen om die kwaggas wat hy gehad het, veilig te hou. En hy het toe sy eie teelprogramme begin."

In ongeloof sit Luka en kyk na die foto. "En nou?"

"Wel, daar was net soveel wat hy kon doen. Daar was nie genoeg van die diere oor vir 'n volhoubare teelprogram nie. En die laaste een is dood net na my pa gebore is." Christian vat die foto en sit dit terug in sy baadjiesak. Dan kyk hy weer op na Luka. "Jou ouers?"

"My ma is die hoof van 'n ouetehuis en my pa was 'n bevelvoerder in die weermag."

"Was?"

"Hy is nie meer nie."

"En jy kry jou besigheidsvernuf van hulle?"

"Ek glo so. Hulle was albei hoofde in hul onderskeie organisasies."

Christian leun vorentoe, sy oë nou ernstiger. "En het jy besigheidsbestuur studeer of 'n MBA gedoen voor jy die agentskap begin het?"

"Ek het nie die geleentheid gehad nie."

"Ek verstaan. So, jy het eendag net jou werk bedank en besluit om jou eie agentskap te begin? En soos ek aflei, sonder veel of enige kapitaal, en sonder enige kliënte?"

Luka knik. "Soms moet 'n mens maar net doen wat 'n mens moet doen."

"En as ek jou voorlegging kies?" Sy oë nou amper indringend. "Dink jy, glo jy, jy sal 'n besigheid van so 'n omvangryke skaal soos myne, kan aanneem? Onthou hierdie is nie kinderspeletjies nie. Nie net 'n paar klein veldtogte wat van stapel gestuur moet word nie. Hierdie is tientalle veldtogte wat gelyktydig oor 'n wye spektrum industrieë hardloop. Ons praat hier van regte besigheid."

Luka kyk hom reguit in sy oë. "'n Jaar gelede was ek net nog 'n kopieskrywer in nog 'n agentskap, vandag sit jy in my kantoor. Dit gaan nie oor of ek dit sal kan hanteer nie. Dit gaan oor of u vir my die geleentheid sal gee om vir jou te bewys dat ek dit beter kan doen as enige iemand anders."

Christian sit terug in die stoel, dink na en dan knik hy. "Nou maar goed." Hy staan op. "Ek sien uit na julle voorlegging. Moet my nie teleurstel nie." En daarmee stap hy uit die kantoor, so onverskrokke en selfversekerd soos hy ingestap het.

Luka hoor hoe almal in die studio hom groet en hoe hy dan uitstap. Hy sit sy elmboog op sy lessenaar neer en laat sak sy kop in sy hand. Met sy hare in sy hande asem hy uit.

Alé kom ingestap. "En as jy nou so lyk? Is als oukei?"

"Ek dink so."

10.

Die stad met sy wind en sy berg en sy koue see en sy vuil strate en honger bergies met pruimgesigte wat in hoeke van geboue onder komberse en rooi ligte slaap. Die stad met alles koud en nat en winter hang om my. En binne is dit net ek met my woorde. Maar nou nie eens meer woorde nie, nou net ek en die niet waarin ek staar.

Ons het nog niks. Dit is Vrydag, die einde van die eerste week, en al wat ons het is 'n berg navorsing en 'n paar los idees en konsepte, maar nog niks konkreet nie. Nog geen eurekas nie. Maar dit pla nie, want dit is nou eers die einde van die eerste week. Maar die twyfel in selfvermoë begin stadig maar seker mens van agter bekruip. Eers beseef jy dit nie. Dalk miskien net in die effe styftrek en spring van 'n spier in die agternek, die kriewel van kafeïenvingers om natgeswete polse. Maar jy sê vir jouself daar is nog baie tyd. Nog drie weke. Nog 504 ure.

En dán, in die ure se tel, in die horlosie se wyser se sien verbytik, begin die spanning en inspanning van die opdrag werklik eers teen jou rugwerwels opklim en kloue inslaan en spiere saamtrek en vel uitskeur. En jy probeer ontspan en vir jouself sê: Dis net nog 'n brief. Maar dit is nie.

Teen halftien Vrydagaand was daar niks meer van die week oor nie. Die werk was nog ver van klaar, maar hulle het die week leeggetap, gemelk vir alles wat hy gehad het. Diep in die agtermiddag was die laaste bloed al reeds uit die klip getap. Die hele span sit in 'n kring in die studio. Om hulle is hope opgefrommelde papiere en leë koffiekoppies. Luka sit sy pen neer.

"Julle, ek dink dit is dit vir die week."

Daar is 'n gesamentlike sug van verligting. Vir die laaste vyf dae druk hulle al dag en nag deur die navorsing en soek na konsepte, maar niks is sterk genoeg nie. Vir 'n jong agentskap wat hulself moet bewys, is selfs die heel beste nie goed genoeg nie.

Almal staan op, strek arms en bene en begin oppak en wegpak. Marno kom in Luka se kantoor in.

"Kom. Ons gaan uit vanaand."

Luka wil teëstribbel, maar die week was te hard en sy moed begeef hom. "Ek dink nie dis 'n goeie idee nie."

"Kom, ons gaan net vir 'n vinnige drink of twee. Gaan soek bietjie inspirasie in van die donker gate in die stad."

Luka knik. "Daar is in elk geval niks wat ek vanaand nog kan doen nie."

Daar was niks van die dag oor toe Luka en Marno by die gebou uitstap nie. Die son het al ure gelede agter die geboue ingetrek. En al wat agterbly, is die harde hoeke en swart strate.

"Ek kan nie eens onthou of dit vandag gereën het nie?" sê Luka.

"Miskien," sê Marno.

"Waarheen wil jy gaan?"

"Kom ons stap af in Langstraat en kyk waar daar 'n party is."

"Ek dink nie ek soek 'n party nie. Eintlik soek ek allesbehalwe 'n party. Ek soek idees, inspirasie, stilte, rus." Luka stop op die sypaadjie soos hulle om die hoek van Houtstraat tot in Langstraat stap. "Marno, dankie vir die uitnodiging, maar ek dink ek moet maar liewers net gaan slaap."

Marno skud sy kop en lag. "Jy kom nie so maklik hier uit nie. Slaap wanneer jy getroud is. Vanaand gáán ons uit. Ek soek vrou. En wie weet, dalk steek jy nog iewers inspirasie raak vanaand."

"Jy is 'n ou verkoopsman."

Marno lag en hulle stap aan.

Die stad beur teen hulle. Geboue trek in en sit uit saam met die musiek en die mense. En elke jaar verander die musiek en die modes en die mense. Nuwe geboue word gebou, ou geboue word oorgedoen. Niks bly konstant nie. Net Langstraat en die partytjie bly, die res hou aan verander.

Marno is gebore in die stad. Hy het hier grootgeword, skoolgegaan en op hoërskool al begin uitgaan in die aande. Hy is anders as die mense wat van die voorstede en verder weg af kom. Hulle ken nie die stad nie, is bang vir die stad. Hulle kom van anderkant die berg en vlaktes af op soek na werk en 'n fortuin. Maar meeste van hulle vrees in werklikheid die lang skaduwees en kloustrofobiese donker hoeke wat die geboue laat. Nie net die plattelanders nie, selfs die mense van die voorstede is bang vir die stad. Maar nie Marno nie. Hy glimlag "nee dankie" vir die dwelmsmouse wat hul produkte aan hom probeer verkoop met die opstap in Langstraat. Hy glimlag "nee jammer" vir die straatkinders wat kom bedel, maar gee tog 'n paar munte. Hy groet kennisse in die verbygaan en vertel hoe die stad eintlik maar net soos 'n klein dorpie is.

Die stad is nat en swart en warm en die aandlug vol ambisie en waansin. Langstraat is die gewone Vrydagaand-sirkus – met taxi's wat buite klubs en kroë hang met hul hazards aan, wagtend vir vaal buitelanders en beskonke jongmense. Marno en Luka stap op berg se kant toe, verby Neighbourhood, Sgt. Pepper, Carnival Court en Long Street Café, verby nog bergies en bedelaars, verby Mojitos en Royal, tot amper bo in Langstraat. Hulle stop voor die smal ingang van Waiting Room en draai op na die hangende staalsteegtrap wat opstrek in 'n dun gleuf tussen twee geboue.

Met die klim van die trappe kom 'n meisie van die suidelike voorstede bo by die ingang uit en af by die trappe. Luka kan hoor sy is nie van in die stad nie, aan die manier waarop sy lag. Sy stop swyend voor hom. Haar regterpupil is dilated, terwyl die linkereen klein en afgetrokke anderkant toe kyk. Sy stop hom voor die bors en druk hom eenkant toe. Nog mense kom van onder af op en verby.

"I would like to introduce myself."

"Hi."

"My friends say I'm drunk. And that when I'm drunk I try to chat up every guy I see."

Luka probeer wegkom.

"No seriously. I don't even know your name and already I'm trying to put my hands down your pants." Sy druk hom stywer teen die reling vas. Haar asem is warm in sy mond. "I love giving my body to strangers," fluister sy en probeer om haar hand voor in sy broek te druk.

Luka vat haar hand en trek dit uit.

"Don't you want to party?"

"I don't party," en dan druk hy haar effe eenkant en stap verby.

Sy kyk hom afkeurend agterna, sien dan nog 'n groep van onder af opkom en stop een van die ouens.

"Hi, I'm drunk . . ."

Binne is die klub in hout uitgelê; 'n ark sonder 'n Noag waar diere twee-twee inmekaar verval. Die aand is gevul met onbeperkte moontlikhede. Om hulle wemel die nagmense, jonk en in die hart van die dier. By die kroeg is meisies besig om hul eie drinks te spike, sodat hulle kan score. Niemand weet wat aangaan nie, tog weet almal presies wat hulle doen. Die kinders van die stad is oordrewe byvoeglike

naamwoorde, gillend op-en-af voor die platejoggie se tafel, rokende swerms buite op die balkon. Plate word omgeruil, meisies ruk saam. Ander klou wiegend aan die hoeke van mure vas. En die dansvloer is 'n winkelrak, waar jy kan kies wat jy wil hê.

"Wat drink jy?" vra Marno.

"Gee vir my brandewyn, whisky, tequila, enige iets behalwe wyn, in wyn verloor ek myself."

"Jy is melodramaties vanaand, né. Te lanklaas uit?"

"Nee, net dors."

Marno stap na die kroeg. Luka gly weg die club in, tussen die mense deur, na die episentrum, op soek na notas vanuit die ondergrond, op soek na inspirasie en woorde en dit alles wat hy nie in sy kantoor agter sy lessenaar kan kry nie.

"Luka!" gil 'n meisie langs hom en gooi haar arms om sy nek.

Ek is hier om myself te adverteer. Soek my. Vat my. Hê my. Kyk, ek buk vir jou, voor jou, net vir jou. Ek gooi my arms om jou. Jy soek my. Jy wil my hê. Jy is alleen, waar is jou vriende? Hulle is by die kroeg. Los hulle daar. Vat my nou. Vat my hier. Vat my weg. Vat my na 'n huis in Durbanville met DStv en sekuriteitshekke en elektriese heinings. Want die stad maak my bang. Ek is eintlik my ma se skaamkind, se wegkruipkind, maar nou, vanaand, haar donkerkind.

Die platejoggie staan eenkant rukkend, vuiste in die lug. Hoe lyk sy drome vanaand?

Die meisie trek Luka nog stywer nader.

Skud my fondasies. Ruk die matte onder my voete uit. En laat my terugkeer na die oerisvorm. Laat my tong in jou mond dryf en afswem met jou gorrel, sodat ek jou woorde kan oplek.

Luka se gesig sê, "Nee dankie".

Die meisie stop skielik. Die woordewisseling het vir haar 'n oninteressante tussenpose bereik. "Whatever."

Eensaamheid is 'n vieslike dwelm. Sy gooi haar kop agteroor en verloor haarself weer in die dans. Sy dans oopmond. Laggend.

Marno kom terug van die kroeg se kant af met glase in sy hand.

"Ek kort 'n spierslapper. Die plek gee my 'n pielstyf," lag hy en vat 'n sluk van sy drankie. "Die meisies hier is so jags, ek sal hulle van my piel af moet crowbar."

Nog mense wurm hulself in tot op die dansvloer, meer, maar steeds raak dit nie versadig nie.

"Onthou jy die meisies toe ons eerstejaar was?" vra Marno en gooi 'n sluk in sy keel af. "Hulle het anders geruik as hierdie meisies. Ek kan dit nie beskryf nie. Net anders." Hy druk snuifend sy gesig in 'n meisie langs hom se hare.

"Wat bedoel jy?"

"Ek kan dit nie verduidelik nie. Net anders. Skoner. Reiner."

Die meisie in wie se hare hy sy neus gedruk het kyk om en glimlag vir hom.

"Kan ek jou tande lek?" vra hy haar. Sy frons en draai terug na haar vriendinne. Marno lag.

Luka vat 'n groot sluk van sy drink. Stop dan en kyk af na die grond. Hy skud sy kop. "Ek wens ek hoef nie so hard te gewerk het nie. Dat ek nie eens advertising hoef te gedoen het nie. Dat ek net 'n kunstenaar kon wees, sonder voorbehoude en beperkings, wat net in kuns kan leef."

"Jy maak dan elke dag kuns."

"Ons maak ads. Ek skryf kopie. Dis nie dieselfde nie."

"Dis als dieselfde as jy vir my vra."

"Ek waarborg jou as ek net kuns gemaak het, sonder enige sensuur, ek heel waarskynlik vanaand in 'n suf backpackers iewers in die stad sou moes slaap. En dat ek elke dag sou moes wik en weeg en wonder waar my volgende bord kos vandaan sou kom."

"Ten minste sou jy dan nie so gemoan het nie," lag Marno.

"Ek sou dan ten minste vry gewees het."

"Maar jy is tog. Jy kan tog doen wat jy wil. Vanaand is jy hier en daar is geen reëls nie. Ons is vry."

"Ek is nie."

"Wat bedoel jy?"

Luka skud sy kop. "Moenie worry nie. Ek dink ek werk net te hard. Kom ons party."

"Nee wag." Marno stop hom. "Jy is die eienaar, die baas, van 'n suksesvolle jong advertising agency. En jy het sopas die grootste brief van jou lewe gekry. En ons gaan dit rock. Al waaroor jy hoef te worry is waar jy al jou geld gaan bête."

"Miskien eendag. Maar vir nou is dit net uithaal en wys en oorleef en nóg harder werk, sodat ons meer kliënte kan kry en groter briefs kan kry wat meer betaal, want sonder geld kan ons niks doen nie."

"Whatever," Marno lag. "Moenie jou eerstewêreldprobleme op my probeer aflaaï nie." Hy lig sy glas. "My enigste vraag is . . ." en hy vat 'n sluk van sy drankie, "wil jy vanaand hier doodgaan of by die huis?"

"Wat bedoel jy?"

"Wel, jy kan of nou huis toe gaan en daar gaan mope op jou eie, of jy kan vanaand trashed raak saam met my. Shots?" Marno gooi sy arm om Luka se nek en sleep hom na die kroeg. Hulle stoot hul pad oop uit die dansvloer tot by die kroeg.

"Twee tequilas," sê Marno vir kroegman. Hy sien twee meisies langs hom. "Maak dit vier."

Hy skuif twee van die shots na die meisies.

Hulle glimlag en knik.

Saam drink hulle die vier shots.

"Nog vier." Marno haal nog 'n noot uit sy broeksak. Hy draai na die een meisie. "So, watter siekte het jy?"

Die meisie lag. "Watse tipe pick-up line is dit?"

"Dis nie 'n pick-up line nie. Dis 'n geldige vraag."

Die meisie se vriendin onderbreek hulle. "Lyk dit vir jou of ons siektes rondra?"

Marno stop haar. "Ek is besig om 'n gesprek met jou vriendin te voer, ek het nie geweet hierdie is 'n ma-en-dogter-geleentheid nie."

Die meisie staar hom aan.

"Moenie so ernstig lyk nie. Ek grap net met julle. My naam is Marno, hierdie is Luka." Hy draai om en gooi sy arm om Luka se nek. "Is julle reg vir nog 'n drink?" Hy draai na die kroegman en bestel nog 'n ronde. "Julle twee is in elk geval gans te mooi om hier uit te hang. Moet julle nie vanaand by 'n VLV-vergadering wees nie? Of besig om huis op te sit en babas te voed en vROUTJIE te speel nie?"

"Sê jy ons is te mooi vir hierdie plek?"

"Heeltemal te mooi."

Hulle lag.

"Waar was julle op skool?"

"Dis nie belangrik nie. Die vraag is liewers, waarheen is ons op pad?"
antwoord die een.

Marno glimlag. "Waarheen is julle op pad? Hopelik na my woonstel later."

Die een meisie slaan hom speels weg. "Jy is soos 'n hond op hitte. Beheer jouself. Die aand is nog 'n eiersel." Sy leun oor na Luka. "Is jou vriend altyd so bar?"

"Net as hy meisies probeer opchat."

"En werk dit ooit vir hom?"

"Nooit nie. Gewoonlik kry hulle hom maar net jammer en gaan dan maar saam met hom huis toe. Wil julle dans?"

Hulle vat hul drinks en vaar saam met die meisies die dansvloer in. Die verwelkoming is afgehandel, die hande geskud, die kennis gemaak. Hul goedkoop woorde maak al lankal nie meer saak nie. Hulle dans saam met die musiek. Gooi drank in hul kele af en bestel nog.

Luka se oë rol agteroor en terug rooi. Niks is meer werklik nie. Hy is 'n vuurtoringwagter op 'n verlate eiland, sonder 'n boot. Om hom is die dansende arms, golwe met versierde popgesigte vol grimering en sweet. 'n Dansende spyskaart van tydskrifuitknipsels. En hy verdrink in sy eie kop, sonder reddingsboei of boot in sig. Arms swaai koorsagtig, wanhopig in die lug. Is dit hy, of net die motoriese beweging van sy liggaamsdele? 'n Oorerflike siekte wat van geslag tot geslag voortleef en dreig om 'n oorlog te begin.

Die dansvloer is 'n oliekol, 'n sweetvloed. Sy oë rol terug na hierdie tyd en plek wat sy brein geskep het. Die musiek gee dit lewe en dit word deel van hom, totdat hy self musiek word. En soos een beweeg hulle deur die nagtelike ure.

En later sê hy niks. En tog sê sy liggaam als. En al wat hy voel is – iets gaan meegee. Hy breek deur die massas op soek na die badkamers. Die mure val hom aan. Die uriene in die verstopte krippe klop saam op die maat van die musiek uit die luidsprekers. Hy kots en pis gelyk en geld val uit sy sakke in die toiletbakke en hy kan dit nie keer nie. Met die stap uit die badkamer is hy weergebore. 'n Nuweling, uitgekots.

Drie-uur kom Marno bibberend en deurmekaar uit die meisiesbadkamer. Daar is slym teen sy wang. "Kom ons gaan, my vingers stink."

Vanaf die dansvloer kom klam gille uit monde vol passie. En skielik lyk als anders. Uitgeteerde lyke, bewend eenkant op 'n sinkende ark.

Buite in die straat is daar weerlig op die horison en 'n bergie staan en sing straatoperas met 'n foamalite-koppie in sy hand. Langs hulle staan 'n meisie en huil – goedkoop trane vir 'n goedkoop advertensie.

"Gaan huil by die huis," skree hy vir haar.

Sy kyk op. Glimlag vir 'n oomblik, trane glinsterend.

"Gaan gesels met haar. Sy soek iemand om haar te troos en huis toe te vat."

"Kom ons gaan," sê Luka en roep vir hulle 'n taxi.

11.

Luka skrik wakker in kreukels. Sy kop klop. So erg dat sy regteroog skaars kan oop. Pille. Sinuspille. Kopseerpille. Neusspuite. Kookwater. Soutwater. Alkohol. Enige iets.

"As ek oor 'n halfuur nog nie beter voel nie, gaan ek na die DBV gaan en myself laat uitsit," dink hy terwyl hy 'n handvol pille sluk en weer terugklim in die bed.

Dit is Saterdagoggend en Luka is iewers tussen woorde en gedagtes, tussen babbelas en dood. Die gordyne van sy woonstel bol, die huis haal asem. Dit is later die middag. Hy moes weer aan die slaap geraak het. Hy skuif regop in die bed. Sy mond is droog en hy is honger. Hy staan op. Die kaste is leeg. In die yskas is daar net 'n bord ou spaghetti. Hy tel 'n paar jeans van die grond af op en trek dit aan en bel 'n taxi, want sy motor is nog in die stad. Hy stort nie eens nie, stap net uit toe die taxi onder is.

Met 'n plastiekmandjie in die hand stap hy die winkel in, steierend soos 'n insek wat vergiftig is. Om hom is die mens. Sy massamark. Hulle velle bleek. Bleek soos die dood. En hulle hande bewe van rumatiek. Hul oë is grys gate en hul lywe pap velle wat los hang oor skeletraamwerke. Dit lyk of hulle al vir dae hier binne vasgevang is. Die lewende dooies.

Luka dra sy kopseerkop verby koelkaste vol voorafverpakte vis en vleis en hoender en kaas en melk. Verby rakke vol seep en deodorant en tandepasta, als toegedraai in plastiek, met helderkleurige handelsmerke en ambisieuse verkoopsleuses op. Eet my. Was met my. Drink my. Aanbid my. Verafgod my. Laat my inkruip tot in jou hart. Laat my onder jou vel nesmaak en alles vertroebel wat eens rein en heilig was. Want sonder my kan jy nie.

Luka stap aan, verby 'n rak vol tydskrifte.

Dis als goëlery, vol toorgoed en heksekuns. Die radio jok vir hulle, die televisie lieg vir hulle en die tydskrifte verkoop illusies. En niemand durf meer die waarheid praat nie, want die mens het te afhanklik geword van hierdie valse realiteit. Te ver verwyderd van lyf en siel en wese. Bly weg van die babbelaskopseer, want die werklikheid van bestaan sal te intens wees vir die onvoorbereide.

Luka se gedagtes dryf deur die rakke. Hy stap oor na die ry, sy mandjie vol. Voor hom staan 'n ou tannie met yl, grys hare.

Sy foon lui.

Dit is Marno. Hy antwoord.

"Yes, yes. Hoe gaan dit? Is jy so babbelas soos ek vandag?" vra Marno.

"Ek dink ek's erger. Ek is skoon pessimisties."

"Moenie worry nie. Môre voel jy weer beter. En volgende week haal ons daai brief uitmekaar uit."

"Ek weet nie wat ons gaan doen nie. Hy wil hê ons moet die taal red, maar ek dink ons moet dalk eers die mensdom red? Ek dink al wat regtig sal werk is massa-hipnose. Die goed moet nie toegelaat word om aan te teel nie."

"Jy is omtrént pessimisties."

"Ek moet net my kop regkry. Ek kan nie nou 'n gewete wil groei nie."

"Wel, sterkte daarmee. Sien Maandag op kantoor."

"Sien dan." Luka lui af.

By die betaalpunt grawe die ou tannie wat voor hom is in haar beursie. Die kassiere het 'n brood, vier pakkies twee-minuut-noedels, 'n liter melk en 'n rol polonie opgelui. Die tannie pak die munte voor die kassiere uit.

"Vyf rand . . . hier is nog 'n vyftigsent . . . Hoeveel is daar nou al?"

"Ek dink nie dis genoeg nie, mevrou," sê die kassiere.

Luka leun vorentoe met 'n honderdrandnoot opgefrommel in sy hand. "Ek dink u het dit laat val?"

Hy druk die honderdrandnoot in die tannie se skilferhand. Sy kyk hom agterdogtig aan. Dan mompel sy skaars hoorbaar oor haar skouer: "Ek kort nie jou welsyn nie, kind." En betaal.

Buite die winkel lê die karkasse van kapitalisme. Bergies toegedraai in komberse, hande uitgesteek. Luka hou verby.

In die verkeer sien hy motoriste in die aankomende baan opmekaargehoop, vasgevang in staaldoppe met geel oë.

Hy sluit die sekuriteitshek van die kompleks oop en stap op met die trappe. Die blok is stil. Die deure van al die ander woonstelle gegrendel. Toegetrekte gordyne flikker. Sy woonstel is donker. Hy skakel nie die lig aan nie. Gaan kruip net weg.

Drie-uur die nag skrik hy wakker aan die donker kant van 'n sinsbegogeling. Alles lyk eienaardig dieselfde. Die vuil pan op die stoof. Die geroeste yskas. Die verweerde koffietafel in die middel van die sitkamer. Die ou kombes op die bank.

Is dit als myne? Wanneer het ek al die goed gekry? Hierdie besittings wat ek nou nie herken of enige verbinding mee het nie? Wat is hierdie goed?

Hy staan op en stap na die venster. Trek die gordyne effens oop. Buite is die see donker en swart. Die maan wat vroeër opgekom het, hang met 'n silwer streep op die water. Hy draai terug na sy woonstel. Na die deurmekaar binnekant. Met niks wat bymekaar pas nie. Niks nuuts nie. Als tweedehands. Verweer met tyd.

Dis hoe ons leef, binne dít. Binne die armoede. Konings in ons koppe. Maar die armoede is altyd daar. Dit kruip weg in jou spiere, soos gif, wat stadig maar seker deursyfer tot in jou bene en murg. Dit trek jou saam. Soveel so dat jy later nie meer kan beweeg nie. En vasgevang bly in die ewige, oneindige statika, totdat die wind jou eendag optel en wegneem.

Hy gaan sit by die tafel teen die venster. Buite raas die see. Maar behalwe vir die see is die buurt stil. Op die koffietafel lê 'n ou Bybel. Hy tel dit op. Blaai rond tot by die hoofstuk met sy naam. En lees dan 'n stuk oor die gesondmaking van 'n melaatse: "Maar die gerug aangaande Hom is nog meer versprei, en groot menigtes het bymekaargekom om te luister en deur Hom van hulle siektes genees te word. Maar hy het Hom in verlate plekke teruggetrek en gebid."

Hy sit die Bybel neer. Trek dan sy notaboek nader en begin skryf.

Om kreatiwiteit aan te wakker, om inspirasie te vind, sal ek na die stil plek moet gaan. Die plek anderkant die pad, verby die bome en oor die veld. Na die groot oop huis met die groot glasvensters waar die middagson elke dag indryf. 'n Plek ver van hier. Waar dit veilig is.

En om daar uit te kom, sal ek my moet vergryp aan 'n oordadigheid van woorde. Aan 'n skryf sonder rede, reëls of beperkinge. 'n Skryf waar ek nie die essensie van 'n produk of 'n veldtog hoef te probeer vasvang in 'n enkele kopielyn of slagspreuk nie. Maar waar die woorde vrye teuels het om te gaan waar hulle wil.

So, ek sal oordryf. Ek sal myself oorgee aan die woordoortoligheid. Want dit is 'n vorm van meditasie. 'n Reinigingsproses, van uitkry en agterlaat. Sodat wanneer die werk gedoen moet word, dit sonder bagasie of laste gedoen kan word. En die konsep in sy eenvoudigste vorm, in 'n woord of sinsnede, identifiseer kan word.

Hy kyk by die venster uit. Vir 'n wyle is hy stil, is alles stil. Dan staan hy op en gaan maak 'n koppie tee. Vir 'n tyd lank staan hy voor die venster met die koppie tee. Toe dit leeg is, sit hy die koppie neer, blaai na 'n nuwe blad in sy notaboek en gee homself oor aan die oordaad.

Herfs het gekom en gegaan en die weer het gedraai en die aarde het kouer geraak en binnekort sou die seisoen van die groot reën aanbreek en hy het gesukkel om te onthou wie hy was en wat eens op 'n tyd sy bene en spiere en are gevul het met passie en ambisie, want hy het geraak soos hulle, met hul hol oë en leë gesprekke oor die weer en sport, wat praat sommer net om te praat en wat is sommer net om te wees, sonder begin, middel of einde, net 'n ewigdurende huidige, waarin niks belangriker is as temporele, kousale gelukkies nie, en hy is net 'n lang herhalende sin, net woorde op papiere, net woorde, sonder dubbelsinnighede, en hy sit in die middestad van sy woonstel, midde die notaboeke en skrapnel, tussen sentiment en materialisme en herinnering en voorbode, en hy maak sy oë toe en dis net hy en klank en die donker en sy vingers met die pen wat loop oor die papier asof vasgevang in 'n makabere dans.

12.

"Het enige iemand opgekom met enige idees oor die naweek?"

Almal sit in 'n kring om Luka se lessenaar. Marno met sy lang lyf sit en kou die agterkant van sy pen. Jannes is kopaf besig om met 'n potlood 'n skets te krabbel in sy notaboek. Jake sit en speel met sy skoenveter en probeer om oogkontak te vermy, terwyl Alé bedees glimlag.

"Het niemand iets nie?"

Jean skuif regop in sy stoel. "Kom ons kyk net die feite in die oë: Afrikaans is dood, dit het toentertyd al uitgesterf, iewers tussen die Groot Trek en die runderpes."

Luka draai na Jake: "Jake, do you share Jean's point of view? Do you also think this is a hopeless cause?"

Jake los sy skoenveter en kyk op. "To be honest, half the time I don't even really understand what you guys are saying. I just nod and smile and pretend I know what's going on."

Jannes proes. "Good luck, Jake."

Marno lig sy pen. "Wat van ons sit 'n tydskrif bymekaar wat die beste van die beste in Afrikaans ten toon stel, ek praat van die beste nuwe skrywers, musikante, kunstenaars, fotografe en dies meer? 'n Soortvan kulturele maatstaf van wat Afrikaans als bied en kan wees."

Luka se oë dink, dan sê hy: "Dit is 'n goeie idee. Dit is net jammer dit bestaan reeds."

Marno frons.

"Lees jy nie *Huisgenoot* nie?"

"Ek bedoel iets anders, iets meer kunsgeoriënteerd."

"Ek weet wat jy bedoel. Dit is net jammer vele mense het dit al in die verlede probeer en gefaal. Dit mark is net nie reg vir so iets nie."

Jean: "Wat van ons doen iets met rugby. Afrikaans mag dalk dood wees, maar rugby sal nooit uitsterf nie."

"Wat stel jy voor?"

"Ek weet nie. Maar ek dink ons moet definitief kyk hoe ons die massamark kan teiken."

"Jy is honderd persent reg, Jean. Maar eintlik is jy en Marno albei reg. Ons sal moet opkom met 'n veldtog wat almal, die massamark en die kunssinniges en ook al die ander subkulture tegelyk teiken. Iets wat almal inspireer."

"Maar hoe doen mens dit?" vra Jannes. "Aim to please all, satisfy none."

"Watse sêding is dit?" vra Alé.

"Dis waar. Stry?"

Luka skuif regop in sy stoel. "Ons sal moet gaan sit en uitwerk wat na aan die hart vir almal lê; vir almal wat Afrikaans praat, kan praat en nog gaan praat."

"Maar wat is dit? Ons almal is tog so verskillend. En nêrens anders in die wêreld doen mense tog veldtogte om 'n taal te red nie."

"Daar is jy ongelukkig verkeerd, Alé," antwoord Luka. "Ek het die naweek gelees dat daar tussen ses- en seweduisend tale wêreldwyd is en meer as die helfte van hulle het minder as drieduisend sprekers, en kundiges beweer dat al dié tale binne die volgende vyftig tot honderd jaar gaan uitsterf. Jaarliks word daar veldtogte gehou en maatreëls in plek gestel om die kwynende tale te probeer red en onderhou."

"Maar Afrikaans is tog nog ver van endangered species af?" vra Alé.

"Nie as jy jou taal so aanhou meng nie," lag Luka.

"Whatever. Afrikaans sal vir altyd bly voortbestaan. Dit kan nie sterf nie en dit gaan nie sterf nie. Daar is te veel mense wat dit praat."

"Maar dan is ons werk hier mos gedoen?" Luka leun vorentoe en tel sy foon van sy lessenaar af op. "Kom ons bel sommer nou vir Christian Bester en laat weet hom hy hoef nie te worry nie. Als is fine. Sy benoudheid is sommer net oumensgiere."

Luka se uitdrukking is onwrikbaar.

Niemand lag nie.

Hy kyk na die foon in sy hand, sit dit dan neer en staan op en stap oor na die boekrak teen die muur. Die gesigte volg hom.

"Ken enige een van julle die verhaal van Marie Smith?"

Geen reaksie.

Luka se gesig raak swaar. "Marie Smith was een van die Eyak-mense, 'n inheemse stam wat naby die mond van die Koperrivier gebly het in suid-sentraal Alaska. Sy het grootgeword langs die rivier, waar hulle in 'n houthut gebly het en haar pa het vir hulle vis gevang en kos gebring uit die see. Teen die 1930's was daar minder as veertig mense van haar stam oor. En sy het getrou met 'n blanke man, William F. Smith, wat nie haar taal gepraat het nie. En as gevolg van sosiale stigma

het nie een van haar nege kinders ooit haar taal aangeleer nie; net los woorde hier en daar. Maar dit was al. Eers toe haar niggie vroeg in die 1990's oorlede is, het sy besef dat sy die laaste en enigste een oor is wat nog hul taal kon praat. En toe eers het sy ingespring en alles in haar mag probeer om die taal te red. Sy het verskeie veldtogte geloods, saam met taalkundiges die grammatika opgeteken en ook 'n woordeboek saamgestel, maar dit was klaar te laat. Al met wie sy nog die Eyak-taal kon deel, was die bome en die visse en die see, wat hopelik oud genoeg was om dit nog te kon verstaan. Maar in die winter van 2008, op die ouderdom van nege-en-tagtig, het sy een koue aand stil heengegaan en saam met haar die stories van die groot diere, van die reptiele van die ou dae, en die dwergmensies met visspiese so groot soos vuurhoutjies. En daardie nag het haar woorde saam met haar gegaan, weg, vir ewig, en so ook die onthou van hoe hulle soms, op feesdae, rooi salmbessies geëet het saam met gedroogte viskuite."

Die kantoor is grafstil.

...

Later, in die agtermiddag, klop Alé aan Luka se kantoordeur.

"Hier is die aanlynmeningsopname waarvoor jy gevra het."

Sy bly staan by die deur.

"Bring in, bring in." En hy beduie met sy hand dat sy kan inkom.

"Daardie storie wat jy vanoggend vir ons vertel het van die ou tannie in Alaska." Alé sit die lêer op sy lessenaar neer. Vee haar hare uit haar oë, probeer sy aandag trek. "Ek moet sê dit het my nogal aangegryp."

Luka kyk nie op nie. "Ek moes maar net 'n punt maak." Hy gaan aan met werk op sy rekenaar.

Alé bly langs hom staan. Sy sit haar hand op sy lessenaar en leun vorentoe.

"Ek het vir Marno daaroor uitgevra, oor jy wat die storie so mooi vertel het. Toe sê hy vir my jy het blykbaar 'n boek, of iets geskryf toe jy nog baie jonk was?"

"Dit was baie lank gelede," sê Luka sonder om op te kyk.

"Sal jy ooit weer 'n boek skryf?"

Luka grinnik. "Daar is ongelukkig nie tyd vir sulke goed nie. Het jy nie nog werk om mee aan te gaan nie?"

"Dit is al amper halfsewe. Ek het gewonder of ek kan gaan? Ek het kaartjies vir 'n fliek vanaand."

Luka kyk op na die tyd in die regterhoek van sy skerm. "Ek kan dit nie glo nie, die dag het verbygevlieg."

"Dit gaan vinnig as mens besig is."

Luka skuif weg van sy rekenaar. "Ek dink ek het vyf ure laas van my rekenaar af opgekyk."

"Is dit reg as ek gaan?"

"Natuurlik," antwoord Luka, asof hy haar nou eers werklik oplet.

Marno leun by die kantoordeur in: "Ek moet rol julle. Die res van die manne is ook al weg. Ek sluit nie die deur nie. Sien julle môre."

"Cheers."

"As jy lus is om 'n breek te vat van al die werk, kan jy saam kom fliek vanaand," sy bloos.

"Dankie, maar ek wil nie jou aand saam met jou vriende versuur nie."

"Dit sou net ek en 'n vriendin gewees het wat gaan, maar sy kan dit ongelukkig nie meer maak nie. So, nou is dit net ek. Op my eie. Dit is by die Labia. Kom saam. Ek het in elk geval die ekstra kaartjie."

Hulle stap elk met 'n warm jas en serp in by die Labia-filmteater in Oranjestraat. Hulle tel hul kaartjies op by die outentieke klein, glas-en-hout-kaartjehokkie in die middel agter en stap dan oor na die kroeg wat deur 'n ou Engelse omie bestuur word.

"Rooiwyn?"

"Sal lekker wees, dankie."

Luka bestel twee glase.

"Die beste ding van die Labia vir my is dat jy jou glas wyn saam met jou mag invat in die fliek in."

"Ja, ek weet nie hoekom hulle dit nie by alle teaters doen nie."

Alé skud haar kop terwyl sy 'n sluk neem en kyk dan na haar kaartjie. "Ek dink ons is in hierdie teaterlokaal."

Hulle stap op met die trappe en oorhandig die kaartjies aan die tannie by die deur. Sy skeur dit in die helfte en sê vir hulle hulle kan enige plek gaan sit. Binne is die klein teater byna leeg, net hier en daar 'n enkel-silhoeëtte met lang hare. Hulle skuif af met een van die rye en kry sitplekke aan die linkerkant, drie rye van agter.

Alé haal haar serp af, trek haar jas uit, en sit dit op die stoel langs haar neer. Onder dit het sy 'n bruin spantoppie en stywe jeans aan. Haar bene is lank en haar hare vasgemaak in 'n bondel agter haar kop. Dit laat haar nek slank en elegant lyk.

Alé praat nie veel nie. Haar oë is opgewonde. Aanhoudend skuif sy los hare agter haar ore in en glimlag amper gespanne vir Luka.

"Is jy oukei?"

"Ek voel so sleg. Ek sou mos saam met 'n vriendin kom fliék het, toe het ek nooit vir my kêrel laat weet ek kom nou saam met jou fliék vanaand nie."

"Hy sal seker nie omgee nie? Dit is in elk geval nie altyd lekker om op mens se eie te kom fliék nie."

"Presies," sê sy en vat 'n sluk van haar wyn.

Die laaste van die ligte gaan af. Iewers grawe 'n hand in 'n pak springmielies. Dan weer stilte en net die asemhaling van die handvol mense in die teater. Die voorprente begin speel. Luka en Alé sit in die lig van die skerm. Albei se arms rus op die enkelarmleuning tussen hulle. Hul arms raak-raak aan mekaar.

Die voorprente kom tot 'n einde. Weer die stilte. Luka kan Alé vlak langs hom hoor asemhaal. Die fliék begin speel. Die teater is warm. Iewers in die middel trek Luka sy trui uit. Hy sit sy kaal arm weer terug op die leuning. Die film het Franse onderskrifte en gaan oor 'n jong, vroulike hoofkarakter wat haar eie identiteit soek, terwyl sy liefde maak met 'n diverse verskeidenheid mans in Parys, en later ook op die Franse platteland. Maar soos die film opbou raak haar vervreemding van alles wat sy geken het, en van realiteit self, sigbaar.

Soos die spanning opbou draai Alé skuins in haar stoel. Arms en knieë opgetrek na die ander kant toe, kom rus haar oop blaai, warm van die rugleuning waarteen dit gerus het, teen Luka se arm. Hy kan voel hoe sy asemhaal. Hoe haar liggaam uitbol, en saantrek, uitbol en saantrek. Egalig en ritmies, maar tog met 'n onderliggende spanning. Asof sy in werklikheid intens bewus is van sy arm teen haar. En asof dit haar asemhaling swaarder, hewiger, maak. Asof sy haar in die fliék inleef, in iets wat hy nie kan sien nie, maar kan voel in haar asemhaling, in die onbekende van haar liggaam vol geheime langs hom.

Sy byt haar onderlip vas. En haar maagspiere trek saam. Haar voorkop frons dringend. En haar asem snak vir 'n oomblik, amper hygend. En dit is asof 'n sweet oor haar rug uitslaan in die inleef en die teenwoordigheid van hom langs haar. En hy sê niks nie, laat haar vry om haarself te laat gaan in die verborgenis. En die ritme van

haar asemhaling raak haastiger. En dit stoot swaar en warm oor haar lippe. En in die stil donkerte van die film, is dit net hy en sy, en die gejaag van haar asem.

En dan, iewers naby die einde ontspan haar liggaam en haar asemhaling keer stelselmatig terug na sy natuurlike ritme en sy laat los haar bene, en hulle dryf af, terug na onder en sy sak warm weg in sy arm.

Die einkrediete van die film rol oor die swart skerm. Sy draai na hom en glimlag verleë. Hulle staan op, los hul leë wynglase agter en stap uit. Buite is die lug koel.

...

Dit is Donderdagaand. Vir drie dae, vandat hy en Alé saam gaan fliëk het, waai die wind al aaneen. Vandag het dit geute van dakke begin afruk en mense by busstoppe begin omwaai. Dit dreun deur die strate. Huil om die hoeke. Skeur deur bome. En etlike verdiepings bo die grond is hulle al heelweek vasgekeer op 'n swewende eiland.

Alé kom sy kantoor ingestap. "Is jy lus om saam met my uit te gaan vir 'n drink na werk?"

"Ek sal ongelukkig nie kan nie," antwoord Luka.

"Is als oukei? Vandat ons by die Labia was, tree jy weird teenoor my op."

Die res van die kantoor is reeds huis toe en soos Maandagaand is dit net Luka en Alé wat oor is in die kantoor. Hy skuif weg van sy rekenaar en draai na Alé.

"Marno vertel my dat jy en jou kêrel al meer as 'n maand gelede uitgemaak het."

Sy draai haar gesig weg, maar te laat en hy sien hoe haar wange rooi bloos.

"Ek wou vir jou die aand by die fliëk gesê het, maar ek was skaam."

"Dit maak nie saak nie. Maar ek sal ongelukkig nie vanaand saam met jou iets kan gaan drink nie. En ook nie môreand of die aand daarna of enige ander aand nie."

Alé probeer glimlag.

"Jy weet self onder watse druk ons verkeer. En jy besef dit dalk nie, maar vir my is daar net een prioriteit en dit is om hierdie pitch te wen. Ek het nie nou tyd vir 'n flirtery en 'n gerondspelery nie. En nog minder vir liefde. Ek moet fokus en ek het werk om te doen."

Alé draai na hom. Haar gesig stram. "Wie het enige iets gepraat van liefde? Jy kon net gesê het jy wil nie saam met my vir 'n drink gaan nie. Jy hoef nie 'n issue

daarvan te maak nie." En sy draai om en stap uit. Net voor die deur stop sy en draai terug na hom. "Soms as iemand vra of jy vir 'n drink wil gaan, is dit al wat hulle vra."

Hy hoor hoe sy haar kleinighede by haar lessenaar hard wegpak en dan haar handsak toerits en uitstap en die deur agter haar net hard genoeg toeklap.

Vir 'n tydjie sit hy en luister na die stilte. En of sy dalk gaan terugkom. Maar na 'n ruk is daar steeds niks, net die wind wat buite ruk, en hy draai terug na sy rekenaar en gaan aan met sy werk.

Hier binne, op my eiland in die wind, kan ek enige iets uitdink, met enige konsep opkom. Enige woorde. Enige idees. In enige formaat. Want daar is geen reëls nie. Geen pretensies en emosies om aan vas te klou nie. Nie as die wind so waai nie. Want in hierdie wind is ons net gedagtes, net woorde wat buite rondgeruk en deurmekaar gestrooi en weggewaai word. En alles lê orals enkel en alleen. Elke gedagte op sy eie. Los woorde, los prente, los idees in 'n los bestaan in 'n wind wat alles losruk. En hier binne is dit net ek en die woorde en gedagtes wat ek saam probeer kram om 'n geheel te vorm.

Hande sluit die deur van sy woonstel oop. Die suidooster ruk en hy moet die handvatsel gryp om te keer dat die deur nie uit die kosyn geruk word nie. Die wind gooi hom van balans af en hy skeur in en sluit die deur agter hom. Binne is die woonstel mensloos. Al die vensters is gegrendel, maar die wind suis steeds in deurgleuwe, tussen rame en deure. In sy kamer is die bed onopgemaak, daar lê 'n hoop vuil klere op die vloer en die lessenaar en stoel is toegepak onder ou Afrikaanse literatuur en notaboeke. Hy maak die yskas oop en vat 'n sluk melk uit die bottel. Dis suur. Hy spoeg dit uit in die wasbak, spoel sy mond uit en gaan sit in die sitkamer. Buite lê die bome vooroor gebuig en dit is asof hulle sê: Laat die wind net bedaar, asseblief, ons liggame kan dit nie meer uithou nie. Hy staan op, gaan terug na die kombuis. Maak kaste oop. Die kos wat hy laas naweek gekoop het, is lankal op. Daar is niks om te eet behalwe droë pap nie. Hy oorweeg dit om weer af te gaan kar toe en winkel toe te ry, maar besluit daarteen en eet 'n handvol pap. Hy gaan terug na die sitkamer. Vat een van die boeke op die lessenaar, blaai daardeur, en sit dit dan weer neer. Hy kyk na sy foon. Daar is geen boodskappe nie. Hy oorweeg dit om vir Alé te SMS, maar sit weer die foon weg. Hy stap op en af in sy woonstel, dan gaan haal hy

nog 'n handvol pap en terwyl hy kou vou hy sy laptop oop en gaan sit by sy lessenaar om aan te gaan met sy werk waar hy vroeër opgehou het.

Kom ons begin liewers by die hipotetiese episentrum, die middelpunt van waar ons alles sal kan afbreek tot die kleinste elementêre dele.

Eerstens: Wat is bemarking? Dit is kommunikasie met die mens, met 'n gemeenskap, gewoonlik om hulle te oorreed tot aksie – om iets te koop of om iets te doen.

Met wie wil ons kommunikeer? Alle Afrikaanssprekendes.

Wat wil ons hê moet hulle doen of koop? Hulle moet inkoop by die idee dat as niemand iets gaan doen nie, kan die taal eendag uitsterf.

Luka skud sy kop. Staan dan op en vryf oor sy gesig. Dan gaan sit hy weer. *Nee, dit is nie reg nie.* Hy skrap die laaste sin. Dan begin hy weer.

Wat wil ons hê moet hulle doen of koop?

Vir 'n tyd lank sit en dink hy. Hy kyk na die literêre werke op sy lessenaar, dan na die res van sy woonstel; die kleinigheid daarvan.

Ons wil hê mense moet beseef hoe belangrik die behoud van 'n taal is. Ons boodskap, ons kommunikasie is dus nie negatief nie, maar moet positief wees. Bou die taal, dra by tot die groei en ontwikkeling daarvan. Dit sal lonend wees. Hoe meer die taal groei, hoe meer en soeter sal die vrugte wees wat ons kan pluk. Die melk is dalk nou suur, maar as ons net opstaan en iets daar omtrent doen – en die koei gaan melk – kan ons binnekort die vars melk uit kanne drink totdat dit van ons kenne afdrup.

Luka is in die zone. Die kreatiwiteit begin vloei. Die suur melk en die droë pap is dalk net die katalisator wat hy nodig gehad het. Hy begin strategieë uitwerk, skryf slagspreuke, maak sketse. In die middel van die konsepte kom nog idees, nog planne. En alles pas in mekaar. Hy beplan en ontwikkel en vervorm sy idees. Werk deur die navorsing en pas sy gevolgtrekkings aan. Voor hom sien hy die probleem transformeer tot oplossing en antwoord. Dit is Donderdagaand en hy is nie uit saam met die res van die massas nie. Dit is Donderdagaand en hy is nugter. Dit is Donderdagaand en hy is geïnspireerd. Hy ken die gevoel so goed. Dit is dieselfde gevoel wat hy kry as hy iets moet voorlê aan kliënte en hy wéét dis reg. Daai gevoel wat hom laat wakker lê in die nag. Hom al toekennings laat wen het. Want dit is al waarvoor dit gaan. Dit gaan oor die inspirasie.

Ons is die bome. Ons kuns is die vrugte. Hoe meer gesonde bome, wat gereeld water gegee en goed versorg word, hoe groter die beloning. Ons kan nie net boer om voort te bestaan nie. Bestaansboerdery is dood. Ons moet intensiewe boerderymetodes toepas. Die mikroklimaat skep wat konstante produksie van uitvoerbare produkte sal verseker. Produkte wat ander mense sal laat honger na Afrikaans.

Luka tik weer die woorde.

Ander laat honger na Afrikaans.

Hy sit terug, lees weer deur sy werk en druk dan save. Hy maak sy laptop toe en staan op. Die werk is gedoen. Die deurbraak gemaak. Hy tel sy kitaar op wat in die hoek staan en skuif die skuifdeur oop. Buite huil die wind nog. Hy stap uit tot op die stoep en trek aan die snare. Note skiet uit en weg met die wind. Hy begin speel. Hy klim op tot bo-op die rand van die balkon. Dit is hoog af tot onder. Die wind dra die kitaarmusiek deur die lug en hy begin sing. En die wind sing saam. En hy maak sy oë toe en buig sy knieë. Die wind ruk. En hy spring. En word opgeskep deur die wind. En opgevat, op tot bo die stratosfeer. Net hy en sy kitaar. En hy sing en die wind sing saam. Die nimmereindigende wind. En onder hom is die stad en die see en als is donker en swart en oranje. En hy kan voel hoe die lug warmer word hoe hoër hy styg. Maar dan gewaar hy twee swart rawe in die lugstroom langs hom, wat in die donker, wellustig inmekaar invleg asof hulle die onheil self wil bevrug. En dan ruk 'n rukwind deur hom en die kitaar gly uit sy hand en dit val deur die wolke af na benede. En skielik is die wind weg. En dit is net hy in die niet en hy begin val. Deur die wolk, af na onder. En hy gil, maar daar is niks.

En hy skrik wakker op die rusbank in sy woonstel. Dit is oggend. Sy kitaar is weg. En buite dans die bome nie meer nie.

13.

Vrydagoggend. Hy lê die werk van die vorige nag voor aan die res van die span.

"Die kern van die konsep lê in die eenvoud daarvan. Dit is 'n wapenkreet, 'n call to arms, dat alle Afrikaanse besigheidspersone, ambagsmanne, kunstenaars, skrywers, werkgewers en werknemers, werk van so hoë gehalte lewer dat dit ander sal laat honger na Afrikaans."

Die span kyk vraend na hom.

Hy verduidelik. "Een van die print ads, byvoorbeeld, is 'n foto van 'n groep hoërskoolmeisies in Le Rosey-skooluniforms wat buite op die gras sit en lees met die château-torings van hul privaatskool wat bo die lowergroen bome agter hulle koppe uitsteek."

"Is die meisies hot?" vra Marno.

Luka knik in Marno se rigting. "Super hot. Vir die van julle wat nie weet nie, Institut Le Rosey, is 'n Switserse privaatskool wat nie net die duurste skool ter wêreld is nie, maar ook gereken word as een van die bestes. Dit is 'n skool vir koninklikes."

"Oukei?" Alé lyk onseker.

"Die kruks van die advertensie lê egter daarin dat mens sal verwag dat hierdie meisies werke van Shakespeare of boeke oor ruiterskuns sal sit en lees, maar as jy die foto van nader beskou, sien jy hulle almal sit en lees 'n vertaalde weergawe van Marita van der Vyver se boek, *Die dinge van 'n kind*."

Vir 'n oomblik bly almal sit, dan spring hulle op.

Marno is eerste om vir Luka 'n high five te gee. "Ongelooflik!"

Luka knik. "Dit is die tema wat ons deur die hele veldtog gaan uitrol, in al die elemente, van gedrukte media tot televisie, radio en aanlyn."

Jannes kom nader vir 'n high five. "Dink jy Christian Bester sal gaan hiervoor? Dit is nogals gewaagd, hot Switserse, privaatskoolmeisies wat *Die dinge van 'n kind* sit en lees?"

"Dit is maar net die basis van die konsep. Ons gaan dit nóg meer push. Sal jy solank die scamps ontwerp en nog idees binne hierdie tema begin uitrol?"

Jannes knik.

Luka draai na Jean. "Kan jy kyk watter magic jy nog by die campaign kan voeg. Maak net seker die toon van die kopie bly deurlopend dieselfde. Marno kan jy kyk of ons die strategie verder kan vat. En Alé, dankie vir al die navorsing. Kyk of jy

enige iets anders kan opspoor wat die argument kan staaf. Dankie manne, en dame. Ek dink ons het dit."

Teen die einde van die dag is die basis van hul voorlegging aan Christian Bester uiteengesit en saamgestel.

"Goeie werk, julle. Volgende week kan ons al die kopie en ontwerpe finaliseer en dan behoort dit als gereed te wees vir die voorlegging. Hierdie is 'n sterk veldtog. Maar wat ook al julle doen, hou aan dink aan nog idees en nog konsepte en nog veldtogte. Want as ons dit nog verder kan vat, of met iets selfs sterker kan opkom, soveel te beter. Maar ek dink die naweek kan ons ontspan. Dinge lyk goed."

...

Die aand toe Luka na sy motor stap, is dit asof hy die verlede tyd instap. Hy het laat gewerk en was op pad huis toe. Dit het gereën en hy moes sy ruitveërs aansit om te sien. Die paaie was reeds donker en leeg, en by die verkeersligte was daar niemand behalwe hy nie. Hy het aangery, oor Buitengracht, Seepunt se kant toe en op met die bult. Sy het alleen in die reën gestaan, langs 'n ou, wit motor met sy kap op en stoom wat daaruit borrel. Dit het hard gereën en sy was eintlik niks meer as 'n silhoeët nie. Hy het langs haar stilgehou.

"Is als reg?"

Sy het vir hom gekyk deur 'n nat string hare, ietwat onkant gevang deur die Samaritaan, en toe gevra: "Kan ek dalk 'n lift kry?"

Hy het geknik en die passasierskant se deur oopgeknip.

Sy het die kap van die stukkende motor toegeklap en ingeklim. Haar tande het geklapper. Hy het sy baadjie vir haar gegee en sy het dit geneem. Hy het ook die verwarmers opgedraai.

"Waarheen?" het hy gevra.

"Op met Ocean View, asseblief, ek sal wys waar om links te draai. Dis nie ver nie."

Sy kyk na hom. Hy is nog in sy netjiese hemp en das. "Laat gewerk?"

Hy knik.

"Wat hou jou so laat besig?"

"Ek run 'n advertising agency hier in die stad."

Sy knik asof dit genoeg is om hom op te som.

"Wat doen jy?"

"Ek wag in die reën totdat iemand my kom optel."

Hy glimlag. Vir die res van die pad het hulle nie eintlik gepraat nie.

Haar woonstelkompleks was 'n vervalle ou blok teen die hange van Seinheuwel. En toe hy indraai, was dit asof hy weer die teenwoordige tyd inry. Asof hul ontmoeting reeds iets baie verder terug in die verlede was.

"Dankie vir die lift."

"Dit lyk nie baie vriendelik nie," sê hy en beduie na die woonstelblok.

"Ek weet. Dit freak my uit om in die aande alleen hier in te stap." Sy trek sy baadjie uit en gee dit vir hom. Sy kyk na die gebou. "Jy het nou klaar vir my 'n lift gegee, maar sal jy dalk omgee om gou saam met my te stap. Net tot by my woonstel. Hulle het twee keer die week al by my bure ingebreek."

"Ja, dis geen probleem."

Die reën sak uit, terwyl hulle koes-koes na die ingang hardloop. Die kompleks se sekuriteitshekke is afgebreek. Hulle stap op met die trappe na die derde verdieping. Sy sluit die hek en deur van haar woonstel oop en skakel die ligte aan. Hy bly buite. Sy verdwyn dieper die woonstel in.

"Is als reg daar?" roep hy.

"Lyk so," sê sy iewers van binne af. "Jy kan inkom vir 'n koppie tee as jy wil?"

Sy kom teruggestap. Hy staan steeds buite.

"Dankie, maar dis al laat. Ek dink ek gaan liewers in die pad val."

Sy kom staan in die kosyn met 'n handdoek in haar hand en droog haar hare af. "Dis nou eers elfuur. Kom in." Sy gee die handdoek vir hom aan. Hy stap in en droog sy gesig en hare af. Sy skakel die ketel aan.

Haar woonstel is byna leeg. Daar is 'n matras in die hoek met 'n opgefrommelde kombors en kussing daarop, 'n stukkende rusbank met spons wat deur geskeurde nate breek, geen tafels nie, in die ander hoek nog 'n los stoel, lakens voor die vensters vir gordyne, 'n paar los bokse met goed in en foto's teen die mure met sellotape vasgeplak.

"Kan ek iemand bel om jou motor vir jou in te sleep?"

"Dankie, maar dis nie nodig nie. Ek dink ek gaan dit sommer net daar los. Dis anyway fucked."

Die ketel skop af en sy gooi kookwater in die koppies en roer.

"Suiker? Ek het ongelukkig nie melk nie."

"Een en 'n half."

Sy gee vir hom 'n gekraakte beker tee en hulle stap dieper haar woonstel in.

"Die view moet amazing wees?"

"Vanoggend was daar twee kraaie daar op die balkon wat mekaar wou spyker.

Dit was weird, net 'n kras geklap. Asof hulle die onheil self wou bevrug. Ek moes hulle met 'n besem wegjaag." Sy skop haar skoene uit en gaan sit op die stukkende dubbelbank. Hy gaan sit op die houtstoel oorkant haar. Langs hom lê 'n stapel plate en hy tel 'n klomp op en blaai daardeur.

"Jy kan een aansit as jy wil," en sy beduie na die platespeler op die vloer.

Hy sit die plate neer en vat 'n sluk van sy tee.

"Dankie, maar ek gaan net die tee klaar drink." Hy kyk na die yl dekor van haar woonstel: die enkel lamp op 'n stapel boeke langs die matras, die paar foto's teen die mure, die leë kombuis. Dan na haar, waar sy ingedagte haar tee sit en drink. Hare nog klam van die reën en 'n effense beduidenis van hoendervleis op haar kaal arms. Sy hou die koppie met albei hande vas om hulle warm te maak. Sit dan die koppie neer en vryf oor haar arms.

"Dis koud."

Hy knik.

"Hoekom het jy my opgetel vanaand?"

"Jy was in die moeilikheid. Hoekom nie?"

"Was jy nie bang dat dit dalk 'n trap kon wees nie?"

Hy kyk na haar. Skielik, amper ongemaklik. Dan kyk hy rond in die woonstel.

Sy oë soek die uitgange.

"Nou's jy bang. Is jy nie?"

Hy probeer dit aflag. Haar oë skielik donkerder in die min lig.

"Ek't nie tyd vir bang wees nie. Ook nie tyd vir speletjies nie." Hy staan op.

"Moenie so wees nie. Ek grap net met jou." Haar oë is uitdagend, asof sy meer uit hom soek.

"Hierdie is net 'n fasade. Ek ken jou. Ek het eenkeer 'n PSA oor jou gemaak."

Hy sien sy verstaan nie.

"'n Public Service Announcement, soos daardie advertensies wat sê jy moet jou veiligheidsgordel dra of nie drank aan minderjariges verkoop nie."

Sy verstaan. "En?"

"Dit was een wat sê jy moenie rylopers optel nie, want jy weet nooit wie jy inlaat nie."

"Óf wie agter die stuur sit nie."

"Presies." Hy lag. "Hoekom het ons gesprek skielik so donker geraak?"

"Want jy weet nie waar jy is nie?"

"O nee ek weet. Ek is in 'n jong fotograaf se woonstel. En soos ek kan aflei van die foto's teen die muur lees sy *Dazed & Confused* magazine, en dink sy heel moontlik dat om weird te wees uniek en anders is en dat daar 'n mark in Suid-Afrika vir weirdness is en dat die mense haar nouveau strangeness gaan embrace. En as hulle nie doen nie, is dit omdat hulle net nie verstaan nie. Nie weet wat cool is nie. Oor naweke drink sy pre-drinks by Power & The Glory en daarna gaan party sy by Evol. Sy dra net swart en grys en bruin. En alles is oversized, sodat dit lyk of sy 'n struggling artist is. Sy gebruik haar jeugdigheid om ouens in te trek. Haar kwansuise eienaardigheid om hulle dan weer af te skrik. Maar ek ken dié tipe, daar is geen werklike diepte hier nie. Net maklike emosies, soos bangmaak, intrek, wegstoot." Hy vat 'n laaste sluk uit die koppie. "Die tee was lekker, dankie."

Sy bly sit. Haar oë afwykend.

Hy stap voordeur toe. "Moenie so hard wees op jousef nie."

"Jy weet nie waarvan jy praat nie." Sy staan op en stap na die voordeur om vir hom oop te maak.

"So, ek was reg."

Sy bloos liggies. "Ek hou nie eens van Evol nie."

"Dis ten minste beter as Shack, waar ons altyd gekuier het."

"Jy met jou kraaghemp en das?"

"Back then I didn't look like this." Hy trek sy das netjies om sy nek vas.

"Hoe lank terug was dit?"

"Ek kan nie onthou nie."

Sy gaan staan met haar hand op die deurknip. Hulle is nou nader aan mekaar. Nader as wat hulle in die motor was. Haar oë daag hom weer uit. Hy gee 'n tree terug.

"Thanks vir die lift."

"Thanks vir die distraction."

"Van wat?"

"Alles."

Sy haal 'n nat sliert uit haar oë en kyk deur wimpers op na hom. Hy glimlag

bedees. Gee nog 'n tree terug, maar nou is hy teen die muur. Tussen hulle is daar 'n tasbare stilte, amper warm. Van vind en wil vashou. Al is dit net vir 'n tydjie terwyl dit buite reën.

Vir 'n oomblik lyk dit vir hom of sy hom gaan nadertrek en teen die muur vasdruk en haar tong in sy mond gaan wurg en dit dan laat afswem tot in sy gorrel. En die koppies sal val en in skerwe spat. En dan sal hulle saam val in die skerwe, taai en stukkend.

Maar gelukkig ken hy haar nie. Al voel dit dalk so. En daar is nie tyd vir vind en vashou nie. Dis iets wat jy doen in 'n ander tyd, in 'n ander land, in 'n ander milieu. Nie hier nie.

Hy gee vir haar die leë koppie.

Sy kyk nog vir hom, maar maak dan die deur oop.

Met die uitstap vra sy vir hom: "Kan ek jou nommer kry?"

Hy stop in die buitegang. Draai na haar.

"Dalk gaan staan my kar weer?"

"Ek is nie 'n taxi nie."

"Ek het dit nie so bedoel nie."

"Ek weet." Hy graawe in sy broeksak en haal sy beursie uit en gee vir haar 'n besigheidskaartjie.

Op pad huis toe is dit net hy en die reën teen die voorruit. Hy parkeer en skakel die enjin af. Hy stap op met die trappe en in by sy woonstel. Die kombuis is blou in die maanlig. Hy drink 'n glas water en trek sy skoene uit. Hy skakel nie die lig aan nie, maar trek sy werksklere uit en stoot die beddegoed weg. Hy los die klere op die vloer en klim in die bed. Sy voete is koud onder die komberse. Hy draai op sy sy en maak sy oë toe om te slaap. Toe hoor hy 'n teksboodskap deurkom op sy foon. Die nommer is onbekend en hy lees nie die boodskap nie, sit sy foon net op silent en draai weer op sy sy. En toe sak hy weg.

...

Die volgende oggend lees hy die SMS van die vorige nag.

Weereens dankie vir die lift.

Hy reply nie.

Die res van die oggend is hy rustig. Dit het opgehou reën en hy stap af kafee toe en koop kruideniersware. Terug by die huis maak hy vir hom bacon en eiers vir ontbyt, saam met roosterbrood en vrugtesap. Hy het selfs die koerant gekoop, maar net lusteloos daardeur geblaai en dit toe onder in die besemkas gegooi saam met 'n hoop ander koerante wat hy nog nie gelees het nie. Toe maak hy sy laptop oop en gaan weer deur hul voorlegging vir Christian Bester. Hy maak 'n paar klein aanpassings, maar is in geheel gelukkig daarmee. Hy druk save.

Die res van die oggend is hy lusteloos. Hy lees, maar na 'n ruk sit hy die boek waarmee hy besig is, weg. Later trek hy sy sneakers aan en vat sy deck en gaan skate 'n draai deur die buurt. Toe hy terugkom is dit al tyd vir middagete. Hy maak vir hom 'n ham-en-kaas-toebroodjie en gaan sit op die bank wat uitkyk oor die see. Terwyl hy eet kom daar 'n SMS op sy foon deur.

Hey! Wat maak jy als?

Dit is die meisie van die vorige aand. Hy stuur terug: *Nie veel nie.*

Ontspan net.

Dis lekker. Ek kon laasnag nie slaap nie.

Hoekom nie? Was daar moeilikheid in jou woonstelblok?

Nee, niks soos dit nie. Ek het gisteraand van jou gedroom. Haha. Baie weird.

Huh? Dis weird. Ons ken mekaar dan nie eens nie. Wat het jy gedroom?

Dis een van daai dinge wat in my swart boek gehou gaan word. Maar dis weird, ek onthou alles. Gewoonlik vergeet ek my drome.

So jy SMS net om te sê jy het van my gedroom, maar gaan nie vir my vertel wat dit was nie.

Hehe, ek wil, maar ek kan nie. Ons ken mekaar nog nie goed genoeg nie. Nietemin, ek het gewonder of jy dalk later vanmiddag saam met my Seinheuwel toe wil gaan. Lyk of die weer gaan lekker wees.

Luka dink vir 'n oomblik na.

Kan lekker wees. Hoe laat wil jy gaan?

Ons kan nou gaan as jy wil?

Hoe klink oor 'n halfuur?

Goed. Ek het net 'n klein probleem.

Wat's dit?

Ek het nie 'n lift nie . . .

Ek sal jou kom optel.

Dankie. Onthou jy nog waar ek bly?

Ja.

Sy staan en wag vir hom teen die buitemuur van haar woonstelblok. Sy steek haar hand uit om te wys sy sien hom. Sy het 'n kort, groen rok aan en 'n knooptrui in die een hand en 'n kamera in die ander. Hy stop langs haar en maak die deur oop. Sy klim in.

Hulle stop in die parkeerarea op Seinheuwel. Sy los haar skoene in die motor en stap kaalvoet vooruit met 'n kombers. Hy dra 'n sakvol piekniekgoed saam. Sy kry vir hulle 'n oop kol onder 'n koelteboom en gooi die kombers oop. Hulle sit oorkant mekaar en gesels en eet van die koekies wat hy saamgebring het. By 'n boom langsaan is 'n paar troebadoere besig om kitaar te speel. Sy gaan lê op haar maag en kruis haar bene regop agter haar. Haar hare hang los om haar gesig en nou praat hulle nie eintlik meer nie. Sy lê net en luister na die musiek. Die see lê anderkant die gras in 'n blou lyn teen die horison. Soms kyk sy daarna, soms na die troebadoere, maar die meeste van die tyd na hom.

En later is dit nie eens meer nodig om die setting te beskryf of dialoog uiteen te sit nie, want alles was net soos dit was en kon verbeel word.

En hy het langs haar gaan lê, sonder woorde of bedoeling, net om naby iemand te voel. En sy het nader geskuif. En hulle het gepraat oor iets, maar die woorde het verlore geraak. En sy het stukkies gras en takkies opgetel en teen die vel van sy arm gedruk. En hy het geglimlag. En toe vertel sy hom van haar droom. In haar droom is hy nie huis toe die vorige aand nie. Hul ontmoeting het aangegaan. En sy het gesukkel om dit in woorde om te sit. Maar het verduidelik dat hulle toe besluit het om strand toe te gaan. En dit het nog steeds gereën. Maar nou was hulle die enigste twee mense op aarde. Twee vreemdelinge. Net daar in die reën op die strand. En sy vertel hoe hulle nader aan mekaar gekom het en hy sy hand deur haar hare gevleg het. En sy kon aanvoel dat dit enige oomblik die einde van die wêreld sou wees. Want daar het meteoriete uit die hemele om hulle neergestort. En daar was reën en klip en vuur en dit was net hulle twee. En toe het hy haar gesoen. Net een soen. En toe is als verby.

Hy kyk vraend na haar. "Vertel jy dit vir almal wat jy probeer opchat?"

Sy slaan hom teen die arm. "Ek het gesê ek wou jou nie vertel nie."

En toe het hulle nie meer gepraat nie. En hulle het in en uit gedryf tussen

verlede en teenwoordige tyd, want dit is die effek wat sy op hom gehad het. By haar het tyd nie meer saak gemaak nie. Het dit nie meer bestaan nie. Al was daar nog niks tussen hulle. En sy het nader geskuif, tot teen hom. En sy het vorentoe geleun. En hy wou dit keer, want daar was nie nou tyd vir sulke dinge in sy lewe nie. Maar hy kon dit nie beheer soos alles anders nie. Dit was te natuurlik. En toe soen hulle. En haar mond was sag en warm en pienk. En toe glimlag hulle. En soen weer.

En later het hulle nog gesels en sy het hom vertel van haar fotografie en van die ou Hasselblad-kamera wat sy by haar oupa geërf het. En hulle het gepraat oor die stad en sy kunstenaars en sy geskiedenis en sy geboue.

...

Carnival Court. Dis na twee die oggend en Afrikaanse mense het seks op die dansvloer. Die nagtelike karnaval het tot 'n einde gekom. Die res van die partytjiegangers is reeds huis toe of op na hul kamers bo. Selfs die kroegmanne het al opgecash en gegaan na iewers anders om verder te party.

Dit is alles so toevallig opsetlik. Hy, vroeër op die kroegtoonbank bottel in die hand. Sy, oopmond onder met die drank wat oorloop en af teen haar mond en ken en keel. En hy wat dit oplek. Die musiek wat klop en hulle wat wydsbeen inmekaar vurkdans. En later vry op die stoep. Albei kameraad- en kamerloos. Klaarblyklik het hulle dit nie beplan nie, maar alles is soos gesê: so toevallig opsetlik volgens plan. En nou lê sy met haar kaal rug plakkend teen die houtvloer, terwyl hy op en af in haar skuif. En al wat hulle het is hierdie sterflike liggame. Wat verbete vasklou hyg kreun. Vergeet van die hiernamaals, van hemele en ewige lewens. Hierdie is iets oers.

Iewers na twee die oggend is Luka en die meisie op met die trap na Carnival Court. Hulle het vroeër, na die piekniek op Seinheuwel, by Roxy's in Dunkley Square iets gaan eet en wyn gedrink en nog gepraat oor die stad en sy verlede en die kunstenaars wat al in hom gebly het. En sy wou vir hom gaan wys in watter kamer André Letoit gebly het, toe hy in die tagtigerjare hier in Die Karnaval geleef en geskryf het. Sy is vriende met die eenaar en ken die wagwoord by die hek en hulle is saam by trappe op en sy het haar kamera by haar gehad, want sy wou van hom 'n foto in die kamer neem. En hulle het opgeloopt met die houttrap en 'n gespartel in die kroegarea gehoor. En toe hulle om die draai kom het hulle twee mense kaal op die dansvloer gesien lê, hul lywe

in mekaar verstrengel op die klam houtvloer, balkend soos diere.

Alhoewel hulle gelag het, het dit hulle ontstem. Van die jovialiteit uit die aand geneem. En hulle is op met die trappe na die derde vloer van die Victoriaanse gebou, tot by 'n deur van 'n dakkamer waarvan sy die sleutel gehad het. Hy wou vra hoekom sy 'n sleutel vir die deur het, maar toe hulle binne is besef hy hoekom.

"Ek kom bly hier wanneer ek inspirasie soek. Of wanneer ek te bang is in my woonstel."

"Bang vir wat?"

"Vir die donker buite . . .," sy lig haar arms omhoog en maak haar vingers soos kloue, ". . . wat klop aan die ruite."

Hulle gaan sit op die enkelbedjie. In die een hoek is 'n klein hangkas. Langs dit 'n houtlessenaar met 'n stoel. Die venster kyk uit op Langstraat en in die verte is die Bo-Kaap.

"So, het Koos Kombuis hier gebly?"

"Nie in hierdie kamer nie. Wel, ek het hom eendag ge-email en gevra. Maar hy kon nie onthou in watter kamer hy gebly het nie. Dalk was dit die een."

Sy staan op. "Kom kyk wat is hier in die kas uitgekrap."

Hulle stap oor na die hangkas en maak die deur oop.

"Gee vir my jou selfoon."

Sy sit die lig van sy foon aan en skyn in die kas. Agter teen die muur is daar woorde uitgekerf.

Hy lees hardop. "Ek is die karnaval. Ek is die vloer. Ek is die trap. Ek is die balkon met die staalballustrade. Ek is die dakkamer. Ek is die kas. Ek is die sweet van kaalvoete, wat nagte deur dans. Ek is die gekuier en skree in die gange. Ek is die taai vuil teen die mure. En buite langs my lê Langstraat en lag. Ek sien als verander, terwyl ek hier staan en wag.

So, ek nooi jou, kom klim in my are en spoel deur my bloed. Breek my pilare in jou mond. Laat ek kners en kraak in jou en kots my uit. Sodat ek dit kan oplek en dit aan die verhemelte van my plafon kan vasplak. Smeer jou liefdesnaat wydsbeen oor my maag. Laat ons wegval, verval en verdwyn in die voue van die gebou en mekaar vasspyker aan die balke wat ruik na potpourri, ingewande en braak.

Want dis al wat ek kan gee, want ek is vasgevang in die vorm van gebou."

"Cool, né?" sê sy.

"Wie het dit geskryf?"

"Ek weet nie. Ek dink iemand wat te lank hier gebly het. Hierdie gebou het 'n snaakse effek op mense. Jy het daai twee op die dansvloer gesien?"

"Dis tog nie die gebou nie?"

"Pieter-Dirk Uys het destyds 'n play oor dié plek geskryf. En Koos Kombuis praat hiervan in baie van sy boeke. Dis amper of die gebou hierdie aura het, waar die mense binne 'n medium raak vir wat die gebou wil sê of doen? En hulle dan hier vasgevang raak."

Hy lag dit af. "Nou begin jy net weer met jou bangmaakstories."

"Nee, regtig. Kyk hier." Sy skyn met die lig van die selfoon in 'n ander hoek dieper die kas in en lees: "Die deur is oop, maar ek kan nie hier uit nie. Die Karnaval het my ingesluk."

En dan skyn sy met die lig op 'n Bybelvers onder dit uitgekrap.

Hou jou weg van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie.

Spreuke 5:10

Hy lag en trek sy kop uit die kas uit. "Jy het dit geskryf, né? Nog 'n ou trick van jou."

"Ek het dit so gekry. Ek belowe." Sy kyk dringend na hom, dat hy haar moet glo.

"Dit beteken in elk geval niks. Dit was seker net 'n druggie wat een aand aan die verkeerde kant van 'n bad trip 'n mes of iets in die hande gekry het en dit toe sit en uitkrap het, terwyl hy balls trip."

"Dalk? Maar ek sê vir jou, daar is iets aan hierdie plek. 'n Kuns of kreatiwiteit of gees wat in dit leef. Kom," sy lei hom na die bedjie. "Kom lê hier."

Hulle gaan lê langs mekaar. Sy vat sy hand.

"Nou maak jou oë toe."

Hy maak sy oë toe. Hulle lê doodstil.

"Kan jy dit hoor?"

"Wat hoor?"

"Kan jy hoor hoe die gebou asemhaal?"

Hy hou sy asem op. En luister.

"Ek hoor niks."

"Luister."

En dan kom dit, amper soos 'n reeks visioene wat deur sy gedagtes flits. En hy weet nie of dit die wyn van vroeër is, of die mense wat hulle op die dansvloer gesien het, of die geskrif in die kas, of sy verbeelding is nie. Maar nou sien hy als. Die konstruksie van die gebou, toe Langstraat nog 'n grondpad was. Die formidable manne in aandpakke met sigare wat kuier en lag en rook. Die hoere wat later hier ingetrek het. Hul skellag en angsgille. Hy sien hoe die gebou voor hom verander, verouder, verrimpel. Hoe dit verbygangers inlok en dan binne hou. Want elke nuwe mens gee 'n bietjie energie, 'n bietjie lewe. Hy sien hoe André Letoit en Pieter-Dirk Uys hier sit en skryf en hoe hul geskrifte, hul pamflette, hul advertensies, dan die wêreld ingestuur word om nog besoekers, nog slagoffers, te lok. Hy sien die partytjies, die drank, die hedonisme.

Dan voel hy die meisie langs hom wat angsbevange sy hand vashou.

"Dis net jou verbeelding," fluister hy.

"Ek weet. Maar nou het ek iemand om dit mee te deel. En dit maak my bang."

...

Die volgende aand kuier hulle weer saam. Hy het haar gaan optel en vir die eerste keer na sy woonstel gebring. Sy het ingestap en als bekyk. En foto's geneem.

"Jy het baie notaboeke," sê sy en neem 'n foto van 'n stapel.

Hy kyk op van waar hy besig is om tee vir hulle te maak in die oopplan-kombuis.

"Dis jammer ons was toe nie op na die dakkamer by Carnival Court gisteraand nie, ek sou graag vir jou wou gewys het waar André geskryf het." Sy tel een van die notaboeke op en begin daardeur blaai. "Wat is in al hierdie notaboeke van jou?"

Hy kom die sitkamergedeelte ingestap met die twee koppies tee. "Kan jy dit asseblief toemaak."

"Ek kyk maar net." Sy sit die boekie neer en vat die koppie tee by hom. "Ek was so oor my fotografie, maar nou gee ek nie meer om wat mense dink nie."

"My skryfwerk is net heeltemal te persoonlik om met ander mense te deel. Ek skryf net vir myself."

Sy sit die koppie tee neer en kyk weer na die stapels notaboeke op die lessenaar en in die rak langsaan. "Hoeveel van die boekies is hier? Is dit almal joune?"

Hy knik en stap oor na 'n regop, dubbeldeur-houtkas teen die anderkantse muur. Sy volg hom. Hy sluit die kas oop. Binne, in rye en rye langs mekaar gepak en opmekaar gestapel, rak vir rak, is daar notaboekies. Van bo tot onder. Meeste gewone swart hardeband A5 Croxley-notaboekies met rooi ruggrate, ander met omslae van leer en paar van hout. Daar is ook pakke en pakke handgeskrewe blaaië, saamgebind met growwe tou of sommer net aanmekaar gekram. Als, die hele kas vol.

"Ek het nog nooit so iets gesien nie. Is dit als joune?"

Hy knik. "Maar dit is meestal maar net ou goed. Ek kry nie meer tyd vir skryf nie. Deesdae is daar eintlik nie meer tyd vir enige iets nie."

"Wil jy hê ek moet gaan, dat jy kan skryf?"

"Dis nie nodig nie."

Hy gaan sit op die rusbank wat na die venster gedraai is en uitkyk oor die swart see in die verte. Sy kom sit langs hom. Vir 'n tyd lank praat hulle nie, drink net hul tee en kyk na die see – hul televisie in die woonstel sonder een. Later vou hy haar toe in 'n wolkombers wat agter oor die rugleuning van die stoel hang.

Terwyl sy haar toemaak in die kombers vra sy: "Sal jy iets oor my skryf?"

"Ek weet nie. Dit hang af."

"Hoe werk dit? Werk jy uit wat jy wil sê en dan soek jy na die beste manier om dit te sê?"

"Gewoonlik skryf ek sommer net. Dit vloei net uit."

Sy lig een wenkbrou. "Vloei sommer net uit? As dit so maklik is, dan kan jy seker net hier sit en my nou beskryf."

"Ek kan seker, maar soos ek gesê het, ek skryf maar net vir myself."

Sy draai na hom en kyk hom in die oë. "Beskryf my. Beskryf my net soos ek nou hier is."

"Ek kan jou nie beskryf nie . . ." Hy draai weg van haar na die venster en die see. Vir 'n tyd lank bly hy so sit, dan begin hy: "Ek kan jou nie beskryf nie, want al wat ek sien is die pienk van jou mond wat bot teen die blas van jou vel. En die grasvlaktes van jou oë waarin ek wil weghardloop en myself verloor. Maar my woorde, hulle is net woorde, wat klop aan die deur van jou huis, en vra om my in te nooi, na daar waar dit warm is, sodat ons saam kan lê onder 'n wolkombers, voor die kaggel van jou heupe."

En toe hy klaar is, draai hy nie na haar nie. Bly net so sit en kyk na die horison, asof in 'n ander tyd en plek. En sy maak die kombers om haar los en trek haar

hemp uit. En skuif nader en gooi die ander helfte van die kombers om hom. En sy gaan lê met haar kop op sy skouer en vou die kombers toe om hulle. En hy bly kyk na die see, en later af na haar, en net voor hy haar soen, asem hy die parfuum van haar borste in.

14.

Sy trap die pedale van haar fiets hard en kwaad, met die frustrasie wat brand agter in haar oë. Hoekom sy links gedraai het by die hek weet sy nie. Dalk omdat sy weet dat daar niks daardie kant toe is nie. Dalk omdat sy twee dae gelede 'n man in daardie rigting sien verbyry het, en sy nou ook gaan soek na dit waarna hy sou gaan soek het, na 'n stilte stiller as die stiltes in die huis. 'n Stilte wat sy kan injaag en inskree.

Meer as 'n uur en 'n half ry sy al en sy het gedink die woede in haar sou stil raak met die trap, maar dit het nie, en sy begin gil. Sy gil terwyl sy hard teen die bult voor haar uittrap. En die gil bring trane en die trane maak haar van voor af weer kwaad en sy gil nog harder tot die trane self weg is. En gillend kom sy oor die bult en met die afkom sien sy onmiddellik die vier wiele in die lug, gevolg deur die liggaam in die middel van die pad. Sy trek die remme van haar fiets, stof en klippe spat en die bande gly-gly tot stilstand af teen die heuwel. Verbaas en half verleë bly sy net so staan, 'n ent weg. Die man beweeg nie. Lê net daar, een arm voor hom. Haar gil eggo nog teen die koppe in die verte. Vinnig vee sy die trane met die agterkant van haar hand van haar wange af. Saggies sit sy haar fiets neer. Instinktief kyk sy agter haar, maar daar is niks. Dis net sy en hy en die veld en die berge en die oop verte. Versigtig stap sy teen die bult af. Dit lyk nie of die man asemhaal nie. Die klippe en grond kraak onder die sole van haar leersandale en sy maak haar treë sagter en stadiger. Die stilte van die oop veld raas in haar ore. Die agterkant van sy kop is in haar rigting en van die kant af kan sy sien sy linkerarm moet by die skouer gebreek wees, want dit lê verkeerd om eenkant toe gebuig.

Sy hou haar asem op en betree die verbode heiligdom, want hierdie man is die eerste mens wat sy in weke sien. En nou mag hy dalk nie eens mens wees nie, maar dood wees en dan is sy steeds alleen, maar nou met 'n lyk in die veld.

Sy sluip nader, verby die motor wat eenkant onderstebo lê, verby die bagasie wat los gestrooi lê, tot in sy koel, oop binneruim. Sy mag dalk nou net gegil het soos 'n besetene, maar nou, in die stilte van die son wat op die vlakke brand, durf sy nie 'n geluid maak nie. Sy tree nader, verby die seilsak, verby die agterkant van die kop, verby terugdraai. En daar lê hy; menslyf met mensgesig en mensarms en mensbene. Voor hom stop sy en knak haar bene en sak af tot op haar hurke. Haar somersrok trek op en span styf. Sy oë is toe, sy mond gekurk. Hy is heelwat ouer as sy. Maar hier, van naby, lyk sy bruingebrande gesig amper jonk. Sy steek haar hand uit en hou dit

voor sy neus. Die lug wat daarvoor vloei is so skraal dat sy nie werklik kan seker wees of dit uit hom kom of van oor die vlakke nie. Sy hou haar hand stil en probeer konsentreer. Sy kyk na hom. Lank en sonder om te beweeg. Sy oë skiet oop. En sy snak en spartel regop en draai om en begin weghardloop, en sy kyk nie terug nie, hou net aan hardloop so vinnig as wat sy kan. Halfpad teen die bult op kyk sy vlugtig terug om te sien hoe naby hy aan haar is, maar hy het nie beweeg nie. Nie eens sy kop omgedraai nie. En haar bene begin spoed verloor en sy kom tot stilstand. Sy draai om. Haar hartklop bedaar en sy begin terugstap na die man. Toe sy nader kom kan sy sien hy is nou bewus van haar.

En sy vra saggies, terwyl sy weer omstap na sy gesig: "Is jy oukei?"

Die man beweeg eers nie, dan kraak sy een oog stadig weer oop. Sy lippe sê iets, maar sy kan nie hoor nie en leun effe vorentoe, maar nie so ver soos voorheen nie.

"Water," prewel hy.

Sy kyk om haar rond.

"In die sak."

Sy staan op en gee drie kort treë tot by die seilsak. Sy tel dit op en kom terug na waar hy lê, draai die prop af, lig sy kop met haar hand en kelk bietjie water by sy mond in. Hy sukkel om te sluk. Sy gee hom nog 'n bietjie. Hy sluk meer.

"Nie te vinnig nie." Sy vat die bottel weg en draai weer die prop op.

"Dankie," sê hy en gaan lê met sy kop weer in die stof.

"Sit jou kop hierop." Sy lig sy kop op en plaas die seilsak onder hom. Deur halfoop oë kyk hy na haar.

Sy gee hom nog bietjie water. Hy drink en rus dan weer.

"Het jy 'n foon?" vra hy.

Sy skud haar kop.

"Is jy hier met 'n kar?"

Weer skud sy haar kop. "Nee, met my fiets."

Sy oë frons. "Hier is dan so ver. Het jy tot hier gery?"

Sy glimlag verleë. En dan weet sy nie wat om verder te sê nie. "Kan ek jou dalk ophelp?"

"Ek dink nie ons moet my beweeg nie."

"Is jy oukei?"

"Ek dink so."

Sy bly op haar hurke langs hom. Die vlakke roer nie in die middaghitte nie.

"Kan jy dalk kyk of my foon werk. Dit moet iewers voor in die kar lê."

Sy staan op en stap oor na die onderstebo voertuig. Sy sak af, grawe rond en vind die foon. Sy kom terug. "Ek dink die battery is pap."

"Kan jy dalk iemand gaan roep om te kom help? Of 'n ambulans bel?"

"Daar is niemand by die huis nie en ons het nie telefoon nie."

"Waar is jou ouers dan?"

"My pa is weg met die kar na die Sperrgebiet."

"En jou ma?"

Haar oë ontwyk syne. "Ek het nie 'n ma nie."

"Ek is jammer."

"Dis oukei."

"Wanneer kom jou pa terug?"

"Gewoonlik eers aan die einde van die maand."

"Is jy alleen hier?"

Sy knik. "Maar ek is al gewoonnd daaraan."

"Hoe ver is julle huis van hier af?"

"Bietjie meer as 'n uur se ry met die fiets."

"Kan jy my foon vat en by jou huis gaan laai? Dan kan jy vir 'n ambulans bel sodra hy aangaan."

"Ek sal dit graag wil doen, maar ons het nie krag by die huis nie."

Hy frons.

"Alles werk met gas en hout."

"Dalk kan jy my foon hier in die kar laai."

Sy kyk na die kar en draai haar kop skuins. "Ek dink nie dit sal werk nie, maar ek kan probeer. Waar is jou charger?"

"Dit behoort nog ingeprop te wees daar in die middel, langs die ratkas."

Sy stap met die selfoon na die motor en klim voor in by die onderstebo kajuit.

"Ek het dit. Dis nog ingeprop." Sy prop die foon in en wag 'n bietjie. "Daar is niks nie."

"Dalk moet jy die kar aanskakel?"

"Hy is onderstebo?"

"Draai net die sleutel."

"En as hy ontplof?"

Hy lag deur 'n droë kug. "Dit sal nie ontplof nie."

Sy kruip om na die bestuurderskant. "Dis eienaardig so onderstebo."

"Is die kar in neutral?"

"Ek weet nie," sy kyk op bo haar, vrotel dan met die rathefboom. "Ek dink dit is."

"Dan kan jy maar net die sleutel draai."

"Is jy seker?"

"Wat is die ergste wat kan gebeur?"

Sy kruip uit onderdeur die deur. "Die kar kan ontplof met my hier binne in."

"Dit sal nie ontplof nie."

Sy skud net haar kop en kruip weer onder die motor in. Sy huiwer, dan draai sy die sleutel. Daar is 'n paar klak-klak geluide en dan is dit weer dood. Sy probeer weer. Weer net die klak-klak geluid.

"As hierdie ons ou Toyota-bakkie was het hy die eerste keer al gevat," spot sy. "Ons bakkie sou probably homself nog kon terugrol ook."

"Probeer weer."

Sy swaai weer die sleutel, maar dié keer is daar niks, nie eens die klak-klak nie. Handeervoet kom sy onder die voertuig uitgekruip.

"Ek dink ons het twee opsies," sê sy terwyl sy die sand van haar hande en knieë afstof. "Die eerste opsie is, ek vat my fiets en ry tot by Rosh Pinah. En met dié ou fiets van my behoort dit seker so twee dae te vat, want dit is als grondpad. Die ander opsie is dat ek vir jou hierso help, jou probeer regdokter en versorg, totdat my pa terugkom."

"En wanneer is dit, ek dog hy is weg vir 'n maand?"

"Hy is al vir meer as drie weke weg. Maar behoort oor so vier of vyf dae terug te wees, afhangende van hoe dit gaan met die delwery."

Hy sug.

"Ek dink die beste is as ek nou my fiets vat en Rosh Pinah toe begin trap. Ek sal net eers seker maak jy is gemaklik en uitgesorteer en dan by die huis stop om kampgoed te kry, want ek sal 'n nag in die veld moet oorslaap."

"Nee, dis te gevaarlik. Jy hoef dit nie te doen nie. Is daar geen ander mense hier naby nie?"

Sy skud haar kop. "Ons bly op ons eie hier. My pa hou nie van mense nie."

"Dan sal ons maar moet wag vir jou pa. Hoe kommunikeer jy met hom terwyl hy weg is? Of los hy jou sommer net hier?"

"Ja, ek is mos oud genoeg om vir myself sorg. Hy los vir my die kaste vol kos en die tenk vol water en maak seker daar is genoeg vleis in die yskas."

"Ek dog jy sê julle het nie krag nie."

"Dis 'n gasyskas."

"O, oukei."

Sy draai haar kop skuins en kyk na die koelhouer wat oop lê met die inhoud om dit uitgestrooi in die agterste bak van die motor. "Jy is seker honger. Kan ek vir jou iets kry?" Sy staan op en stap oor na die agterkant van die motor en trek aan die deurknip. Die knip is gejam. Sy stap eenkant veld toe en kom terug met 'n groot klip en gooi dit deur die agterruit.

"Hey!" skree hy vir haar, maar sy lig net haar skouers, skop die glas weg en kruip agter onder die motor in.

Sy kom terug met arms vol kos. "Die vleis is definitief al vrot, ek sal dit later begrawe, maar hier is 'n klomp vrugte en sjokolades en koekies en goed." Sy pak dit als uit voor hom. "Wat soek jy eerste?"

Hy kyk na die kos. "Ek dink die appel. Ek het net nie 'n hand om dit mee te eet nie. Maar daar is 'n knipmes hier in die sak onder my kop."

Sy lig sy kop op en haal die seilsak onder hom uit en grawe daarin. Sy haal die knipmes uit en sit die sak weer onder sy kop. Stuk-stuk begin sy die appel opsny en vir hom voer.

Hy glimlag tevrede terwyl hy kou. "Dit proe soos die hemel. Dankie."

"Warm appel?" Sy vat 'n hap. "Proe vir my soos 'n warm appel."

"As jy so lank soos ek sonder kos was . . ." Hy vat nog 'n hap uit haar hand.

"Hoe lank lê jy nou al hier?"

"Ek dink dis al twee dae."

"Jy is seker bly ek het hier verbygekom."

Sy oë knik.

Na die appel breek sy vir hom stukke sjokolade af. En daarna gee sy vir hom nog 'n bietjie water.

"Jou gesig is bloedrooi gebrand. Kom ek trek jou onder die skaduwee van die kar in."

"Dankie, maar soos ek gesê het, ek dink nie ons moet my probeer beweeg nie."

Sy kyk om haar rond op soek na skaduwee.

"Jy het darem 'n slegte plek gekies om jou kar om te gooi."

"Ek het dit nie heeltemal gekies nie. Dit het net so gebeur."

"Wat soek jy in elk geval uit op hierdie pad? Daar is niks hierdie kant toe uit nie."

"Ek het myself dit ook gevra."

"Het jy 'n tent daar agterin jou kar?"

"Nee, ek het nie 'n tent gebring nie."

"Wie ry al die pad hier in die niet in en bring nie eens 'n tent saam nie?"

Sy staan op. "Ek dink ek gaan gou huis toe gaan en ons *medic kit* en 'n paar ander goed gaan haal om jou te versorg. Ek behoort oor so vier, vyf, ure terug te wees. Is daar enige iets spesifieks wat jy soek?"

Hy kyk op na haar. "Kan jy dalk net 'n bietjie by my sit?"

Haar hart sak.

"Dalk kan ek eers gou 'n ander plan maak."

Sy stap oor na die motor. En kom 'n paar minute later terug met 'n kussing, 'n blou piekniekkomers en 'n paar houttakke wat sy langs die pad van 'n droë doringboom afgebreek het. Sy grawe gate langs hom en pak die takke aan weerskante van hom vas met klippe, dan span sy die blou kombersie bo-oor hom en haal die seilsak onder hom uit en sit sy kop op die kussing. Dan verdwyn sy weer en kom terug met die koelhouer vol kos gepak.

"Daarsy, jou skuiling is klaar. Dit behoort die son uit jou gesig te hou. En kyk ek het vir ons 'n hele koelhouer vol kos saamgebring."

Sy kom sit kruisbene langs hom. "Soek jy nog iets?"

"Ek is reg. Dankie." Hy lê en kyk op na haar. Sy het 'n verbleikte katoenrok aan met bruin sandale en het slierte vuilblonde hare. "Waar gaan jy skool? Is jy iewers in 'n koshuis?"

"Nee, ek gaan nie skool toe nie. My huis is hier en my pa leer my alles wat ek moet weet. Hy het my leer lees en skryf en wiskunde doen en als."

"En hoe gereeld sien jy ander mense?"

"Soms. Nie baie nie." Sy kyk na sy lyf wat leweloos agter hom lê. "Kan ek jou nie dalk bietjie skuif of iets onder jou sit nie?"

"Nee wat, dit is nie nodig nie. Ek voel in elk geval niks nie."

"Die son is warm, né."

"Ek weet."

"Kan ek langs jou hier onder die skuiling inskuif? Ek sal netnou vir ons ordentlike bedekking gaan haal by die huis."

"Dis reg, maar gaan kry die slaapsak wat daar iewers in die kar behoort te wees. Dan lê jy daarop."

"Goeie idee." Sy staan op en gaan kry die slaapsak. Dan kom rol sy dit oop en skuif langs hom in. "Dis beter. Ek weet nie hoe jy dit vir twee dae so in die son kon uithou nie."

"Mens byt maar vas. Die woestyn is hard, maar die lyf kan baie verdra. Hoe lank bly julle al hier?"

"Nog van altyd af. Mense sê ons bly eenkant, maar vir my is dit huis. Dit is al wat ek ken. Mense maak my angstig. Maar ons gaan tog soms dorp toe vir die nodige; vir voorraad, vir meel en koffie en saad en gereedskap. Maar my pa groei meeste goed self. Ons huis is langs 'n fontein en ons het ons eie groentetuin, ons eie skape en beeste. Ons sorg vir onself."

"Dis lekker."

"Ek het jou die ander dag daar sien verbyjaag naby ons huis. Waarheen het jy gejaag?"

Hy glimlag. "Ek weet nie. Net weg."

"Ek ken daai."

"Nee, ek dink jy is nog te jonk om te verstaan."

"Te jonk?" lag sy. "Ek weet na my ma weg is, is my pa uit die stad, weg van mense af. Ek ken weghardloop. Soms is dit nodig. Soms is dit goed."

"Maar julle bly hier in die middel van nêrens. Hier is niks. Hoe kan dit goed wees?"

"Dis goed, want hier is daar niks wat ons jaag nie. Jy moet dit dalk kom probeer. Sommer hier langs ons intrek."

"Ek weet nie. Dalk moet ek."

"Dan kan ons bure wees," glimlag sy.

"Dit sal lekker wees."

Vir 'n tyd lank bly hulle net so lê, hy op die grond, en sy langs hom onder die afdak wat sy gebou het.

"Dis so stil hier ek kan die plante hoor groei," sê hy later. "Dis heeltemal anders as in die stad. Ek kan selfs die insekte se voetstappe hoor kraak soos hulle oor die sand hier voor my verbystap."

"My pa sê altyd, dis so stil hier, mens kan die aarde hoor draai."

Hy glimlag. En in stilte sit hulle en luister na die groei van die plante en die fluisterkraak van die voetstappe van insekte en die draai van die aarde.

"Jou pa klink soos 'n wyse man."

"Hy is soms."

"Jy moet gaan as jy wil, né. Ek sal *fine* hier op my eie wees."

Sy lag. "So maklik raak jy nie van my ontslae nie."

Saam lê hulle in die koelte van die agtermiddag en later praat hy minder en sak weg in 'n ligte slaap. En iewers in die laatmiddag sluimer sy ook in. Sy droom van hom, van die man langs haar. Sy droom van die vreemde land waar hy vandaan moet wees. Sy droom van oerwoude vol wilde diere waarteen hy moes veg om tot hier te kom. Sy droom van reusagtige, donker stede waar hy deur swermende massas mense moes beur tot hier. Van die dorre droë woestyn wat hy moes oorkruis. En die verlate vlaktes waardeur hy homself moes dra om hier te kom lê. In haar droom wonder sy hoekom hy hier, by hulle huis van alle plekke, kom lê het. So op sy eie. Sonder mense. Sonder geskiedenis. Want hy is anders. Anders as die ander mense wat sy van die dorp ken, met hul groot pense en harde gesigte en vuil tande. Dalk is hy verban uit die land waar hy vandaan kom. Dalk kruip hy hier weg. Haar droom is verward en gevul met vrae. Iewers later sien sy hom opstaan en huis toe loop. En sy sien haarself bly lê in sy plek, namens hom.

In die vroegskemer word sy wakker en sy strek haar arms en bene. En hy lê net daar, oë toe, en rus. Later word hy wakker van haar beweging langs hom en al wat hy sê is: "Smaak my die wind kom op." Dan maak hy weer sy oë toe en sak weg.

Met die donker het daar 'n wind opgekom, 'n moordwind wat huil deur die kloue en met 'n gegil hardloop oor die vlaktes. En sy moes die kombes laat sak en die takke eenkant toe gooi. Sy het hulle toegerol in die slaapsak en kombes, asof dit 'n velkaros is, en langs hom ingeskuif en saam het hulle geveg teen die nag en die koue en die wind wat ruk en huil en dreig om hulle die ewigheid in te verdryf.

Iewers in die skadukant van die nag het hy wakker geword. Die wind het geruk aan die kombes bo sy kop. En hy het amper deliries gevra: "Is jy nog hier?" Want alhoewel sy hom vasgehou het, kon hy nie voel of sy daar was nie. En sy het

met haar hand aan sy gesig gevat en deur die slaap gesê: "Ek is hier." En hy het weer aan die slaap geraak.

15.

In die vroeë oggendure het hy 'n lig sien opkom teen die horison. "Verbeel ek my of is die son besig om op te kom," fluister hy.

En sy het iets gesê van: "Nee, dis nog te vroeg," en weer aan die slaap geraak.

En hy het lank gelê en kyk na die lig wat opkom. Tot sy oë begin brand het. En toe begin die aarde onder hom skud. En hy bly staar, vasgevang in die lig. En toe skeur dit oop onder hom. En hy gryp die meisie. En sy oë bly oop. En saam val hulle weg, die aardkors in.

Luka ruk wakker uit die droom. Hy is in 'n dubbelbed. Die wind ruk aan die ruite. Sy selfoon raas. Dis sy alarm. Hy druk dood. Dit is die begin van: week 3.

By die kantoor is alles deurmekaar. Die fone lui, almal tegelyk, en mense gil op mekaar, en gooi mekaar met goed.

"Wat gaan hier aan?" roep hy en sit sy leer-laptop-sak met 'n slag neer.

Toe hulle hom gewaar, stop alles. 'n Krammasjientjie klang nog soos dit 'n staaldrom in die hoek tref.

Jannes praat eerste: "Het jy nie die e-pos gesien nie?"

"Watse e-pos?"

"Die een van Chris Kuhn van BBDO. Hy het ons almal inge-CC. Ek weet nie eens waar hy ons almal se e-posadresse gekry het nie."

Luka haal sy foon uit sy sak en maak sy mails oop. Dit laai. Dan sien hy die e-pos van Chris. Hy klik daarop en lees.

Al wat dit sê is: *Kyk wat het ek.*

Hy klik op die attachment.

Die hele kantoor is doodstil in afwagting.

Dan kyk Luka op. Sy oë vlamme.

"Hoe de fok het hy ons voorlegging in die hande gekry!" Luka spoeg die woorde uit en klap 'n hoop lêers van die lessenaar langs hom af. Die lêers spat na die res van die span en val in flarde na die grond.

"Vra vir Marno," sê Jannes, sy moue opgerol en sy tatoeëermerke steek uit.

Marno laat sak sy kop. "Ek en Alé was uit Vrydagaand om te celebrate, want ons het geweet ons hét die pitch. Maar ek weet nie, daar was baie mense. En almal het

hard ge-party. En al wat ek kan dink is dat ek iewers in die madness iets moes laat uitglip het."

Jean: "Het jy die hele presentation laat uitgeglip?"

"Ek weet nie. Die flash disk met die voorlegging was in my sak, ek wou dit oor die naweek by die huis weer deurgaan, maar toe ek Saterdagoggend wakker word was dit weg." Hy vee sy hand oor sy gesig. "Ek is jammer."

Luka maak sy oë toe. Blaas uit. Hy probeer visualiseer wat kon gebeur het. Meer as die helfte van die mense wat in die stad werk is óf in media óf in advertising. Die kans dat 'n junior copywriter of ontwerper van BBDO saam met hulle ge-party het, is groot.

"Wat het gebeur? Vertel my. In detail."

Marno kyk op. "Ons was weer in Waiting Room, waar ek en jy die ander aand was, maar die keer was dit anders. Daar was iets in die lug, asof almal in die advertising scene bewus is van hierdie brief. En dis asof dit besig is om met almal se koppe te smokkel. Hulle te bedwelm. Hulle oë was wild. Maar ek dink ons s'n was wilder, want in my sak het ek die lottery ticket gehad, die wenkaartjie." Marno laat sak sy kop. "Ek weet nie hoekom ek dit gedoen het nie, maar ek onthou ek het eenkeer by die bar die flash disk uit my sak gehaal, dit in die lug gehou en geskree: 'Hierso is dit julle fokkers! Hierop is die antwoord waarna julle almal soek!' Ek het nie gedink enige iemand het my ernstig opgeneem nie." Hy kyk na Alé.

"Daar was so baie mense en so baie shots. Ek kan nie dink dat enige iemand eens aandag aan jou gegee het nie."

"En wanneer het jy besef dat dit weg is?"

Marno laat sak sy kop. "Eers die volgende oggend . . . by Alé se woonstel."

Alé kyk afkeurend op na Marno, dan na Luka.

Luka skud sy kop. Dan maak hy sy laptop-sak oop en haal sy karsleutels uit. Hy kyk op na Marno en Alé. "As ons julle nie nou hier nodig gehad het nie, sou ek julle net hier gefire het."

"As jy iemand wil fire, fire vir my. Ek is die een wat hom dronk gemaak het." Sy kyk verskonend na Marno.

"Dit maak nie saak wie wat gedoen het nie. Dit het klaar gebeur. Begin solank aan nuwe konsepte werk. Ek soek nuwe idees op my lessenaar voor die einde van die dag. Anders kan julle maar julle goed vat en loop."

Luka stap uit.

...

Luka bars by BBDO se kantore in. Die ontvangsdame spring regop.

"Luka," groet sy angstig.

"Ek is hier vir Chris. Roep hom."

"Chris is heel oggend in vergaderings en hy het pertinent vir my gesê niemand moet hom vandag pla nie."

Luka kyk haar stip aan: "Roep hom nou dadelik, óf ek gaan ruk hom persoonlik uit daai vergadering."

Sy spring op en skarrel in die gang af.

Luka bly in die voorportaal staan. Die kewers is weer terug in sy bloed, maar nou dreig hulle om hul pad uit te vreet.

Chris kom in die gang afgestap.

Hy kom staan bot voor Luka.

Luka sê nie 'n woord nie. Kyk hom net reguit in die oë. Die kewers klim op teen sy nek en maak nes in sy slape. Sy asemhaling is swaar en dreigend.

Chris hou sy kyk.

Die ontvangsdame kom teruggestap. Sien die twee in hul doodstaar, stop en draai om.

Die stilte kan met 'n mes gesny word. Hul oë is die lemme.

Luka sê iets skaars hoorbaar. Soos 'n vloek wat gesprek, gefluister word.

Chris sê niks nie, gryns net.

Luka se mond hou op beweeg. En dit is net hulle twee in die stilte wat alles om hulle donkerder laat. En Chris se oë is swart, selfvoldaan en gierig. En Luka se oë is blou vlamme.

Luka spreek 'n laaste sin wat eindig op die woord oorlog en hy draai om en stap uit.

...

Terug by die kantoor sit hulle in 'n halfmaan om Luka. Sy gesig is ernstig. "Ons gaan hierdie pitch wen. Maar ons gaan dit nie net wen om te wen nie, en om ál die besigheid te kry nie. Ons gaan dit wen, want ons is die uitverkorenes; gekies om 'n

taal te red. Hierdie is lankal nie meer net nog 'n brief nie. Dit gaan hier oor my en jou, en ons toekoms, en hoe môre gaan lyk."

Hy stap na die een hoek van sy kantoor, dan na die ander, asof die mure hom inperk. Dan draai hy terug na hulle. "Ons is nie onderdanig aan enige iemand nie. Mense voeg óf iets by óf hulle moet fokof. As jy niks goed het om te sê nie, bly jy stil óf jy fokof. As jy geen oplossings het nie, bly stil en luister. Óf fokof. Daar is nie meer tyd vir rondfok nie. Ons gaan hierdie pitch wen."

Hy kyk na die stram gesigte voor hom. "Is julle met my?"

Soos een man antwoord hulle: "Ja!"

"Gaan ons vir Christian Bester en die res van die fokken mensdom wys waarvan ons gemaak is."

Soos een: "Ja!"

"Goed. Nou uit my kantoor uit. Ons het werk om te doen."

...

Die aand toe hy huis toe ry reën dit weer, maar dié keer was daar geen kar meer langs die pad teen die bult nie. En hy het by homself gewonder of Vrydagaand, of die hele naweek, ooit gebeur het. Want hy onthou die reën en hy onthou Seinheuwel en hy onthou die Karnaval, maar nou op pad huis toe kan hy haar nie meer onthou nie. En dit als voel soos 'n droom. En hy ry verby haar woonstel, maar die ligte is af.

16.

Luka ruk wakker. Dit is yskoud. Hy is in 'n dubbelbed. Om hom is die vertrek donker. Buite ruk 'n wind of 'n dier aan die vensters. Op die bed se rand sit iemand haar hare en droogblaas. 'n Makaber dans in die bietjie lig van die bedlamp.

"Waar is ek?"

Sy draai om. Hy herken haar.

"Jy's wakker? Jammer ek raas. Ek moet vroeg iewers wees." Sy skud haar hare uit, staan op en kry 'n serp uit die kas. "Sien ek jou na werk?"

Hy kyk nog verward na haar.

Sy draai die serp om haar nek.

"Dankie vir die oorkom gisteraand. Sluit net as jy uitgaan." En sy maak die deur agter haar toe met die uitstap.

Hy bly alleen agter. Haar woonstel is leeg, arm, koud.

...

Dit is Woensdagoggend van die derde week. Die stad is grys. In Adderleystraat pak blommeverkopers blomme uit, maar hul koppe hang. In Keeromstraat stap advokate in swart pakke en met leertasse. In Langstraat vee winkeliers die vorige nag van die stoepe af. En op die agtergrond is die tafel steeds gedek, met die Leeu aan die een kant en Van Hunks aan die ander. Luka draai af in Houtstraat en betaal vir sy parkering.

Daar is 'n byt in die lug. Hy hardloop oor die straat en in by die deure. Binne staan John buite die hysbak en wag.

"Môre," groet John.

"Hoe gaan dit, John?"

"Help nie om te kla nie."

"Soms mag mens kla."

"Ek was vir vyf-en-veertig jaar in die polisie diens. Glo my, jy het niks om oor te kla nie. In jou werk skiet hulle nie op jou nie."

"Nog nie."

Hulle stop op die vyfde vloer. John skuif die traliehek van die hysbak oop.

Luka glimlag. "Hierdie ou hysbak gaan seker vir ewig hou."

"Hy sal gaan staan wanneer ek gaan lê."

Luka glimlag, knik en stap uit.

Die klokkie in die hysbak lui.

"Sien later," sê John en trek weer die traliehek toe.

Luka stap in by die agentskap. Die veldtogte teen die mure lyk verweer en die span mismoedig. Almal het grys of bruin aan en niemand praat nie. Die ontwerpprogram is oop op Jannes se rekenaar, maar daar is geen ontwerpe op die skerm nie. Jake krap die agterkant van sy kop en dan sit hy net en afkyk grond toe.

"Dit is soos 'n doodskamp hier binne."

Jean en Marno kyk vlugtig op.

"Wat gaan hier aan?"

Jean lig weer sy kop. "Daar is te min tyd. Ons het niks nie."

"Ons het dít gehad," sê Marno. "Geen ander konsep kom naby dit nie."

"Daar is nog tien dae," sê Luka en frons.

"Dis volgende Vrydag," sê Jean.

"Al wat ons kort is een idee. Net een." Luka stap oor na sy kantoor. "Maak vir julle koffie en kom na my kantoor. Ons gaan vandag nog hierdie dier slag."

...

Die klank is af. Maar almal se monde praat en hul hande beduie. Alé skryf so vinnig soos sy kan op die bord, terwyl almal idees uitroep en konsepte bylas. Dit is al donker buite. Dit krap aan die ruite en klop om in te kom. Maar binne is die ligte aan en die vensters is toe. Orals staan leë glase en koppies en pizza-bokse. En op die witbord is breinkaarte en strategieë en woorde soos: *volk, voortbestaan, vooruitgang, verval*.

Luka drink gewoonlik nie koffie nie, maar in sy hand is sy vyfde koppie van die dag. Die rand van die beker is al smerig. Hy vat 'n sluk. Die smaak wat dit in sy mond agterlaat is hard en bitter. Elektrisiteit klop deur sy are en hardloop af teen sy nek en ruggraat. En dit verhelder en verduister als tegelyk. Hy soek deur die kamers van sy kop na idees, maar almal om hom raas. En die kafeïen is in beheer.

En hy sien Jannes praat en hy sien Jean gulhartig verduidelik. En hy sien Alé wat alles probeer neerskryf en Marno wat amper dromerig vir haar sit en kyk en dan ook iets sê. En almal se monde praat. En almal se hande beduie. Maar hy is stil eenkant, op die rand van die tafel met die koffie in sy hand. En hy neem deel, maar

sonder om te praat. Sonder om enige iets te sê. Want hy dink op 'n ander manier as hulle. Nie deur te praat nie, maar deur stil te bly en te luister. En daar is parallelle tussen dit, tussen stil wees en dink, tussen eensaamheid en kuns.

En hy is eenkant, stil. Maar die angstigheid en idees en kafeïen jaag deur sy are en raas in sy kop. En hy wil sy hande ophig en vir hulle sê om op te hou, maar hy laat hul begaan.

En hy kyk vir hulle, hoe hulle in Afrikaans debatteer en dink. Hulle is almal nog so jonk. Hy net 'n paar jaar ouer. En hy wonder waarna hulle streef. Na 'n antwoord? Na 'n toekoms? Na 'n man of 'n vrou en 'n huis vol kinders? Na 'n volk? Na mense wat hulle hul eie kan noem?

Toe hy hulle inroep vanoggend het hy gesê: "Vandag slag ons hierdie dier."

Maar hier in die geraas besef hy, daar is geen dier om te slag nie. Ons ís die dier. Maar ons is nie op soek na 'n prooi of 'n antwoord nie, maar na 'n watergat waar ons ons dors kan les. 'n Watergat wat ons kan skilder en beskryf en ons eie kan noem.

Hy sit die koppie agter hom op die lessenaar neer, staan op en stap verby die opgewondenheid. En soos hy verbystap raak hulle stil. En hy stap uit by sy kantoor, deur die studio tot in die portaal van hul vloer. En verby die hysbak na die agterste deure en die brandtrap. Hy maak die deur oop. Buite is die aandlug vars en koel. En hy onthou hoe die meisie vanoggend haar hare drooggeblaas het op die bed se rand en vir hom geglimlag het, terwyl sy haar serp aan sit. En hy onthou hoe sy hom vasgedruk het op die bed die vorige nag en hom gesoen het, en hoe hy homself oorgegee het aan haar mond. Aan die mond van 'n vreemdeling. En vir 'n oomblik wonder hy of sy dalk sy waterput is, een wat hy kan skilder en beskryf en sy eie kan noem.

Maar voor hy sy gedagte kan voltooi, maak Jannes die deur oop. "Is als oukei?"

Hy kyk om.

Jannes stap uit tot op die brandtrap. "Dis koel hier buite."

Luka knik en kyk weer die verte in anderkant die geboue.

"Ek wil eintlik net vir jou kom roep om te sê: ek dink ons het dit."

Luka draai nie om nie. Maar terwyl hy die verte inkyk sê hy: "Is dit waarna ons gesoek het?"

En Jannes sê: "Ek dink so."

En Luka draai om en hulle stap in.

17.

Hy is 'n entrepreneur. Nie omdat dit is wie hy is nie, maar omdat dit is wat hy moet wees. En meeste van sy vriende is ook entrepreneurs, behalwe die wat nog by groot maatskappye werk en nie kans sien om hul eie ding aan te pak nie. En die wat studeer het om prokureurs en dokters en rekenmeesters te word.

Maar die meerderheid van sy vriende het hul eie ding begin en dit was al waaroor hulle gepraat het. En hulle moes, want die salarisse was te min vir huiskoop en familie begin. En wat is 'n mens as hy nie 'n huis en 'n familie het nie? En hulle het almal gebly in woonstelle in die stad. En in die nagte het hul wakker gelê met kommer en idees. En hulle het onder mekaar gepraat oor hoe om geld te maak, maar nooit te veel gedeel nie, want elkeen moes sy eie huis bou. En so was hulle almal vriende en vennote, maar ook vyande. En agterdogtig oor mekaar. En hulle het almal saam gekuier, soos toe hulle jonk en op universiteit was, maar nou minder gelag. Want die besef het ingetree dat as ek nie hierdie deal maak nie, of daardie transaksie beklink nie, as hierdie planne nie die lig sien nie, ek sal moet terug gaan. Maar daar was niks om na terug te gaan nie. En hulle het niemand blameer nie, net harder gewerk en meer planne gemaak en in die nagte wakker gelê.

18.

Dit is Vrydagoggend. Luka lê in sy bed met sy oë nog oop van die nag tevore. Die druk van die taak maak hom onrustig. Dit laat sy nagte deurmekaar en gevul met drogbeelde. *Watse heksekuns is dit dié*, dink hy by homself en staan op.

Hy het Woensdagaand laas die meisie gesien, maar net vlugtig. Dit was laat en hy was op pad huis toe van die werk af toe sy bel, asof sy kon aanvoel hy is naby. En sy het vir hom gevra hoe ver hy van haar woonstel af is. En hy het gesê: naby. En sy het gesê: ek kry jou onder. En toe hy om die draai na haar woonstelblok kom met sy motor staan sy buite in haar nagklere onder 'n straatlig. En hy was nie seker wat om daarvan te maak nie en het gevra of sy wil hê hy moet opkom. Maar sy sê toe, sy wou hom net 'n soen gee op pad huis toe. En hulle het gesoen en toe is sy weer op. En hy huis toe.

En die res van die week los die waansin hom nie. En nou is daar gate in sy mond. Dit is so groot hy kan sy vingers daarin steek. Buite-om is die sere 'n harde rooi en binne 'n geel wit. Die apteker sê dit mag dalk 'n vitamientekort wees, maar gewoonlik is dit as gevolg van spanning. Sy sê hy moet brandewyn gorrel.

Dit is Vrydagmiddag en die einde van die derde week. Hulle het die dinkskrumssessies herhaal en weer herhaal, maar die konsepte sukkel om bymekaar te kom. Hy trap die pedaal. Die verkeer op die snelweg uit die stad is stiller met die uitry na ses die middag. Hy is op pad na sy ouers vir die naweek. Sy ouma verjaar.

Die hoofstraat van die dorp waarin hulle bly is vervalle kafees, olierige takeaways en vuil tyre shops. Hierdie is veronderstel om middelklas suburbia te wees. Maar dit is nie werklik nie, nie in die Westerse sin van die woord nie. Dalk in die Suid-Afrikaanse sin van die woord, waar middelklas beteken: Daar is nie baie nie, maar altyd net-net genoeg om 'n lening te kry. Genoeg vir 'n kar, maar nie 'n vakansie nie. Want jy móét 'n kar hê. Vakansie is 'n luxury. Jy kan volgende jaar met vakansie gaan.

Met die inry herken hy ou vriende wat langs die pad by die bandediens staan en bier drink en kuier. Vriende wat hy nou nie meer ken nie.

Ons het naweke saam by die dam gedrink. Nie omdat ons sodanig wou dronk word nie, maar meer agter die opwinding en avontuur aan. Dit was 'n tyd vol reëls, sonder

enige verantwoordelikhede. Waar ons kon doen wat ons wou, maar waarin ons niks werkliks van waarde gedoen het nie. Behalwe om naweke by die dam of vriende se huise te drink. En ons het nie geld gehad nie, maar dit was nie nodig vir veel nie. Ons het drank in die onderste rakke gekoop. Nooit by duur plekke gekuier nie. En ons was altyd net buite en in die strate. En ons het gelag van die drank en meisies gejaag, maar nooit gescore nie. Daar was waves om te surf, velde om in te speel en damme om by te drink, maar dit was al wat daar was.

Die straat na hulle huis lyk soos al die ander. Al die huise is in die laat sewentigerjare gebou, van hulle in die vroeë tagtigs. Dit is al skemer en daar is niemand op straat nie. Na donker loop niemand meer buite rond nie. Veral nie nadat die oom in die straat twee blokke van hulle huis af die vorige jaar met 'n byl doodgekap is nie.

Middelklas suburbia, dis van jou wat ek weghardloop. Dit voel nou soos 'n leeftyd gelede wat ek hier gebly het. Was dit nie vir die herinneringe nie, sou hierdie tyd tot in die vergetelheid vervaag het. Want hier is ek nie meer nie. Hier bly ek nie meer nie. Want ek is besig om te verander en te probeer groei en bou en skaaf aan 'n nuwe ek. Want hierheen kan ons nie terugkom nie. Hier, waar alles 'n bietjie moeiliker en 'n bietjie swaarder is.

Hy stop buite hulle huis – die huis van die reuse. Hy stap in. Binne sit sy pa en kyk rugby met sy voete op 'n voetbankie voor hom. Sy ma is in die kombuis saam met sy ouma besig om aandete te maak.

"Hallo, hallo," groet hy. Hy loer in by die kombuis met 'n bos blomme. "Hi, Ouma. Baie geluk met die verjaarsdag."

Sy ouma glimlag en kom nader gestap. Haar grys hare is netjies gekrul, maar sy dra 'n effekleurige baadjie wat al tien jaar oud en voos is. "En wie verjaar vandag?"

Eers dog hy sy maak 'n grap.

Toe praat sy ma: "Ouma het weer vergeet om haar onthoupille vanoggend te drink." Sy ma draai na sy ouma. "Ouma verjaar vandag."

"O ja, die kop van my." En sy kom nader en soengroet vir Luka.

Luka gee vir haar die bos blomme. "Geluk, Ouma."

Sy ma, die bekwame huisvrou, kom groet ook. "Jy lyk moeg."

"Ag, die verkeer was maar wild uit die stad uit."

"Kom sit. Ons gaan opskep." Sy roep ook sy pa voor die televisie. "Kom, ons gaan eet."

"Daar is nog net 'n minuut oor van die game, nou daar." Sy pa staan half op van sy stoel af. "Komaan, mister ref."

Sy ma sit die stomende bakke kos op die afkoelrakkies op die tafel neer. Die eindfluitjie blaas. Sy pa sit die televisie af en stap oor. "Hallo, hallo," groet hy Luka en skud sy hand. "Ons span het weer aangejaag vandag."

Luka skud net sy kop.

Hulle gaan sit by die bal-en-klou-imbuija-etenstafel. Teen die muur hang rame met laggende vakansiefoto's van 'n ander gesin. Dit is hul gesigte in die foto's, maar nie dieselfde gesin wat nou om die tafel sit nie. Op die foto's is hulle in die Kruger-wildtuin, kamp hulle in Namibië, hou hulle vakansie in Knysna. In al die foto's skyn die son en is hulle buite. Maar nou sit hulle hier in die huis, met die voordeur gesluit en die gordyne toegetrek.

Sy pa skink vir elkeen 'n glasier wyn.

"Nie te veel vir Ouma nie," waarsku sy ma.

Sy pa kyk vir hom. "Jou ma is reg, wat lyk jy so moeg?"

"Ons werk maar hard, Pa."

"En waarmee is jy besig wat jou so moeg maak?"

"Soos ek altyd sê: Ek is in die besigheid van besig wees," glimlag Luka.

"Dis reg, mens moet besig bly." Sy pa lig sy wynglas. "Op Ouma, baie geluk met die verjaarsdag. Mag daar nog vele mooi jare voorlê. Gesondheid."

Almal klink hulle glase en die deksels van die bakke word opgelig en hulle eet oondgebraaide tjops, en blomkool met kaassous en pampoenkoekies en slaai. Na ete bedien sy ma malvapoeding en tee by die rusbanke in die televisiekamer.

Na ete raak my ouma op die rusbank aan die slaap en my ma gooi 'n kombes oor haar. En sy lê net daar, oë toe, salig onbewus, asof sy al lankal uit haar liggaam verhuis het en daar net die dop en die nou en dan onthou nog oor is. Daar is 'n foto van my hier in die huis van toe ek twee jaar oud was. Ek en my pa en ma is op 'n grasperk in 'n woonstelblok met siersteenmure. Ek sit op 'n kombes saam met my ma. My pa is in die agtergrond in 'n kortbroek en plakkies met 'n tuinslang en 'n emmer op pad om ons kar te gaan was. Ons het toe nog 'n ligblou hatchback Mazda gehad. Ek kan die kar onthou want ons het dit nog vir jare gery, maar ek kan niks van die

siersteenwoonstel in Kaapstad onthou nie. Daar is 'n hele tyd van my lewe waarvan ek niks kan onthou nie. Hoekom nie? Was my brein nog nie ontwikkel genoeg om te kan onthou nie? Of was my liggaam nog nie gereed vir my nie? Asof ek, ek self, eers later daarin kon intrek. Dat my liggaam eers moes groei en ontwikkel om voor te berei vir my, vir die ék. En kon ek kies in watter liggaam ek wou intrek? Of is hierdie liggaam, in hierdie land, in hierdie tyd, vir my gekies? Of is ek net die gevolg van 'n onwillekeurige kettingreaksie en nou moet ek met dit saamleef?

Later, na nagereg en nog gesels en televisiekyk, raak sy pa ook aan die slaap op die bank en begin snork. Luka se ma staan op en maak eers sy ouma wakker en stuur haar bed toe, dan maak sy sy pa wakker, sê nag, en vat hom kamer toe. En Luka bly alleen agter in die stil huis. Hy los die televisie aan, maar sit die klank af en stap deur die oop, donker vertrekke. Teen die muur in die kroeg is daar 'n foto van sy pa in uniform met sy bevelvoerdersregalia, trots en formeel en nog nie grys nie, op aandag. En agter hom is die duisend vyfhonderd troepe van sy eenheid, almal net so netjies, net so trots.

Ons pa's is die helde wat alles moes opgee. Nie omdat hulle wou of omdat hulle dit nie verdien het nie, maar omdat hulle moes. En nadat hulle alles weggegee het, is hulle net daar gelaat, in die middel van hul lewens, in die middel van nêrens, in 'n land wat hulle nie wou hê nie. Hoe staan jy op van so iets? Hoe begin jy weer van onder na vyf-en-twintig jaar se diens en opbou? Alhoewel my pa in die weermag was het hy vir iets anders gestaan as die regering vir wie hy aan diens was. Ons is in 'n huis grootgemaak waar jy nie die k-woord mag gebruik het nie. In ons huis is almal gesien as mense, mense wat kos moet hê om te eet en 'n plek moet hê om te slaap. Maar nou is ons pa's se gesigte – soos Jan Rabie in sy reisjoernaal oor die Indiane in die Amerikas gesê het – geslote en dof, 'n verslane volk.

Iewers in die nag lui die foon in die huis en Luka skrik wakker. Maar teen die tyd dat hy opstaan, is sy ma reeds by die foon. Hy staan in die kosyn van die kombuisdeur, sy ma binne op die foon. Sy sit neer.

"Dis die ouetehuis. Dit gaan nie goed met een van die tannies nie. Ek gaan gou deurry."

"Ek sal Ma vat."

Vyf minute later is hulle in die kar en op pad na die ouetehuis. Die strate is steeds stil. By die ouetehuis groet die hoof suster hulle: "Naand, Matrone. Dankie dat u gekom het. Dit gaan nie goed met mevrou Marais nie."

Sy ma stap vooruit die siekeboeg in, gevolg deur die suster en dan Luka. Die siekeboeg is vol bedlêende oumense – museumstukke. 'n Uitstalling sonder begin of middel, net einde.

Die suster stap langs sy ma: "Sy het gevra dat u kom, want sy wil nie alleen doodgaan nie. Ek het vir haar gesê ons is almal hier, saam met haar, maar sy wou gehad het u moet ook hier wees."

Hulle stap af in 'n kort gangetjie tot by die laaste kamer. Binne staan die res van die verpleegpersoneel om mevrou Marais se bed. Hulle kyk op toe sy ma inkom. In die middel lê die bejaarde tannie inmekaargetrek, soos 'n vrug wat gegroei en rypgeword het, maar met die tyd verouder en saamgetrek het, haar sade klaar versprei, haar kinders klaar oorsee, besig om geboorte te skenk aan nuwe vrugte.

Sy ma groet die verpleegpersoneel: "Dankie, julle. Julle kan maar aangaan met jul ander take. Ek sal by haar bly." Sy stap na die bed en vat die tannie se poreuse hand in hare. Die ou vrou se oë flikker effe oop. "Moenie bekommerd wees nie, ek is hier by u."

Die hoof suster verskoon ook haarself en verdaag. Luka bly alleen in die kamer agter saam met sy ma. Hy staan bietjie nader.

"Is sy oukei, Ma?"

"Ja, maar sy gaan nie die aand maak nie."

"Hoe weet Ma?"

"Ek werk al lank genoeg met oumense. Later weet jy wanneer hulle gaan gaan. Jy kan dit sien aan hul gesigte. Hul neusies raak so dun. Sien jy?"

Hy knik. "Wie is sy?"

"Sy is net 'n tannie, wat vir my altyd die mooiste stories vertel het."

"En haar mense?"

"Haar man is al jare gelede oorlede en al haar kinders bly oorsee. Ons het hulle in kennis gestel, maar hulle sal nie betyds hier kan wees nie."

"Is daar enige iets wat ek kan doen?"

"Jy kan maar net rustig wees. Sy is oukei."

Luka gaan sit op een van die stoele agter teen die muur. En die kamer raak stil. Dit is net die vrou tjie wat daar lê, haar asemhaling skaars hoorbaar, en sy ma wat langs haar sit en haar hand vashou. Beide gebaai in die sagte gloed van die bedlamp.

Later prewel die ou tannie iets en sy ma lê vorentoe om te luister. En lank bly sy net so vooroor geleun en luister, haar kop skaars sentimeters van die tannie se roerende mondjie. En Luka probeer ook hoor wat sy sê, maar sy praat te sag en hy is te ver. En iewers deur die praat glimlag sy ma, asof sy iets oulik, amper humoristies gehoor het. En hy skuif vorentoe in sy stoel om ook te hoor. Maar die ou tannie se woorde is te sag, net 'n fluistering aan die ander kant van die vertrek. En later raak sy ma se oë glaserig en sy vee amper iets soos 'n traan weg, wat raar is vir Luka, want sy ma huil nie maklik nie. Maar iets wat die tannie gesê het moes haar geroer het. Toe die tannie klaar gepraat is, sit sy ma net terug en hou haar klein kloutjiehandjie vas.

En aan die einde was daar geen groot ophef of geraas nie. Die tannie het net al hoe sagter begin asemhaal en toe later nie meer nie. En vir lank het sy ma nog so gesit, met haar handjie in haar hand, totdat die tannie se lyf koud geraak het en sy heeltemal weg was. En toe het sy opgestaan en die susters gaan roep om die lyk weg te neem.

By die huis wag sy pa vir hulle by die kombuistafel. Hulle stap in en sy pa staan op en gee sy ma 'n drukkie en sê vir haar iets.

"Dankie," sê sy ma en soen sy pa op die wang. "Ek gaan bietjie lê." En sy stap kamer toe.

"Soek jy koffie?" vra sy pa.

Luka knik en gaan sit by die kombuistafel. Sy pa lig die pot van die perkoleerder af, haal nog 'n beker uit die kas, en kom sit langs Luka.

Terwyl sy pa vir hulle elkeen 'n koppie koffie skink vra hy: "Skryf jy nog?"

Luka skud sy kop en vat 'n sluk van sy koffie.

"Ek hoor nie van baie ander jong skrywers daar buite nie. Daar mag dalk 'n gap wees vir jou?"

"Daar is nie baie waarvan ek weet nie, want ons mark is te klein. Die geld is te min, so al die skrywers moet ander werke doen om die potte aan die kook te hou. En wanneer mens moet werk, is daar maar min tyd vir skryf."

"En hoe gaan dit met die besigheid?"

"Dit gaan aan." Hy vat 'n sluk van sy koffie en saam sit hulle in stilte. Buite deur die venster is dit stadig besig om lig te raak. Luka kyk daarna en onthou hoe die susters die tannie se lyk opgetel en weggeneem het. "Pa, waar gaan ons eendag begrawe word?"

Sy pa kyk op, amper onkant gevang. "Ek weet nie. Die familie het die plaas waarop jou oupa en al ons mense begrawe is verkoop. So, ek weet regtig nie." Hy kyk af na die koppie in sy hand, dan glimlag hy. "Dalk sommer hier in die agtertuin."

Luka glimlag.

"So, jy sê dit gaan goed met die besigheid?"

"Ons byt maar vas, Pa."

Sy pa vat 'n sluk van sy koffie. "Jy weet daar kom 'n punt waar mens ophou probeer en net oorgee en deel raak van die ander, van die res wat by die verkeersligte staan met hul borde en songebrande gesigte en yl hare. Want mens kan net vir só lank aanhou, maar jy moet nooit opgee nie, my seun. Ons mag nie nog meer verval nie. En ek weet ons wil almal help, maar hoe kan ons as ons skaars onself kan help? Die regering vat vir die regering se mense en die groot maatskappye vat vir die direkteure, en hul beheer die prys, want hul beheer die mark, en die res van ons hou net aan probeer en hou net aan gee, totdat ons nie meer kan nie en self moet begin vra."

Hy vat 'n sluk van sy koffie. "Maar niemand wil gee nie, want almal wil net neem. En ons hou ons deure toe en tint ons vensters en bou ons heinings hoër en kla binne oor die wat buite klop en krap en vra. En dit is hoe dit is en sal wees tot iemand of iets meegee. En kla of skree is nie genoeg om verandering te bring nie. Want die met min om te verloor wil nie opstaan nie, want hulle is bang hulle verloor die laaste bietjie wat hulle het en word soos die ander, buite langs die verkeersligte. En die met niks om te verloor, het niks om voor op te staan nie, want hulle weet nie hoe dit is om enige iets te hê nie. Hoe kan jy opstaan en veg vir iets wat jy nog nooit gehad het nie, net al gesien het, maar nie ken nie? En die met alles klou vas aan dit wat hulle het. En daar is geen integriteit of welwillendheid of gemeenskaplike broederskap in hierdie sisteem nie. Want almal sê nie: Fok die res, ek het gewerk vir wat ek het. Dit is my grond, my kos, my goed, eer my, gooi jou laaste goue munte in my hoed, nie net jou tiende nie, maar alles wat jy het." En hy sit sy koppie neer en kyk stip na Luka. "Maar jy moenie moed opgee nie, my seun, want hierdie land soek nie mooi en maklik nie. Dit soek bloed en sweet. Die soort wat teen jou slape afdrup."

Luka laat sak sy kop. "Ek weet. En my blaam . . . my blaam is, dat alhoewel ek niks daarmee te doen gehad het nie, die sonde van die verlede nog steeds in my bloed hang. Ek het niks bygevoeg of weggeneem van wat in ons land gebeur het nie. Ek kon dit nie teenstaan of beaam nie. Inderwaarheid het dit niks met my te doen gehad nie. Maar tog moet ek die gevolge dra. Tog moet ek die kruis dra. Ons almal moet. En daar is niks wat ons daaromtrent kan doen nie. Want ons moet die sonde dra. Want die sonde het ons bevoordeel. Al het ons nou niks nie; ons het die sonde."

En die son begin opkom deur die kombuisvenster en Luka vra: "Hoekom praat ons oor hierdie goed as dit niks kan verander nie."

"Want dit is al wat ons kan doen. Want soos jy sê: Ons is besig om dood te bloei. En hier is geen verbande en pleisters nie, net grond wat ons op die wonde kan pak om te hoop dat dit die bloeding sal stop. Maar dit is grond waarin ons nie begrawe mag word nie."

En hulle is stil. En later staan sy pa op en vat sy leë koppie by hom en gaan sit dit in die wasbak. En by die wasbak draai hy om en sê: "Dit is hoekom ek verkies om liewers rugby te praat." En hy glimlag en stap uit.

En die middag in sy kamer by sy ouers skryf Luka.

Kom ons bou skepe. Nie net van woorde en papier nie, maar van hout. Slaan saam met my die spykers in. Kom ons kyk na die kaart en beplan ons roete. Nie net na eilande toe nie, maar na nuwe hawestede, waar ons trots kan staan en ons naam trots op ons baadjiepante kan dra. Want ons ken die see en sy getye. Ons weet hoe om vis te vang en brood te bak en water te maak. En dis al wat ons nodig het. Dit en ons kaart met ons seile. Hys die vlag, dat ons die reis kan begin, want dit gaan lank en hard wees en daar mag dalk selfs nog storms voorlê. Maar ons is sterk en sal vasbyt en deurdruk en aanhou, totdat ons anderkant uitkom. En met ons koppe omhoog sal ons die nuwe land inloop en gaan water drink by hul koel fonteine.

19.

Dit is Sondagaand. Ek is terug van die naweek by my ouers. En nou is jy kaal in my bad. Jy het ingewaai met 'n rukwind wat gedans het om die pante van jou romp. Onder jou arm het jy 'n groot reënjas gedra, maar jy het dit nie aangehad nie. Net eenkant oor 'n stoel gegooi en toe gesê jy wil gaan bad.

En na jy gebad het stap jy kaal na die venster en ek gooi vir jou 'n kussing om jouself mee toe te maak, want die bure kan dalk in sien. En jy hou die kussing voor jou en staan met jou rug teen die venster, jou boude teen die ruit, en toe jy later na my toe kom, bly daar net twee ronde wasemkolle agter.

En ek bêre jou in my kies, jou aarbeimond, jou heuningtong.

Vroeër, op pad terug van my ouers, het ek jou sien dans, kaalvoet, tussen varings. Maar nou is jy naby, so naby jy is uit fokus. En ons fluister soos duiwe. En hierdie lyf waarin ek myself bevind laat my verwonderd. Soos wilde lote groei dit uit my wese. En jy lê langs my, hunkerend na hierdie lyf. En ek kan dit nie verstaan nie. Jy is soos 'n wind. Wat ruk aan my.

En ons lê in eenvoud in dekens, tussen afdopmure. En die dae is blind vir wat net die nag kan voel. En alles raak stil. En jy leun vorentoe om my te soen. En ek trek weg. Dan lê jy weer vorentoe en ek asem jou in, net voor ons lippe raak. En ons albei weet dit is hoe soene moet wees. En geel skoelappers ontplof uit jou binneste en vul fladderend die vertrek en gaan sit op meubels en vloere en mure en teen die plafon.

En ek word wakker in die vroegoggend, in min slaap, en jy is weg, maar die beddegoed langs my is nog warm.

20.

Dit is Maandagoggend; week vier. Luka stap in by die kantoor. Almal is reeds aan die werk. Hy roep hulle na sy kantoor vir die weeklikse status meeting. Hulle bespreek kortliks die werk wat vir al hul ander kliënte gedoen moet word, daarna verskuif hulle hul volle aandag na die brief. Hulle gaan deur wat hulle reeds het en wat nog gedoen moet word. Luka deel opdragte uit, sê wie wat moet doen en staan dan op.

"Ons present Vrydagmiddag teen die ander agentskappe aan Christian Bester. Ons het minder as vyf dae oor. Let's beat this thing."

Die res van die Maandag is 'n chaotiese warboel van foonoproepe, kliënte wat kla en vra waarom hul werk laat is, job bags, briefs, kort dinkskrumssessies, oplossings vind, ontwerpe en kopielyne wat na kliënte gestuur word, nog oproepe, nog kliënte wat kla, verduidelikings, strategiese beplanning, e-posse, veranderinge wat gemaak word, advertensies wat goedgekeur word, middagete by lessenaars, koppies koffie, koppies tee, nog koffie, vrae, gejaagde antwoorde, dokumente wat na drukkers gestuur word, advertensies wat ge-export word, idees wat uitgespoeg word, nog werk, nog idees, nog kreatiewe inspanning, gevolg deur nog koffie, en nog e-posse.

Die foon lui. Dit is Chris van BBDO.

"Hi Luka, ek bel sommer net om te hoor hoe julle vorder?"

Luka antwoord nie terug nie.

"Ek weet ons het bietjie vuil gespeel, so ek bel eintlik met 'n vredesoffer. Ons wil vir jou 'n aanbod maak."

"Ek luister."

"Kom ons kyk gou na die feite: Die grootte van jou agentskap alleen is genoeg rede vir Christian om julle nie te kies nie. Die werklike kompetisie is tussen ons ander drie grotes. En jy weet dit. Jy is maar net genooi omdat jy toevallig ook een van die finaliste was. Julle is 'n klein agentskap met min ervaring, veral wanneer dit kom by die bestuur van groot bemarkingsportefeuljes in diverse velde. Daar is geen manier dat Christian Bester dit alles aan jou sal oorgee nie. Verstaan jy?"

Luka antwoord nie.

"Ek weet ons het ons verskille in die verlede gehad, maar voor dit het ons goed saamgewerk. Ons was 'n span. En ek wil hê dat ons weer daardie bande heg. Ons agentskap het klaar 'n nuwe konsep wat veel sterker is as die oorspronklike een

wat julle gehad het. En ons gaan hierdie pitch wen. So, nou wil ek vir jou die geleentheid bied om dit saam met ons te gaan voorlê. As deel van ons span. Want as ons saamsmelt, is ons gewaarborg om nog baie ver te gaan."

"En wat kry ek daaruit?"

"Ons sal jou die sekuriteit van 'n groot agentskap gee, jou 'n aandeelhouer maak, jy sal deel in die winste, met minder stres en meer geld."

"En dan moet ek onder jou werk?"

"Ons sal jou natuurlik die titel van skeppende hoof gee. En ek sal as uitvoerende skeppende hoof toesig hou oor al die werk."

"So, eerstens steel jy ons werk en nou wil jy jou kompetisie uitkoop? Ek kan dit nie glo nie. Daar is geen manier dat ek ooit onder jou, saam met jou, of eens naby jou sal werk nie. Want jy lieg en bedrieg en manipuleer jou pad oop op boontoe. Jy is wat verkeerd is in Afrikaans."

Chris lag. "Jy is bleddie arrogant vir iemand van jou ouderdom. Ek is seker jou ander kliënte voel afgeskeep die laaste paar weke. Ek sal nie verbaas wees as jy selfs al van hulle verloor het nie. Hierdie is 'n vredesoffer, om te wys ek wil mooispeel, dat ek jou wil help. Saam kan ons die wêreld oorneem." Hy bly vir 'n oomblik stil, om te wag op 'n antwoord van Luka, dan vervolg hy: "Maar lyk my nie jy stel belang nie."

Luka sit met die foon teen sy oor. Chris wag vir sy antwoord. Langsaan in die studio, kan hy hoor dit is steeds chaos, die telefone lui en mense skree op mekaar en iewers val iets. Hy kyk na sy rekenaarskerm, na die konsep wat nog nie daar is nie.

"Is jy nog daar?"

Luka vat die foon vas. "Dankie vir jou aanbod, maar sal jy asseblief ophou om my te pla. Ek het werk om te doen."

"Dis jou begrafnis," sê Chris en sit die foon neer.

Die aand kom Luka by die huis. Sy kop sing. Hy sit sy foon af, maak die gordyne oop en gaan sit op die rusbank voor die venster. Die res van die woonstel is donker en hy sit net daar en wag tot die gesing in sy kop stiller raak. Later trek hy die kombes op die rugleuning oor hom en draai skuins in die bank, sy kop op 'n kussing. Diep in die nag word hy wakker op die bank, nog in sy werksklere.

Daar bly nog iemand in hierdie huis. Ek weet dit, want ek sien die persoon se klere op die vloer, sy leë koppies wat op tafels en kaste agtergelaat word, uitgeskopte skoene in hoeke, notas op papiere in 'n ander handskrif, foto's teen mure van mense wat ek nie ken nie. Dit is drie-uur die oggend en ek skryf my bedankingsbrief. Dit is drie-uur die oggend en ek is op 'n dansvloer. Dit is drie-uur die oggend en die sinne bly kort. Dit is drie-uur die oggend en daar ruk steeds iets aan die ruite en ek is bang.

Ek het 'n boek geword met 'n hartseer einde. Dae voel soos minute en weke soos ure. Die laaste drie weke voel soos drie ure. En die laaste drie jaar soos niks meer as 'n paar dae nie. Ses-en-'n-half dae om presies te wees. Tyd voel of dit al vinniger beweeg. En tog staan ek doodstil en kyk na die muurhorlosie en wag vir die volgende sekonde om verby te tik. En dit gebeur nie.

Hierdie het my elke dag geword. Die kraaie, my enigste vriende, volg my deur die stad. En agter hoeke kruip daar drogbeelde vir my weg. Hulle wag vir my. Met messe. En die wete laat my met 'n eienaardigheid wat ek nie kan skud nie.

Dit is drie-uur die oggend. En my oë bly oop.

...

Dinsdag stop die chaos nie. Alles is soos die gejaag van die vorige dag. Die enigste verskil is dat die deadline nou nog nader is. Hulle werk hard en laat en aaneen. Sonder oponthoud, sonder breuke. Net werk werk werk.

21.

Sy oë skrefie oop. In die voordag hang die veld in portrette om hulle. Die meisie slaap nog langs hom. Alhoewel hy anderkant toe kyk en haar nie kan sien of voel nie, weet hy sy is daar, want hy kan die hitte van haar liggaam aanvoel. En saam lê hulle langs mekaar in die bietjie wind wat oor die vlakke stoot.

En hy dink by homself hoe elke liggaam 'n naam het, maar hoe hy nog nie die naam van die liggaam hier langs hom ken nie. Die liggaam wat hom so onverskrokke help. Maar alhoewel hy nie haar naam ken nie, is hy dankbaar dat sy hier is. En hy maak sy oë toe en bid vir 'n gloeiende wolkkolom wat vir hulle rigting sal gee deur die dag en die skadu's van die nag wat later voorlê. Want sonder rigting ís hy net hÍér in die nimmereindigende tussenwêreld, op die grond, in die middel van die pad.

En hy kan nie meer enige van sy eie drome of ambisies onthou nie. Hy kan nie meer onthou wat hom so gejaag het nie, want hier is geen sperdatums nie. Net hulle twee, langs mekaar, in die bietjie wind.

En toe sy wakker word lê sy net en kyk vir hom, sonder om enige iets te sê. En toe hy sy kop draai na haar kant, sien hy haar oë is oop en hy dink: *Watter snaakse goed is oë, hierdie klein ronde goed wat vir jou brein, siel en wese wys waar jy is en hoe dit om jou lyk en langs wie jy lê.* En hy dink: *Hoe moet ek vir haar lyk?* Maar hy kan dit nie visualiseer nie, want hy kan nie meer onthou hoe hy lyk nie. En hy het weer sy oë toegemaak, en probeer om nie meer te dink aan dink nie.

En later vra sy vir hom: "Luister, kan jy dit hoor?"

En hy het nie geantwoord nie, want hy het geweet waarna sy verwys. En saam het hulle geluister na die dreuning van die stilte en die draai van die aarde. En toe die son opkom, verbrokkel hulle in 'n duisend stukkies en dryf weg met die bietjie wind.

Later die dag het die son warm op hulle begin bak en hy sê vir die meisie: "Dis droog hier."

En sy sê: "Dit was nog altyd droog hier. My pa sê dit het nie eens met die sondvloed hier gereën nie, want dit was nie nodig nie, want hier was nog nooit sonde nie en sal ook nooit wees nie." Sy glimlag. "My pa kyk maar na die wêreld op sy manier."

"En jy?"

"Ek het weer my eie manier van doen en kyk. Party dae gaan stap ek diep in die veld tot ek myself verloor. Dan leef ek net van veldblomme en wortels wat ek uitgrawe en gesels met die veldmense wat hier deurreis. Maar ek vind altyd my pad weer terug huis toe voor donker. En dan, in die aande gesels ek met my pa en vertel ek hom van al die goed wat ek gesien het. Die grootste ding wat my opgeval het is hoe baie ons soos al die ander diere is; op soek na kos en water." Sy kyk na hom. Hy lê net daar. Sy lippe droog. Sy lyf stil. "Is jy oukei?"

Hy probeer glimlag.

Sy hou op praat.

Dan gaan haal sy water. Sy skuif haar hand agter sy nek in, lig sy kop, en gee vir hom die water om te drink. Daarna begin sy die takpenne om hom opstel om weer die kombes oor hom te span soos 'n seil. Toe sy klaar is, kom lê sy weer langs hom. Die res van die dag loop die tyd stadig, soos naels wat groei. En hulle praat nie veel nie. Lê net in die singende hitte.

Iewers na middagete het hy begin hoes en daar was bloed in sy mond. En hy het dit weer afgesluk, want hy wou nie die meisie ontstel nie. En dit het hom in 'n somber luim gelaat vir die res van die middag. En alhoewel sy toe weer begin gesels het, was hy nie baie spraaksaam nie.

"Partykeer dink ek die aarde is 'n organisme," sê sy. "En ons net insekte wat op die organisme leef. Of altans, dit is my teorie. Ek het dit opgesoek in die ensiklopedieë by die huis, maar die boeke is oud. Hulle sê dat die aarde nie 'n organisme kan wees nie, want 'n organisme word gedefinieer as iets wat kan voortplant. Maar hoe weet hulle die aarde kan nie voortplant nie? Ek dink ons is net nog nie lank genoeg hier om dit te kon sien gebeur nie."

Hy glimlag vir haar slimmigheid, maar sy oë is swaar en sy asemhaling draal. "Ek is jammer, ek sukkel om te volg wat jy sê."

Hy hoes weer en dié keer sien sy die bloed.

Sy sit regop, skielik bekommerd. "Is jy seker jy is oukei?" Sy vee sy mond skoon met 'n stuk lap. "Ek dink ek moet iemand gaan haal. Ek gaan net gaan. Twee dae se ry is nie so ver nie."

"Dis nie nodig nie. Ek is net moeg."

Sy gee vir hom water, maar hy sluk met moeite.

"Ek dink ek het myself maar net te hard gedruk die laaste tyd. Dis lekker om vir 'n slag te kan ontspan."

Sy sit die bottel water weer langs hom neer. "Is jy regtig seker jy is oukei?"

Hy knik.

Nog bekommerd sit sy en kyk ondersoekend na hom, dan probeer sy om die onderwerp te verander: "Wat doen jy dat jy so hard moet werk?"

"My werk is om te sorg vir my mense, vir my familie. Om seker te maak dat almal oukei sal wees."

"Hulle kan seker vir hulself ook sorg?"

"Hulle doen. Maar dit is moeilik as die geld skaars is en die wolwe baie."

"Maar waarvoor kort jou mense geld?"

"Om te kan lewe."

Sy lag amper. "Mens kort nie geld om te kan lewe nie."

"Waar ek vandaan kom, kort mens."

"Waar ek vandaan kom, kort mens nie."

"Seker omdat hier nie wolwe is nie."

"Hier is ander gediertes."

Maar sy kan sien hy wil nie eintlik meer praat nie en sy staan op en stap na die kar om te kyk of sy iets kan kry waarmee sy hom kan help. Hy kan nie sien wat sy doen nie, maar hy kan hoor hoe sy rondkrap. Na 'n ruk kom sy terug en al wat sy by haar het is 'n notaboek en pen.

Sy kom sit kruisbeen langs hom. "So, vertel my meer van jouself?"

"Wil jy nou 'n onderhoud met my voer? Is jy so verveeld?"

Sy lig haar skouers asof om te sê: Wat anders?

"Het jy nie vriende by wie jy liewers wil gaan kuier nie? Ek kan alleen hier lê en wag tot jou pa kom."

"Hierdie is my vriende, die veld en die plante en die diere." Sy kyk om haar rond, dan na hom. "En jy."

Effe onkant gevang vra hy haar: "Hoekom gaan jy nie saam met jou pa wanneer hy na die Sperrgebiet gaan nie?"

"Ek het altyd toe ek jonger was, maar nou is ek oud genoeg om vir myself te sorg."

"Raak dit nooit eensaam so op jou eie nie?"

Sy onthou hoe sy die eerste dag, voor sy hom ontmoet het, gillend die pad afgejaag het, en bloos. "Net soms, as my vriende nie met my wil terugpraat nie."

"Ek het op 'n plek amper soos hierdie gebly toe ek jonk was. In 'n klein dorpie in die Karoo. Die lewe daar was soveel anders as waar ek nou bly. Ons het fietsgery skool toe, elke dag in die veld gespeel en dit was so veilig. Dit het gevoel of die son altyd skyn, selfs as dit sneeu, maar dalk was dit net omdat ek jonk was. Ons het nie lank daar gebly nie. En ek onthou nie meer alles nie. Maar ek mis dit. 'n Paar jaar gelede het ek eenkeer weer deur dieselfde ou dorpie gery. Na al die jare, na twintig jaar, na 'n leeftyd, het als verander. Die hoofstraat is nou vervalle. Helfte van die geboue se vensters en deure was toegekap met planke, hul sinkplaatdakke geroes. En die dam buite die dorp was vergete en droog. En ons huis, die huis waarin ons gebly het in daardie tyd; dit was die ergste van als. Die tuin is nou deurmekaar en bebos en die grasperk net stof en onkruid. Dit het haglik gelyk en in die agterplaas was daar honde wat geblaf het met bloed op hul tande. En dit was koud en daar was wolke voor die son. En kraaie."

"Jis, maar jy kan 'n ding beskryf. Watse werk het jy gesê doen jy?"

"Ek is in bemarking. Ek sê maar 'n ding soos hy gesê moet word om verkoop te word. Ek het my eie besigheid. So, my werk is eintlik meer as net bemarking. Ek moet sorg dat ons werk inkry, sodat almal elke maand hul salarisse kan ontvang en die skip kan bly seil."

"En geniet jy dit?"

"Ek love dit."

"En waar het jy geleer om so mooi te praat?"

"Seker maar by my ouers. Hulle het al van jongs af vir my altyd boeke gegee om te lees. Lees jy?"

"Ja, maar ek het al alles gelees wat in ons huis is. My pa het gesê hy sal nog boeke saambring. Maar ons sal sien. Hy kry nie altyd nuwes nie." Sy blaai terug in die notaboek wat sy vashou. "Wat is al hierdie geskryf hierin?" En sy draai 'n volgeskryfde blad na hom.

"Dis sommer niks."

Sy blaai aan.

"Moet dit asseblief nie lees nie."

"Jy is nogals angstig oor iets wat sommer net niks is nie."

"Asseblief ek smeeek jou, moet niks lees nie."

"Smeek my? Jy het nie eens vir water gesmeek nie. Hierdie móét dan interessant wees." En sy gaan lê op haar rug langs hom en begin hardop vir hulle

voorlees. "Daar is geen begin, middel of einde nie. Net ek nou hier en die oop pad voor my."

Hy stop haar. "Moet asseblief nie aangaan nie. Dit gaan my net embarrass."

Maar sy steur haar nie aan hom nie. "Hoe kan ek my pad terug huis toe vind as die konsep van huis nie eens meer bestaan nie." Sy stop. "Nee man, dis lekker." Sy gaan voort: "Al wat vir my nou bestaan is die ek, vasgevang in die gejaag. Ek het dit nie gekies nie. Of het ek? Dit maak nie saak nie, want dit is net hoe dit is. Die voortdurende najaag en opdeel en verander en aanpas. En daai kind wat gaan slaap het met die ruite oop op warm somersaande in die stil dorpie in die Karoo is nie weg nie, nie verlore nie, maar dood. Dis 'n verlede. 'n Illusie. Het daai kind en daai tyd ooit werklik bestaan? Was enige iets daarvan ooit werklik gewees? Want als voel nou soveel werkliker. Ons het uitgekóm na die lig en hunker nou terug na die donker. Weg van die oneindige betekenislose gejaag. Nie eens gejaag nie. Net 'n tussenbestaan, tussen geboorte en dood, tussen begin en einde. En nou, nou maak niks meer saak nie, nie eens die dood nie. Want selfs dit sal net nou 'n toevalligheid wees, iets waarvoor ek moet aanpas. Nou 'n momentele oponthoud, voor die groot onbekende."

Sy stop en draai na hom. "Ek wil sê dis mooi geskryf, maar dit klink soos 'n doodsbrieff."

"Ek het dit geskryf in 'n baie moeilike tyd van my lewe."

"Die datum hier bo-aan is dan net 'n paar dae gelede?"

"Ek het nie gesê wanneer dit was nie."

"Gaan jy nou deur 'n moeilike tyd?"

"Ek lê op die grond in die middel van 'n pad en kan nie beweeg nie, ek dink hierdie kwalifiseer as 'n moeilike tyd."

"Ek bedoel voor dit, voor die ongeluk?"

Hy skud net sy kop.

"Kom ons lees 'n ander stuk."

Hy sug.

Sy blaai terug deur die notaboek en begin dan weer lees: "En uiteindelik is dit net ek en jy. Ons twee wat wegkruip in die openbare hoekies van die stad: in agterstrate, in kamers, in woonstelle, op strande, in ander kamers in ander huise, tussen woorde, in restaurante, in strate. Net ek en jy alleen. Jy druk my vas: teen die trappe by Die Karnaval, teen lakens, teen mure, teen sand, teen gras. Die aarde kreun

en hyg en jubel en dans en sing en draai. En dis net ek en jy. Net ons twee teen die res van die wêreld in hierdie honger stad."

Sy blaai om. "Ek het jou lief, dogter van Jefta. So lief soos dit die liefde betaam. Vir ewig tydelik. Jy met jou vol mond en kaal voete. Hier in die laaste stuiptrekkings van winter is dit aan jou wat ek dink. Want wat jy is, is nie 'n huis met 'n hond in 'n woonbuurt met vriende wat oor naweke kuier op wynplase nie. Jy is nie films kyk op Vrydagaande en na markte toe gaan op Saterdagoggende nie. Jy is nie aandringerig oor settle en vasmaak en toesluit nie. Jy is net. En dít maak jou anders as al die ander.

So, dans met my, my lief. Gee my jou hand wat nou al in soveel ander hande ook gelê het. Vat my weg. Nie van die plek nie, maar van die verpligting. Knip die slotte van my sel en laat my vry. Gaan saam met my na daar waar ek nog nooit was nie. Na mense wat ek nog nooit ontmoet het nie. Ek wil saam met jou gaan bly in 'n berghut in Swede en uit die ys visvang. Ek wil in 'n dakkamer bly in Parys tussen die taal en die kuns en die vroue. Ek wil die trein vat deur Rusland en afklim by arm gehuggies en voel hoe die mense leef. Ek wil op 'n verlate eiland uitspoel met net 'n seilbroek en 'n knipmes. En dan wil ek gaan lê in die koel skadu's van palms. En ek wil jou sagte voetstappe hoor soos jy deur die tuin van ons eiland wandel teen die tyd wat die aandwind opkom. En ek wil nie wegkruip of vyeblare dra nie. Net wees."

Die meisie langs hom is stil, vir 'n lang tyd.

Dan sê sy: "Is jy seker jy is nie dalk 'n skrywer nie?"

"Skrywers skryf boeke. Ek maak advertensies." Vir 'n tydjie is hy stil, in sy eie gedagtes.

Sy sit die notaboek weg. Later word dit skemer en sy gee vir hom kos wat sy agter uit die motor gegrawe het. Na hulle geëet het laat sak sy die kombes wat oor hulle gespan was, en kom lê weer langs hom. Die aand is warmer as die vorige nag en hulle lê en kyk na die gewelf van die sterre bo hulle. En praat nie veel nie.

Later sê sy: "Jy weet ons kan net nou, hier, op hierdie tyd en plek, hierdie deel."

Hy glimlag, want hy het lankal besef sy is wyser as wat haar ouderdom voorgee.

Daarna het hulle nie meer gepraat nie en net gelê en kyk na die sterre bo hulle. Net voor hulle aan die slaap raak het hy vir haar gefluister: "Jy weet hierdie is amper die einde."

En sy het nie geweet wat om daarop te antwoord nie en het hom net vasgehou en later aan die slaap geraak.

22.

In die nanag het hy wakker geword. Hy het deur die slaap probeer omdraai, maar hy kon nie. En toe het hy weer onthou waar hy was.

Die meisie het langs hom geslaap en in die maanlig was sy net wit vel met wit mond en wit hande met wit vingers. Wit wit. Vir 'n oomblik het hy gewonder of sy nie dalk 'n spook is nie. Maar toe sien hy sy haal asem en hy ontspan. En met die kyk na haar beseft hy hoe klein die mondopening is, hoe klein die neusgate en lugpyp van 'n mens is in verhouding met die res van die liggaam, en hoe broos ons eintlik is. En hy asem in en sy asem is skor in sy stofkeel. En hy dink by homself: *Ons is almal eintlik maar net stof, suurstof, koolstof, waterstof, stikstof. Die aarde en die heelal, alles om ons, is ook net stof. En dit als gaan ook eendag vergaan en oplos in die multivers. En daar is niks wat ons kan hou en eien as teken dat ons hier was nie, want alles raak weg of gaan iewers verlore. En daar is niks wat ons daaromtrent kan doen nie. Want na alles, na 'n lewe, wat bly daar oor vir ons om te doen? Ons soek orals na antwoorde, maar vra nie die regte vrae nie. Ons moet nie vra hoekom leef ons nie, maar wáárvoor leef ons. Want ons almal gaan doodgaan. En dit is die wáárvoor wat saak maak.*

Al die vrae en beseft dreun deur sy kop saam met die geraas van die draai van die aarde. Hy sien die meisie langs hom en sê vir homself: *Vannag kan die dood wag.* En hy verbeel hoe hul glimmende wit liggame dans in die wit lig van die maan, 'n feesviering van alles wat rein en heilig is. En al wat hy is, is woord en gedagte en wind. En die beseft: *Hier gaan ek doodgaan.*

23.

Hierdie woorde – al die woorde wat ek nie mag skryf nie – krap in my keel, soos 'n verkoue wat uitgesweet moet word. Want alles wat ek wil en wat moet gesê word, kan nie. Dit is verbode. Nie teen die wet nie, maar verbode. Soos 'n onheiligheid wat nie aangespreek mag word nie. En ek probeer. Ek probeer óm die sensuur skryf, die realiteit vervorm en verwerk sodat dit verteerbaar kan wees, maar dit sukkel. Want hoe kan jy die woorde wat gesê móét word, wegwens? Hoekom sal jy dit wil verberg? Sodat hulle jǒú nie kan sien nie? Sodat jy kan inpas, terwyl jy deur die skaduwees dryf, sonder om jou opinie te lug of waarhede te spreek?

Ek is in die winter van my jeug en ek kruip weg in fiksie. Ek versteek myself agter verspotte woorde, sonder enige werklike betekenis of rede, net om aanvaar te word, net om in te pas. Maar in die laatskemer bekruip mense met messe my, min wetend dat ek reeds kaal in die gang staan en wag met 'n byl in die hand.

Ons bly in 'n tyd waar alles gesê mág word, waar niks meer skok nie, behalwe dié woorde wat ek nie durf uiter nie. Maar tog moet ek voortbeur, myself losskryf van hierdie inhibisies. Want wat gebeur met woorde wat nie ge-uiter word nie? Wat gebeur met 'n tong wanneer dit ingehok en binnegehou word? Dit raak soos 'n besetene, besete met die hunker na uiting.

Daar is 'n dier binne my wat net in die eerste persoon kan praat, want die alomteenwoordige en derdepersoonvertellers is te oneg en te ver verwyderd van die werklikheid. Winter is in die lug. Dit klop aan die deur. Die skottelgoed is drie lae hoog opgestapel in die wasbak. Die yskas is leeg. Die meubels min. En daar is net ek en dié woorde.

Hier bestaan nie meer kuns nie. Dis 'n land vol ou deurgewerkte konsepte. Rou gery. Leegetap. So, gee vir my 'n pen en 'n masker, sodat ek my kan uitspreek teen dit als, teen die verval.

24.

'n Geroeste bakkie laai hulle af in die hoofstraat en die bestuurder verduidelik vir hulle dit is net so kilometer af in die pad tot by die see. Cilliers en Peet hitchhike al vir meer as 'n week van Pretoria, af na die Kaap, op soek na werk. En hulle klere is vuil en hul gesigte stowwerig. En al wat hulle wil sien is die see. Want die see is hoop. En die see is genesing.

En toe hulle by die see kom, is dit nie so mooi soos hulle gedink het dit gaan wees nie, maar nie te min het hulle hul sakke neergegooi, in die hardloop hul hemde uitgetrek en eenkant toe geslinger, en ingedui. En die water was warmer as wat hulle gedink het dit gaan wees. En hulle het baljaar in die water en mekaar natgespat en gegil soos jakkalse. Want hulle was nog jonk.

Die aand het hulle nie slaapplek gehad nie, want daar was geen backpackers of nagskuilings naby nie. En hulle het opgekrul in hul slaapsakke, langs die publieke toilette op die strand. En iewers in die middel van die nag het die hoogwaterbranders oor hulle gespoel en hul wakker en nat gelaat en hulle het op die trappies gaan sit en wag tot die son opkom. Sodat hulle kon aangaan en kon werk kry.

En jare later het hulle mekaar weer raakgeloop buite 'n winkelsentrum in Pretoria-Wes en hulle het vir mekaar nog dieselfde gelyk. Maar tussen hulle was die jare en die oud word en die swaarkry. En al was hulle nog nie so oud nie, net bietjie grys in die hare, het hulle baie ouer gevoel. En nie een van hulle het 'n huis of 'n vrou of kinders gehad nie. Behalwe Cilliers, maar die vrou is weg toe die kind dood is. En in albei van hulle was daar nog die honger en die soek, maar die vuur was uit hul oë.

En hulle het saam gestap na 'n kroeg wat hulle geken het in hul jong dae. Een waar hul pa's altyd gekuier het en waar hulle twee destyds ontmoet het, met hul pa's wat rook en drink met snorre, terwyl hulle rugby kyk en op die ref skree.

Hulle het elkeen 'n bier bestel met los munte en by een van die buitetafels gaan sit en weer gesels oor hul reis daai keer af na die Kaap en hul avonture daar. En later oor die een-een terugkeer en elkeen se jare tussen toe en nou. En tussen toe en nou het daar baie gebeur, maar nie veel om oor te praat nie. Want dit was nie die tipe stories wat jy deel nie. En toe hulle biere klaar was het hulle net so langs mekaar bly sit met hul rûe teen die tafel en hul elmboë wat daarop rus. En die agtermiddagson het op hul gesigte gebak. En hulle het nog gesels en saam onthou hoe warm die water

was daai dag toe hulle by die see aangekom het vir die eerste keer. En hulle het gegrap dat hul weer moet gaan, weer moet gaan probeer. En vir 'n oomblik het hulle dit oorweeg, maar toe sak die son agter die koppe en die lug het koeler geraak. En hulle het weer onthou hoe die hoogwaterbranders hulle slaapsakke en klere en als nat gelaat het en hoe hulle op die trappies gaan sit en wag het vir die son om op te kom en als droog te bak, maar dit het nooit nie, want nog voor die son opgekom het, het dit begin reën en het die wind begin waai en dit het aanhou reën, elke dag, totdat hulle later terug is noorde toe.

25.

In die vroegoggendure het Luka 'n deurbraak. Dit kom gewoonlik wanneer hy skryf.

"Wat het jou inspireer?" vra Marno, nadat hy sy nuwe oplossing vir die brief aan die span voorgelê het.

"Ek weet nie." Luka glimlag amper verleë. "Ek dink ek was maar net kwaad."

"Ek hoop nie vir ons nie?" sê Alé.

"Nee, vir Afrikaanse mense in geheel. Vir myself. Dit is so ongelooflik dat ons ons eie taal het. Maar ons mense het bang en onseker geraak. Bang om die taal te gebruik. Onseker of dit nie dalk nog vir ou paradigmas staan nie. Maar dit doen nie. En dit is wat ek met hierdie nuwe konsep probeer sê."

"Dink jy dit sal genoeg wees om die taal te red?" vra Jannes.

"Ek weet nie."

Die res van die Donderdag sit hulle die voorlegging bymekaar. Jannes doen die ontwerpe, Jean skryf kopielyne, Marno werk nog arms by tot die strategie en Alé kry ondersteunende getuienis vir die bevindings uit haar navorsing. Daar is 'n stilte in die kantoor, die fone lui nie eens nie, asof selfs die buitewêreld weet hulle is besig met iets groter as hulself. En vir die eerste keer in 'n lang tyd is Luka amper rustig.

Die woorde is swaar. Die woorde van die tye waarvan daar nie meer gepraat word nie. Van oorlog en Die Depressie. Die tannie van honderd-en-drie, in die ouetehuis, praat nie daaroor nie. Hulle praat oor alles anders, maar nie daai gedeelte van hul verlede nie. Van die dae toe die glimlagte afwaarts gehang het, soos wilgertakke wat kepe in wange sny. Van die dae toe hulle besef het hulle moet werk om hul mense te red. Hulle het bloed, sweet en lewens in die grond getap. Maar hulle het dit verkeerd gedoen. Ten koste van ander. En nou kan hulle die armoede weer voel naderkruip. Om die hoeke en in by die agterdeur. Die tannie van honderd-en-drie sluit haar oë en vertrek. Sy sien nie kans om weer deur dit als te gaan nie. En ons sluit ons deure en kruip weg. Want ons is bang om ons land in die oë te kyk. Maar buite hyg die honger. En binne skeur die waansin ons uitmekaar.

Gee vir ons inspuittings om te vergeet. Vir ons almal wat arms in die lug in die nagklub dans. Sodat die grond nie meer die smaak van bloed sal onthou nie. Sodat al die ou tannies rustig kan raak en in die son op die stoep kan ontspan. En nie hoef te

praat oor die dae waaroor hulle nie wil praat en die toekoms wat dreig nie. Soen ons met versoeningsoene. Brand al die grense en die geld en die verlede. En laat ons saam droë huile huil vir die vergete vergeet, wat net die ou tannies onthou, as hulle kyk hoe hul tee 'n dieper bloedrooi trek. Verlos ons, sodat ons nie meer so onseker in ons eie huise ronddwaal, of so wanhopig met ons arms in die lug in die nagklubs dans nie.

...

Teen die einde van die dag sit hulle almal in Luka se kantoor. Hulle gaan 'n laaste keer deur die voorlegging, om seker te maak al die elemente is daar.

Luka kyk na die ontwerp wat Jannes gemaak het. Dit is 'n somber foto van 'n droë Karoo-landskap. Maar regoor die enorme landskap is rye en rye ruwe, houtkruise. Die kruise roep die beeld op van die bekende rye wit kruise op die grasgroen heuwels van die Lorraine-begraafplaas in Frankryk, waar daar meer as tienduisend soldate, wat in die Tweede Wêreldoorlog gesterf het, begrawe is. Van die inskripsies op die voorste kruise in die advertensie kan uitgemaak word: C.J. Langenhoven, Maggie Laubser, Verna Vels, J.H. Pierneef, Jamie Uys, Johannes Kerkorrel, twee grafte teen mekaar wat een kruis deel waarop staan, Ouboet en Yollie – *Orkney snork nie*. Nog 'n kruis waarop daar net staan: Die Briels. En so gaan dit aan, 'n hele taal vasgevang op kruise oor 'n dooie landskap. En dan, onder in die hoek van die advertensie net die woorde: *Begrawe ons nie*.

Luka sit die ontwerp neer. "Dit lyk goed, julle. Baie dankie vir al die harde werk. Hierdie konsep is die antwoord waarna ons gesoek het."

Hulle knik, maar niemand klap eens hande nie. Hulle het alles gegee en nou is hulle leeggetap. Stuk-stuk staan hulle op en verdaag. Môre is 'n groot dag. Dit is die dag waarvoor hulle die laaste vier weke gewerk het. En dit kom met 'n stilte, 'n skietstaking, want hulle het alles gegee wat hulle kon. Nou is dit net voorlê en wag vir die uitkoms.

26.

Donderdagaand. Luka ry huis toe. Hy wil haar nie bel nie, want hy moet rus voor die voorlegging die volgende dag. Maar hy kan homself nie help nie. Sy vingers is op outonoomloods. Hy tik haar naam in op sy foon.

Verlos my Kalipso, van jou suikermond en al die ander oordadige byvoeglike naamwoorde. Laat my my skip bou, sodat ek kan wegvaar van Ogugia, terug na my huis.

Die foon lui. Sy antwoord. Hy nooi haar oor en tel haar op op pad. En saam verval hulle in 'n liefkosing beter as wyn.

En tussendeur hul soene haal sy verse uit die Bybel aan.

"Jy is vir my 'n sakkie mirre wat tussen my borste lê, 'n bos hennablomme uit die wingerde van En-Gedi."

En hy haal aan: "Jy is mooi, jou oë is duiwe."

En sy gaan voort: "Jy is mooi, man wat ek liefhet. Ons bed is groen blare, ons huis se balke van seders, sy daklatte van sipresse."

En hulle lê, net hulle twee, saam alleen.

En hy vra: "Is dit liefde?" En die woorde fluister oor sy lippe.

En sy sê: "Dis nie nou die tyd om sulke vrae te vra nie."

En sy staan op en stap na die badkamer toe.

En hy bly alleen agter.

En sy bly lank weg.

En later kom sy terug en druk haar mond teen syne. En hy stoot haar nie weg nie, maar gee homself oor aan haar mond. En sy stoot hom neer en klim bo-op hom. En hul lywe is koel teen mekaar. En haar mond warm. Dan stop hy haar. En die lig van die maan balsem haar lyf ligblou. En 'n koel bries dans in vanaf die see en haar vel trek saam in hoendervleis. En die afwagting in haar lyf is tasbaar. Haar liggaam kreun. Sy leun vorentoe om hom te soen.

Maar hy stop haar weer en sê: "Daar is iets wat ek vir jou moet sê."

"Dit is nie nodig om te praat nie," sê sy en stoot sy hand weg.

En my oë is foto's. Ek sien jou mond, ek sien jou bene, jou hande en jou oë. Ek sien jou op die naat van jou rug rondrol en giggel. Ek sien jou kyk, ek sien jou glimlag, ek sien jou ingedagte, ek sien jou wonder.

En die meisie is beweging bo-op hom. En sy woorde val op die ritme van hul hyg. En dit gaan nie oor die erotiek nie. En nog minder oor die romantiek. Dit gaan oor dít waaroor ons nie meer praat nie. Dít waaraan ons nie meer dink nie. Want ons het te gewoon geraak daaraan. Ons sit nie meer oor nie, kliek nie weg nie, skip nie die scene nie, want ons is vasgevang in die liggaamsdans. Die maan weerkaats op die see en die see weerkaats oor haar arms en borste en middel en hul albei hou vas. Verbete besete. Hunkerend na dit wat die ander het, maar nie kan gee nie.

En nou, veral nou – nadat alles reeds gesê en geskryf is – is dit die eensame besef dat ons die oorsaak van ons eie ondergang was wat ons so wellustig vereer het. En in die aande het jou lyf geruik na rook en oker. En ons het wakker gebly tot net voor sonop, om die duiwe te hoor sing.

Maar iewers moes hy ingesluimer het. En toe hy wakker word in die vooroggend sien hy haar sit voor sy rekenaar. En hy was deurmekaar van die min slaap. En vra: "Wat doen jy?"

En sy het geskrik.

27.

Ek is Leroux se sewe seremonies van die dood. Ek is De Vries se uur in die Klein-Karoo. Ek is André Letoit se suburbia. Brink se ambassadeur in 1960's Parys. Ek is Jan Rabie in die dakkamer en Antjie Krog se lekhart en purperduif. Ek is Breyten se windvanger. Ek is Ingrid. Ek is die rook. Ek is die oker. Ek is dit alles. Want dit alles is die woorde wat my kieste vul en in my gorrel lui. En hierdie is 'n ode. My danklied.

Die mense skryf my voor, sonder dat hulle dit self eens beseef. Want hulle wil hê dat ek 'n skrywer moet wees. Hulle wil glo dat daar nog skrywers bestaan. Hulle wil glo dat iemand nog die krag het om die feite te spreek en dit op so manier te doen dat dit jou inspireer en wegvat. Hulle wil weer glo in skrywers. En dit is hoekom ek skryf, want ekself wil ook glo dat daar nog regte skrywers is.

En dít is hoekom ek moet skryf.

Ek praat nooit van die huis waar ek vandaan kom nie. Want ek kom van die dorpe in Suid-Afrika waar universiteit toe gaan 'n luuksheid is, slegs beskore vir enkelinge wat jy nooit weer sien nie. Ek kom van 'n plek waar die brandewyn goedkoop is en die opsies min. Waar die lug gevul is met skeptisisme. Waar daar in televisiekamers gebrom word oor politiek, die rugby en die prys van lewenskostes, maar waar daar nooit iets daaromtrent gedoen word nie. Net gebrom word. En ek is weg van daai plek, die waansin in, op soek na sekuriteit en hoop. Nie net vir myself nie, maar ook vir my mense.

Maar die mense in die bosse het vir my gewag en messe in my gorrel gesteek. En ek het die wond probeer seël met yster wat ek warm gemaak het in die vuur. Maar ek kon nie die bloeding heeltemal stop nie. En om eerlik te wees, ek wou ook nie. Want ek moes bloei, want dit is die enigste manier om myself te reinig.

En nou kan ek die bloed verkoop.

Want ek skryf nie uit 'n ivoortoring nie. Ek is die man op die straat. Ek is in die partytjie, tussen die mense. Ek drink die drinks. Ek soen die meisies. Ek is die modebewustes van Kaapstad. Ek is die bierpense van die suburbs. Ek is die boere in klein dorpies. Ek is die mall-gangers in Gauteng wat agter geëlektrifiseerde heinings slaap. Ek is almal wat Afrikaans praat. Ek is hul stemme wat roep in die nag.

Ek kort iemand om my vas te hou terwyl ek skryf, want die angs en die inspanning is te veel. Want die woorde ruk uit en ek kan hulle nie stop nie. Die een sin vloei in en oor na die ander, soos bergstrome wat versamel tot 'n kragtige vloed wat alles saamvat en meesleur. En ons skip is stadig maar seker besig om te sink. En dit maak ons onseker en paniekbevange. Soveel so dat ons nie helder kan dink nie. En al wat ons kort, is 'n gelykenis om ons weer bewus te maak.

Want dit is winter en dit is koud in Kaapstad. En my lyf voel swaar en seer. Asof iets dit verswak. En ek is moeg, maar ek kan nie slaap nie. Ek is uitgeput van nie kan slaap nie. My maag brand. Ek drink pille om my deur die dag te kry. Ek is honger, maar kan nie eet nie. Ek wil hardloop en gil en skree en lag en saam met die bohémiens kuier. Ek wil van brood en wyn leef en melk en heuning. Maar ek kan nie. Want ek weet nie hoe lank ons nog hier gaan wees nie. En ons tyd is min.

Want al wat ek het is dit – hierdie notaboek – as bewys dat ek bestaan het in hierdie tyd en ruimte in die heelal. Sela.

28.

Hy word wakker en die oggend is bruin om hom. En later spoel die dag agter die koppe uit. Eers 'n see van sjampanje en pienk en later rooi en oranje en geel. Dan blou. Die lug is stil en hy herleef die ongeluk. Maar dié keer stadiger. In die fynste besonderhede. Hy sien weer die bok. Of was dit 'n kwagga? Hy voel weer die ruk van die stuurwiel. En hoe alles dan momenteel, gesuspendeer, hang tussen hemel en aarde. Hy voel weer die klap van die veiligheidsgordel teen sy arm. En sien die grond na sy gesig jaag. En hy wil keer, maar hy kan nie. Want die voertuig is nou bo-op om. Hy voel die ruk. En hoor die breek. En daar is niks wat hy kan doen nie. En sy gesig klap teen die grond. En alles ruk dood. En later hoor hy 'n fiets uit die verte naderkom.

"Hoekom moes dit gebeur?" vra hy haar, nie seker of sy al wakker is nie.

"Hoekom het wat gebeur?"

"Die ongeluk." En hy draai sy kop na haar. "Ek probeer so hard om anderkant uit te kom. Anderkant die sukkel en die gejaag. Ek klou verbete vas aan die hoop dat dit binnekort gaan beter wees. Dat als binnekort gaan rustiger wees. Maar dit doen nie. En nou het ek met my kar my eie rug gebreek. Dalk sou dit beter gewees het as ek net reguit aangehou het en die bok doodgery het, as 'n sondoffer. Daar sou vir seker meer bloed gewees het. Maar nou lê ek hier, in sy plek, en hou vas aan my laaste asem."

En vir 'n tydjie is sy stil, want sy weet nie wat om daarop te sê nie. En later vra sy hom: "Is jy spyt?"

"Waaroor?"

"Oor dit als? Oor enige iets?"

"Ek dink nie ek kan spyt wees nie. Want ek dink nie ek kon enige iets anders gedoen het nie. Ek het alles gedoen wat ek kon. En ek dink alles wat gebeur het, het gebeur, want dit moes so gebeur. Al is dit dalk nie wat ek wou gehad het nie, bly dit dit wat gebeur het. En nou lê ek hier. En ek wonder net hoekom?"

Sy skuif regop uit die kombes. "Dalk sodat jy my kon ontmoet." Sy sien die notaboek langs haar en tel dit op. "Dalk sodat jy my kan leer om te skryf soos jy?"

Hy glimlag. "Jy is die grootste optimis wat ek nog ontmoet het."

"Kom, ek maak vir ons ontbyt en daarna wys jy vir my hoe jy dit doen." En sy staan op begin vir hulle ontbyt maak met van die laaste kos wat sy kan vind.

Na hulle geëet het, kom sit sy kruisbeen langs hom en vou die boekie oop op die eerste skoon blad. Sy sit met die pen in haar hand, reg om te begin skryf.

"Ek is gereed. Kan ek sommer net begin skryf?" Sy kyk na hom.

"Jy kan probeer."

Vir 'n wyle lyk dit of sy wil begin. Dan byt sy die agterkant van die pen en kyk om haar rond op soek na inspirasie. "Hoe werk dit? Ek weet nie waarom om te skryf nie. Hoe skryf jy?"

"Ek skryf nie. Ek bedoel, ek gaan sit nie net en begin skryf nie. Ek maak my oë toe en hou hulle toe tot dit kom. En dan vloei dit uit."

Sy maak haar oë toe.

Na 'n tydjie sê sy: "Ek sien niks nie."

"Hou jou oë toe. Wees geduldig."

Sy hou haar oë toe. Vir 'n ruk lank bly sy net so sit. Sy skud haar kop.

"Hou jou oë toe. Nou haal diep asem."

Sy asem in. En stadig weer uit.

"Kan jy dit sien?"

"Wat sien?"

"Ons is op 'n eiland. En dit is laatskemer. En vrugtevlermuise vlieg bo-oor ons verby en maak skaduwees oor ons. En die palms sing in die aandwind. Kan jy hulle hoor?"

En sy knik, maar hy kan nie sien nie, want sy oë is ook toe.

En hy gaan voort. "En die maan weerkaats helder oor die see. Dit glinster in die kabbel van die deininge. En hier is geen ou geskiedenis nie. Geen skatte begrawe nie. Dis net groen eilande in die son met klein, wit sandbaaitjies waarin jy kan wegkruip en vergeet. En dis aand en dit is net ek en jy en soms die klots van water voor ons voete of die breek van branders agter op die riewe. En hier soek ons niks nie. Want môreoggend wanneer ons wakker word, is dit steeds hier. Want dit is altyd warm hier. Altyd somer hier. En die muskiete eet ons soos ons hier sit en skryf en asemhaal en gebyt word. En dit is net ons hier. En hier kan ons buite slaap. Want dit is warm en veilig. En binne, in ons huis van palms agter ons, is dit koeler. En dit is mooi hier, maar dit is niks nie. Iewers was daar iets, maar hier is niks nou nie. Miskien net die eilande om op weg te kruip en te vergeet."

En hy hou op praat, maar sy oë bly toe.

En dan begin sy praat en sy sê: "Maar hier is iets. Hier is ons twee. En ons huis van palms. En die maan wat weerkaats op die water. En dit is mooi. En dit is al wat dit hoef te wees."

En vir lank bly hulle so. En later het die wind opgekom en gebly tot in die agtermiddag.

29.

En hy het weer gevra: "Wat doen jy?"

Sy het opgespring en gesê: "Nee, niks nie." En weggestap van die rekenaar na hom toe. En toe aan sy gesig gevat en gesê: "Dis nog vroeg. Slaap nog."

Maar hy kon iets eenaardig aan haar houding voel en het uit die bed geklim en na die rekenaar gegaan. Maar daar was niks vreemds wat hy onmiddellik kon raaksien nie.

Sy het vir hom gevra: "Soek jy koffie?" En steeds was die eenaardigheid in haar toon.

En toe is daar die klank van 'n e-pos wat uitgestuur word.

En hy klik op sy e-posse en toe op sy sent folder. En hy sien dit is 'n e-pos aan Chris. Aangeheg is hul voorlegging.

En dan kyk hy na haar en al wat hy sê is: "Wat de fok?"

Sy skud net haar kop en tree terug na die deur.

"Wat de fok!" gil hy.

Sy draai om om te hardloop na die deur. Maar hy is reeds by haar. En hy gryp haar arm vas en druk haar grond toe.

"Jy maak my seer."

"Wat de fok gaan hier aan?"

Sy worstel om uit sy greep te kom, maar hy druk haar vas.

"Jy verstaan nie."

"Wat verstaan ek nie?"

"Christian Bester is my pa."

Dit kom soos 'n vuishou uit die donker en hy steier terug.

"Ek verstaan nie."

Sy staan op en haar oë is glaserig. "Hulle het nie gesê dat dit so moeilik gaan wees nie. Weet jy hoeveel nagte moes ek langs die pad wag voordat jy my eers raakgesien het? Ek het elke dag vir jou gewag. In die fokken reën."

"Waarvan praat jy?"

"Jy het tog nie regtig gedink hulle sal alles vir jou gee nie?"

"Maar ons het dan 'n kontrak geteken."

"Daardie kontrak beteken niks nie. Jy het dan nie eens 'n kopie nie."

En hy onthou hoe die assistent die kontrakte by hulle geneem het nadat hulle

dit geteken het.

"Hy het jou net getoets om te kyk of jy goed genoeg is om vir hom te kom werk. En, meer belangrik, om te kyk hoe ver hy sy mag oor jou kan uitoefen. Hy doen dit met almal."

"Christian het net twee seuns. Jy is nie sy dogter nie. Wie is jy?"

Sy lag. "My ma was ook 'n kunstenaar. Net soos jy. Net so naïef."

"Hoekom stuur jy ons voorlegging aan Chris. Wat is hy van jou?"

Sy skud net haar kop en lag. "Luka, het jy nie besef nie? Hulle almal werk saam. Hulle almal het jou gespeel. En jy het daarvoor geval. Hulle is almal kop in een mus, my pa, Chris, James van Ogilvy, Frans van FCB. My pa is al vir jare lank huisvriende met hulle almal."

Luka gaan sit. "Maar hoekom?"

"Want dis wat hulle doen. Hulle sweep jou op en dan fok hulle jou oor." Sy gaan sit ook. "Chris se pa was destyds my pa se kamermaat toe hulle saam in die koshuis was op Stellenbosch. Hulle is almal old boys, en dis wat hulle doen. Hoe dink jy het my pa so baie geld gemaak? Hulle staan saam en kry dan die beste mense om onder hulle te werk en vir hulle geld te maak."

"En die brief?"

"Watse brief? Daar was nooit 'n brief nie. Dit was als net 'n toets."

Hy kyk met wantroue na haar.

"Hulle almal berei al vir Chris van hoërskool af voor. Hulle gaan saam 'n nuwe super-agentskap begin wat BBDO, FCB, Ogilvy, die hele lot internasionale maatskappye, aanvat. Eers hier in Suid-Afrika en dan wil hulle opbeweeg in Afrika."

"Chris is dan by BBDO?"

"Presies. Vir die laaste vyftien jaar het hy ál die ins and outs van BBDO se besigheid leer ken. Maar hy breek aan die einde van volgende maand weg met 'n klomp van hul kliënte. Hulle het klaar kantore en als. En met die geld wat my pa-hulle in hierdie ding stoot, kan dit net 'n sukses wees."

"Wat?" Luka probeer als verwerk. "Maar hoekom het hulle my deur dit als gesit?"

"Want hulle wou toets of jy man genoeg is om deel te word van hulle. Mens stel tog nie sommer net enige iemand aan as die nuwe creative director van die grootste agentskap in Afrika nie."

Hy kyk na haar. Maar weet nie wat om te sê nie.

Sy glimlag. "Maar ek vertel te veel. Kom ek maak vir jou koffie. Die ander wag klaar op die plaas in Jonkershoek vir jou."

Luka bestuur, maar sy oë is bot voor hom. Hy dink terug aan die dag toe hy die eerste keer vir Christian Bester in die raadskamer van die herehuis ontmoet het. Hoe hulle almal selfvoldaan vir hom geglimlag het, asof hulle iets weet wat hy nie weet nie. Hy het dit afgemaak as arrogansie, maar nou maak al die grimlagte sin. En sy kneukels span wit om die stuurwiel.

Hulle draai in by die gegote ysterhekke en ry verby die wingerde. Saam stap hulle deur die eikehoutdeure, verby die Pierneefs en leerbanke, tot in Christian Bester se persoonlike suite. Binne sit hy, Chris, Frans en James op enkelgemakstoele en lag. Tussen hulle is 'n pot koffie op die tafel en hul rook sigare. Hulle lag toe hy die vertrek binnestap en staan op toe hulle sien hoe ernstig sy gesig is.

"So vroeg al?" Sy gee haar pa 'n soen op die wang en vat die sigaar by hom en druk dit dood in die asbak voordat sy uitstap.

"Ons vier maar net, my kind," sê Christian en knipoog vir Luka. "Ek sien jy het al my dogter ontmoet."

Luka knik nie.

"Sit sit."

Luka gaan sit op die enkelgemakstoel oorkant hulle. Hy kyk na Christian, dan na die ander drie. Maar hy sê niks nie.

"En dié?" Christian kyk na Chris. "Ek het gedink hy sal blyer wees om ons te sien."

"Ek het dalk bietjie te rof met hom gespeel."

Luka smeul.

Christian vat 'n sluk van sy koffie. "Jy kan maar kwaad wees, maar ten minste het jy geleer mens moenie so maklik mislei word deur 'n glinster in die grond nie. Die diamante lê baie dieper, ou maat."

Luka staan op om uit te stap.

"Dis nie nodig om só te wees. Kom sit weer." Christian staan op en wys vir Luka hy moet weer kom sit. "Ons het jou getoets en jy het met vlieënde vaandels geslaag. Ons dink jy gaan ongelooflike werk vir ons doen."

Luka gaan sit. "Julle het my bedrieg. Besef julle dit?"

"Ons is baie bewus van wat ons gedoen het. Maar ons het dit als gedoen met 'n baie spesifieke doel." Chris druk sy sigaar dood. "Ek is klaar deur julle voorlegging wat ek vanoggend gekry het. Die begraafplaas van Afrikaans in die Karoo-landskap . . . dis uitstekend. Dit het my geroer. Ek weet nie hoe jy dit doen of waar jy met die idees opkom nie, maar dit is regtig ongelooflik. Ek het jou talent al destyds gespot toe jy by BBDO begin het. As jy nie bedank het nie, het ons jou dalk nie eens deur hierdie toets gesit nie."

"Ons moes hom eers toets. Seker maak hy breek nie onder die druk nie," lag Frans.

Christian gaan sit. Hy kyk Luka in die oë. "Ons wil jou die hoof van alle skeppende werk maak by die nuwe agentskap wat ons stig. Ons wil jou 'n vennoot maak, want ons benodig daardie insig en kreatiwiteit wat jy na die tafel toe bring."

Luka staar in stilte na hom. Sy oë steeds smeulend.

"Ek wou jou nog vra," Christian se blik ontspan. Hy tel sy koppie op en vat 'n sluk van sy koffie. "hoekom het jy besluit op die naam *Die Ambassadeur* vir jou agentskap?"

Luka kyk hom vraend aan, asof hy wil sê: Waar kom dít nou vandaan? "Ek weet nie. Ek het gedink ons sal ambassadeurs kan wees vir ons taal, deur hoe ons goed doen."

Christian knik. "Dis eerbaar. Ons het gedink, dalk kan ons dit die naam van die nuwe agentskap maak?" Hy kyk na Frans.

"Ek hou baie daarvan."

James knik ook. "Die span van Ogilvy wat ek saam met die Volkswagen account oorbring sê hulle hou ook baie van die naam."

Luka gaap hulle aan. Hy kan nie glo wat voor hom afspeel nie. "Ek moet gaan." En hy staan op.

Christian staan op.

"Ons besef dis baie om op een slag te verwerk, maar vat jou tyd. Ontspan die naweek, dan gesels ons Maandag oor die besonderhede." Christian steek sy hand uit na Luka. "Welkom by die span."

Luka skud sy hand, maar hy weet nie eens wat hy doen nie. Sy kop is deurmekaar en hy voel lighoofdig. Hy skud die ander drie se hande ook en draai om en stap uit.

In die voorportaal is die meisie besig om met Christian se assistent te gesels. Die assistent sien hom aangestap kom. "Baie geluk, meneer van Jaarsveld."

Luka kyk nie eens vir haar nie, stap net na die deur.

Die meisie kom agter hom aangehardloop. "Kan ek saam met jou terugry stad toe."

"Doen wat jy wil."

Hulle klim in die kar en Luka trek weg met 'n spoed.

"Hoekom het jy dit gedoen?"

Sy kyk na hom en kan sien hy is kwaad. "Want hy is my pa."

"En wat kry jy hieruit?"

"Niks nie. Net sy liefde."

"Jy bedoel hy gee vir jou geld."

"Dis onregverdig."

"Ek weet hoe lyk jou woonstel. Jy's sy weggooikind. En nou probeer jy met gunste jou pad terug in sy hart en beursie wen."

"Fok jou. Ek kies om so te bly."

"Soos 'n bergie?"

"Ag, wat maak dit tog saak ek probeer eens myself verduidelik. Jy sal in elk geval nie verstaan nie."

"Maar hoekom het jy saam met hulle my gespeel?"

"Want hulle is ou manne. Hulle is leeggetap deur die jare. Hulle het niks meer in hulle oor nie. Hulle kort jónú."

"Maar hulle het al die geld in die wêreld. Hulle kan alles koop wat hulle wil hê?"

"Maar hulle kort jou kuns en kreatiwiteit. Ék kort dit."

Hy kyk vraend na haar.

"My ma mag dalk 'n kunstenaar gewees het, maar ek kom van 'n plek van geld. Maak nie saak hoe hard ek probeer nie, ek sal nooit kuns kan maak nie. Want daar is altyd 'n fallback vir my. Ek sal nooit arm kan wees nie. Nooit weet hoe dit werklik voel om te struggle nie. En daarom kan ek nie kuns maak nie. Want ek het niks om voor te veg nie."

"Waarvan praat jy?"

"Ek het gesê jy sal nie verstaan nie."

Luka kyk voor hom uit op die pad. "En om te dink ek het geglo hierdie kan als verander."

"Maar dit het."

"Ek dink nie jy besef nie. Ek het fokkol. My ouers het fokkol. My ma moet oor 'n paar jaar aftree en wat dan? Dan verval ons net in armoede, soos die res? En die ergste van alles is, ek kan my eie land nie eens in die oë kyk nie. Want ek is ten minste 'n geleentheid gegee. Ek begin my eie besigheid, ek werk hard, ek werk my gat af. Besef jy hoe hard ek moet werk om net iéwers te kom. En dan kom julle mense en fok dit als net op."

Hulle nader die vulstasie langs die hoofweg. Luka stop die kar. "Fok jou. Fok die brief. Fok alles. Ek is klaar met hierdie fokken kak. Klim uit my fokken kar uit."

Hy leun oor en maak die deur oop. Karre raas verby op die hoofweg.

Die meisie lyk verbysterd. Sy beweeg nie.

"Klim uit! Klim uit my fokken kar uit! Nou dadelik!" Te geskok om eens teen te stry, alle bravade daarmee heen, klim sy uit die kar uit. Sy hou haar handsak voor haar vas. Sy bewe. Hy klap die deur toe en trek weg. Sy bly alleen langs die hoofweg staan, soos hy haar gevind het. Maar dié keer reën dit nie.

Sy selfoon lui. Hy kyk in sy truspieël. Dis sy wat bel. Hy sit sy foon op silent en jaag die stad in.

30.

Iewers in die agtermiddag skrik Luka wakker op die vloer van sy woonstel. Sy gesig is klam en sy kop 'n gevangenekamp, vol deurmekaar herinneringe van als wat gebeur het. Sy foon is vol missed calls. Hy ignoreer dit en staan op. Sy mond is droog. Sy gesig hang. Hy draai die bad se kraan oop en val in. Water spoel oor hom en klim op tot by sy nek. Hy kyk na sy liggaam wat vervorm onder die water voor hom lê. Dit is net vleis en vel op skelet. *Dit is al wat ons is, dink hy, vleis en vel en been.* Hy sak weg onder die water en bly daar vir sekondes, minute, dae. *Ons het so afhanklik geraak van die liggame wat ons bewoon,* dink hy onderwater terwyl sy longe ruk na lug. Maar hy bly onder. Sy oë skiet oop. Hy sien iets teen die muur. Hy kom op uit die water. En dan sien hy haar, die meisie van in die reën langs die pad, gekruisig teen die badkamermuur. Maar haar liggaam is obskuur in die halflig. Dit het begin disintegreer en al wat oor is, is 'n skadu-herinnering, 'n gruwelportret van haar eens gladde lyf. Sy liggaam ruk. En hy begin opgooi. Die kots spuit uit hom uit, soos 'n sluis wat oopgedraai word. Oor hom in die bad, oor die vloer, oor die meubels en op teen die mure, in opwaartse watervalle kots.

Hy trek die prop uit en laat die vuil water uitloop en vat dan die storkop en spoel homself en die mure en vloer af. Tot als skoon is. Hy gaan trek aan en begin klere in 'n sak gooi. Daarna maak hy die yskas en kombuiskaste oop en gooi kos en eetgerei en goed in sakke en 'n koelhouer. Toe hy klaar gepak is, stap hy uit en trek die deur agter hom toe met die son wat laag op die horison hang. Hy slinger alles agter in sy Jeep en slaan die deur toe. *Ek móét uit die stad voor dit heeltemal donker is. Voor dit my opvreet.*

Hy jaag uit die stad, oor rooi ligte, na die hoofweg. By die laaste robot is hy te laat en moet hy stop. Die stad krap aan sy ruite met bakhande. Die lig slaan oor. Sy voet sak weg op die petrolpedaal, oë stom vir dit om hom. Hy klim op die hoofweg. Die stad hyg in die truspieël. Honderd. Honderd-en-twintig. Honderd-en-veertig. Honderd-en-vyftig. Hy skiet verby die Tygervallei-afdraai. Die pad lyk of dit wil oopmaak, maar oor die volgende bult stop alles dood voor hom. Brieke skree. Bande gly. Hy stop dood. Motors staan in rooi strepe tot op die horison. Agter hom is die son al weg. Hy sit sy flikkerlig aan en skuur verby luierende enjins. Binne sit passasiers gehipnotiseer. Hy sit die ratte oor na vier-by-vier en ry oor die geel streep en deur die bosse verby die strepe en strepe karre vol dooies. Met die eerste afdraai, skiet hy links

op by 'n brug wat bo-oor die hoofweg boog. Hy is op 'n agterpad. Die karre dun uit en die pad sluk hom in en spoeg hom anderkant uit in die donker platteland. Hy maak sy vensters oop. Vars lug spoel in saam met die aand. Die wiele trek die teer en die hemel maak bo hom oop. En dit is net hy en die stil donker platteland en sy ligte wat deur die nag sny.

Anderkant 'n leë dorp draai hy af op 'n verlate grondpad. Met die teerpad uit sig, stop hy en skakel die enjin af. Hy klim uit en gaan pie teen 'n hangende houtpaal van 'n stukkende grensdraad. Die Karoolandskap om hom is plat met berge in die verte. Dis stil, behalwe vir sy pie wat teen sy bene spat en 'n poel in die stof voor hom vorm. Hy maak sy ritssluiters toe en haal 'n kombers en kussing agter uit die motor. Hy klim op by die bull bar en oor die enjinkap wat nou reeds koud is, tot op die dak. Hy gooi die kombers oop en sit die kussing onder sy kop in. Bo hom is 'n see van sterre.

Die volgende oggend kruip die dag agter die berg uit soos 'n dier uit 'n kloof. Luka lê opgekrul in die kombers op die dak van die Jeep. Die lug is grys en koel. Hy skuif regop. Die son kruip nader oor die vlakte en brand die laaste van die nag weg. Hy asem die helder strale in, maar die stad hang nog in sy lyf; donker en smerig.

Hy trap petrol en trek weg van die grondpad af, terug na die teer, en skiet dieper die binneland in.

'n Ent voor Vioolsdrif is daar padwerke en word hy gedwing om te stop by 'n bord waarop staan: Ver wag om ten minste 30 minute te wag. Hy skakel die enjin af en klim uit. Daar is geen ander motors op die pad nie, net 'n wit bakkie wat eenkant onder 'n boom staan.

“Die pad lyk stil. Hoe lank dink jy sal ek moet wag?” vra hy die vrou wat langs die stop/ry-teken staan.

“Ten minste nog 'n halfuur, meneer, hulle het nog nie die gates toegemaak aan die ander kant nie.”

Hy knik en staan hande in die sakke en bespied die landskap om hom. Dan stap hy oor na die wit bakkie onder die boom. Agter die stuurwiel sit 'n middeljarige man met 'n drie dae oue stoppelbaard. Voor hom is 'n kaart oopgevou. Hy kyk op toe hy Luka se voetstaptes hoor nader kraak oor die los gruis.

“Is daar 'n probleem?” vra die man.

“Glad nie. Ek wag net totdat ek weer kan verder ry.”

“Dis maar ’n lang wag. Hulle wil mos hê ons moet alles gelyktydig teer.”

“So, jy bou die pad hier?”

"Ja, ek is een van daai donners." Hy lag. "Ons padbouers is almal dieselfde."

"Ten minste hoef jy nie heeldag voor ’n rekenaar te sit nie."

“Ja, daar is seker erger dinge. Koffie?” Hy hou ’n ou koffiefles en ’n blikbeker uit na Luka. "Jy kan maar vat. Jy gaan ten minste nog ’n halfuur wag. Hier is nou net ’n spul karre deur."

Luka knik en vat die fles by die man. "Dankie."

Hy skroef die metaalkop af en skink vir hom koffie.

“Daar is klaar suiker in,” sê die man en vat die fles by Luka en vul weer sy eie beker.

"Dankie."

"Wat bring jou al die pad hier uit op jou eie?"

"Ek't sommer net besluit om 'n ent te gaan ry."

Die man kyk na Luka se motor. "Al die pad van die Kaap af?"

Luka lig net sy skouers.

Die man frons en vat ’n sluk van sy koffie en staar die verte in. Dan sê hy: "Ons werk nou al vir amper ’n jaar aan die stuk pad. Agt van ons ouens, al die voormanne, bly almal saam in een huis. Deel twee-twee kamers en daar is net een stort." Die man grinnik. "Dis maar ’n vuil storie. Soms voel dit of ek ook sommer net die pad wil vat. Dis net jammer ek moet hom bou."

Luka vat nog ’n sluk van sy koffie. “Dink jy ooit daaraan om iets anders te doen?”

“Ek het al daarvoor gedink. Maar ek kan myself nie ’n ander lewe indink nie. Ek is ’n padbouer. Dis wie ek is. Dis wat ek doen. Dis al wat ek ken."

Luka knik.

Die man vat ’n laaste sluk van sy koffie en gooi die laaste bietjie die veld in.

“Jy weet, daar is vir my niks so bevredigend, soos wanneer jy daardie laaste paar meters van ’n pad klaar teer nie. Daai gevoel dat dit klaar is. Dat dit mense bymekaar gaan bring."

’n Fluit van die vrou by die stop/ry-teken onderbreek hul gesprek. Sy het ’n walkie-talkie in haar hand en beduie dat hy kan ry. Luka sluk vinnig die laaste bietjie koffie af.

“Dankie vir die koffie. Sterkte met jou pad.”

“Plesier, ou maat. Maak maar weer ’n draai hier op pad terug, wanneer jy klaar jou ent gery het.”

“Sal so maak.” En hy gee die blikbeker terug vir die man.

Luka klim in die kar, draai die sleutel en ry aan.

In die truspieël sien hy die padbouer langs sy bakkie staan met die kaart in sy hand. En vir 'n oomblik dink hy hy moet terugdraai en vir aanwysings vra. *Maar na waarheen?* dink hy en trap die petrol dieper.

31.

En hy skiet uit kamers, uit geboue, uit die stad, die oopte van die binneland in. En hy maak die kar se venster oop en roep: "Binneland, blaas jou suurstof in my longe in. Laat my bors bult van jou stekelgras en los grys polle. Vul my met jou klip en grond en stof. En lê my neer en laat my liggaam hier vergaan."

En toe hardloop die bok voor hom in.

Niks is toevallig nie. Alles wat gebeur het, is beplan, al kon hy dit nie self beplan het nie. Alles wat is en wat was en wat moes gebeur, het gebeur en sal gebeur. En dit is in en om en deel van hom. Die grondpad. Die warm wintersdag met die son wat skyn. Die bok. En hy hier in die lug iewers tussen godsverlate en die heelal. Dit als is geörkestreer.

En ek het gedroom ek is 'n busdrywer. En ons ry op soek na Dar-es-Salaam, want van daar kan ons 'n boot haal na 'n tropiese eiland. Maar die bus is lomp en moeilik om deur die nou strate te navigeer. En ons kom uit by Milnerton en vir 'n oomblik dink ons dit is Dar-es-Salaam. Want voor ons by die rotse in die see is 'n klein seilbootjie. En ons ry af by die trappe tot op die sand. Maar voor ons uitklim sien ons die hoogwaterbranders inkom en die seilboot heen en weer kap. En dit wieg en kraak en breek oor die rotse. En ons probeer van die strand af wegkom, terug na waar ons begin het, sodat ons kan ry na die regte Dar-es-Salaam. Maar ons sit vas in die sand en die bus is te swaar om by die trappe op te dra.

32.

Later het hy haar vertel van die pad en van sy verlede en van die stad waar hy vandaan kom. Sy het dit als neergeskryf in sy notaboek. Hy het geweet die einde is naby en het die pin-kode van sy selfoon vir haar gegee, vir as hulle dit eendag kan laai. Sy het hom gevra of sy ouers weet waar hy is. Hy het net sy kop geskud. En sy kon sien hy was emosioneel en sy het sy hand gevat. Maar hy kon dit nie voel nie.

Vir die res van die middag het hulle net so in stilte bly sit en net nou en dan gepraat of geluister na die insekte of die stilte. En iewers later kon hy dit voel nader kom, die dood wat in sy bene kom rus en al met sy rug op beweeg. Hy het nie veel gevoel nie, net dat dit kouer begin raak. Sy het die kombers oor sy rug gegooi om hom te probeer warm hou, maar hy het gevra dat sy liewers gaan, want hy wou nie dat sy dit sien nie.

En later het hulle nie meer gepraat nie en hy het net daar gelê en sy het by hom bly sit en in die agtermiddag is hy dood. En vir die res van die dag en die hele nag het sy langs hom bly lê totdat sy lyf koud geraak het en hy sy reuk verloor het.

Sy het hom toegepak met klippe, sodat die diere hom nie kan kry nie. En sy het die notaboek opgetel en op die omslag geskryf: *Die Advertensie*. Maar sy het nie geweet hoekom nie. Sy het dit net gevoel. En sy het die notaboek saam met hom onder die klippe begrawe. Toe tel sy haar fiets op en gaan huis toe. En die pad terug was stil en net eenkeer het sy gestop om te huil.